

135/88

LL

Saak No 141/1985

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

In die saak tussen:

J.D. VAN NIEKERK & GENOTE INGELYF

Appellant

en

DIE ADMINISTRATEUR VAN TRANSVAAL

Respondent

CORAM:

BOTHA, HEFER et STEYN ARR

VERHOORDATUM:

15, 16 EN 17 AUGUSTUS 1988

LEWERINGSDATUM:

30 SEPTEMBER 1988

---

UITSPRAAK

---

BOTHA AR:-

BOTHA AR:-

Die appellant is 'n firma wat met regs persoonlikheid bekleed is en wat praktiseer as elektrotegniese raadgewende ingenieurs. In Maart 1982 het die appellant, as eiser, in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling 'n geding aanhangig gemaak teen die Wes-Randse Administrasieraad, as verweerder. Destyds was die verweerder 'n statutêre liggaam met regspersoonlikheid wat ingestel was en gefunksioneer het ingevolge die bepalinge van Wet 45 van 1971. Met die aanvang van die verhoor in die Hof a quo voor VAN DIJKHORST R, op 30 April 1984, het dit geblyk dat die Wes-Randse Administrasieraad intussen, ingevolge die bepalinge van artikel 3 van Wet 4 van 1984, vervang was deur 'n nuwe statutêre liggaam met regspersoonlikheid, naamlik die Wes-Randse Ontwikkelingsraad. Die vervanging het nie enige praktiese uitwerking gehad op die beregting van die geskilpunte in die saak nie; al wat nodig was, was om die naam van die verweerder in die pleitstukke te

verander.     'n Aansoek om die wysiging van die pleitstukke in hierdie voege is deur VAN DIJKHORST R toegestaan en die verhoor het op daardie grondslag voortgegaan. Na die afloop daarvan, op 25 Maart 1985, het VAN DIJKHORST R uitspraak gelewer en vonnis ten gunste van die appellant teen die verweerder toegestaan ten bedrae van R74 237,93; hy het ook sekere bevele uitgereik ten aansien van die betaling van rente en koste, waarna daar later verwys sal word.     Albei partye was ontevrede met die resultaat.     Namens beide van hulle is 'n aansoek tot die Verhoorregter gerig om verlof om na hierdie Hof in hoër beroep te kom.     Die Verhoorregter het aan die appellant verlof verleen om na hierdie Hof te appelleer en aan die verweerder verlof toegestaan om 'n teenappèl in te stel.     Die appèl en die teenappèl is behoorlik voortgesit, maar voordat 'n verhoordatum daarvoor toegeken is, is die voortbestaan van die verweerder deur wetgewing beëindig.     Die bepalinge van Wet 75 van 1986 en 'n kennisgewing wat ingevolge artikel

3 (2) daarvan in die Staatskoerant gepubliseer is, het tot gevolg gehad dat die Wes-Randse Ontwikkelingsraad afgeskaf is en dat al sy bates, laste, regte en verpligtinge oorgedra is aan en gevestig het in die Administrateur van Transvaal. Vanweë hierdie gebeure het die appellant 'n aansoek teen die Administrateur van stapel gestuur, waarvolgens daar by die verhoor van die appèl en die teenappèl 'n bevel van hierdie Hof aangevra sou word om die Administrateur in die plek te stel van die Wes-Randse Ontwikkelingsraad, as die respondent in die appèl en die appellant in die teenappèl. Die aansoek is in Maart vanjaar behoorlik op die Administrateur bestel. Toe die saak op 15 Augustus 1988 in hierdie Hof voorgekom het, het mnr Burger die Hof meegedeel dat hy namens die Administrateur optree en dat hy in besit is van 'n volmag wat hom aldus magtig. Mnr Muller, namens die appellant, het die Hof versoek om die aansoek teen die Administrateur toe te staan en mnr Burger het die Hof meegedeel dat die aansoek nie bestry word

nie. Gevolglik het die Hof toe 'n bevel uitgereik wat bepaal het dat die Wes-Randse Ontwikkelingsraad vervang word deur die Administrateur van Transvaal as die respondent in die appèl en die appellant in die teenappèl, en dat die koste verbonde aan die appellant se aansoek in hierdie verband koste in die appèl en die teenappèl sou wees. Daarna is die meriete van die saak beredeneer.

In wat hierna volg, sal ek verwys na die appellant as "die eiser", na beide die Wes-Randse Administrasieraad en die Wes-Randse Ontwikkelingsraad as "die verweerder", en na die Administrateur van Transvaal as "die respondent".

Die dispuut tussen die partye gaan in breë trekke oor die verweerder (nou die respondent) se aanspreeklikheid om aan die eiser vergoeding te betaal vir professionele dienste wat die eiser gedurende 1977 aan die verweerder gelewer het in verband met die destyds beoogde elektrifisering van die woongebied wat

bekend staan as Groter Soweto. Die elektrifiseringsprojek was van enorme omvang. Dit blyk onder meer uit die feit dat daar, om dit baie ruweg te stel, ongeveer 100 000 huise in die gebied was, waarvan slegs ongeveer 20 000 van elektrisiteit voorsien was, en uit die feit dat die eiser se beraming van die koste van die uitvoering van die projek, met inagneming van eskalاسie, n bedrag van R94 000 000 oorskry het.

Dit is gemeensaak dat die verweerder op 3 Junie 1977 aan die eiser n opdrag gegee het, wat op 6 Junie 1977 deur die eiser aanvaar is, om n volledige verslag aan die verweerder te lewer oor die tegniese aspekte van die elektrifisering van Soweto; dat daar op 28 Julie 1977, terwyl die eiser besig was om te werk aan die uitvoering van die opdrag, samesprekings plaasgevind het tussen mnr J D van Niekerk, die hoofbelanghebbende in die eiser, aan die een kant, en vier ampsdraers van die verweerder, mnre Mulder, Venter, Stander en Du Plessis, aan die ander kant,

waartydens daar ooreengekom is dat die eiser se opdrag verbreed word op so 'n wyse dat die verslag betrekking sou hê op die gebied van Groter Soweto, dat dit volledig moes wees en benewens tegniese aspekte besonderhede moes verstrek in verband met kostes, asook 'n program en metodes vir die uitvoering van die hele projek, ook met verwysing na die bedrading van huise, met deeglike inagneming van die koste-aspek; dat die eiser die opdrag volgens hierdie verbredingsooreenkoms uitgevoer het, deurdat Van Niekerk op 23 September 1977 aan die verweerder 'n lywige verslag gelewer het aangaande 'n skema vir die elektrifisering van Groter Soweto en huisbedrading, met gepaardgaande planne, tekeninge, tabelle, grafieke, berekenings van koste, en so meer; dat die eiser gedurende Oktober 1977 van die verweerder 'n opdrag ontvang het om 'n detail-ontwerp te doen en tender-dokumente op te stel ten opsigte van die bedrading van 46 huise van 'n tipe bekend as 51/9 huise in Pimville, Soweto; dat die eiser laasgenoemde opdrag

uitgevoer het deurdat Van Niekerk gedurende November 1977 die betrokke dokumente aan die verweerder gelewer het; en dat die eiser gedurende die laaste gedeelte van 1977 verskeie kleiner ad hoc opdragte van die verweerder ontvang het, bv in verband met die opstel van verslae, die bywoning van vergaderings, en so meer, wat die eiser behoorlik uitgevoer het.

Dit is ook gemeensaak dat die verweerder van owerheidswêë gefnuik is in sy voorneme om met die beplanning van die elektrifiseringsprojek voort te gaan en dit uit te voer. Deur wetgewing is 'n ander statutêre liggaam in die lewe geroep, naamlik die Swart Gemeenskapsraad van Soweto. Hierdie Gemeenskapsraad was gretig om self die elektrifisering van Groter Soweto aan te pak, en het daarin geslaag om sowel magtiging as goedkeuring van Staatswêë te verkry om dit te doen. Die gevolg was dat die verweerder se betrokkenheid by die projek tot 'n einde gekom het (behoudens die verskaffing van huisbedrading in 'n

latere stadium). In Verdere gevolg was dat die eiser se dienste in verband met die verdere beplanning, ontwikkeling en uitvoering van die projek ook beëindig is. Die rede daarvoor was dat die Gemeenskapsraad nie gebruik wou maak van die werk wat die eiser reeds gelewer het of van sy verdere dienste in verband met die voortsetting van die projek nie, maar verkies het om self 'n nuwe konsortium van ingenieurs aan te stel, genaamd Ecoplan, om van voor af met die beplanning van die projek te begin.

Van die talle geskilpunte tussen die partye is dit wenslik om op hierdie stadium drie van die belangrikste daarvan uit te sonder en net kortliks die strekking daarvan aan te stip.

Die eerste belangrike geskilpunt is of die verweerder gebonde was aan die verbredingsooreenkoms van 28 Julie 1977 waarna hierbo verwys is. Die eiser se saak was dat die verweerder met die aangaan van die ooreenkoms behoorlik verteenwoordig was deur die vier

ampsdraers wat hierbo genoem is, mnre Mulder, Venter, Stander en Du Plessis. Die bewerings in die eiser se pleitstukke in hierdie verband is aanvanklik in die verweerder se pleit erken, maar ongeveer 2 maande voor die aanvang van die verhoor in die Hof a quo het die verweerder aansoek gedoen om die erkenning terug te trek en sy pleit in dié opsig te wysig. Die aansoek is toegestaan. Volgens die pleit soos dit toe gewysig is, het die verweerder aangevoer dat die vier genoemde ampsdraers nie "regtens bevoeg" was om namens die verweerder die verbredingsooreenkoms aan te gaan nie, vanweë sekere bepalings van Wet 45 van 1971 en die regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is, waarna later verwys sal word. Die verweerder se saak was dat die genoemde persone nie behoorlik gemagtig was om die verweerder deur die ooreenkoms te verbind nie, omdat daar nie aan die voorgeskrewe prosedure vir sodanige magtiging voldoen was nie.

Die tweede belangrike geskilpunt, wat ter

sprake kom indien die eerste een teen die verweerder besleg sou word, het betrekking op die grondslag waarvolgens die eiser vergoed sou word vir die dienste wat ingevolge die verbredingsooreenkoms gelewer sou word. Die eiser se saak is dat dit 'n stilswyende bepaling van die ooreenkoms was dat sy vergoeding bereken sou word "volgens die standaardtariewe vir die verslag- en voorlopige ontwerpstadium en gedeeltelike funksies, soos uiteengesit in Vorm 1 van die Modelooreenkoms tussen kliënt en raadgewende ingenieur in verband met ingenieurswerk". Volgens hierdie dokument, waarna ek later weer sal verwys, beweer die eiser dat hy ten opsigte van sy verslag van 23 September 1977, hierbo genoem, geregtig geword het op 30% van die totale gelde wat aan hom verskuldig sou geword het indien sy dienste nie beëindig is nie en hy as ingenieur aangebly het om die detail-ontwerp van die projek te doen en toesig te hou oor die uitvoering daarvan. Die totale gelde sou wees 'n primêre bedrag

van R23 100 plus 5% van die waarde van die projek; laasgenoemde bedrag het die eiser in sy pleitstukke gestel op R84 860 000, synde die beraamde koste met inagneming van eskalasie tot Maart 1979. Volgens die eiser se berekenings het hy dus ten opsigte van die verslag van 12 September 1977 geregtig geword op vergoeding ten bedrae van R1 279 830. Die verweerder het ontken dat die verbredingsooreenkoms die stilswyende bepaling bevat het wat deur die eiser aangevoer word. Die verweerder se saak was dat die eiser slegs geregtig sou wees op vergoeding bereken op 'n tydsbasis, en dit beteken 'n tarief per uur van die tyd bestee aan die werk, bereken op 'n afsonderlike grondslag vir 'n direkteur of vennoot (soos Van Niekerk) en vir ander diensnemers van die eiser. Die verweerder se standpunt was, en dit is steeds die standpunt van die respondent, dat geen vergoeding op 'n tydsbasis egter aan die eiser toegeken kon of kan word nie, omdat die eiser se vordering nooit op so 'n basis

gegrond was nie.

Die derde belangrike geskilpunt het betrekking op die eiser se vergoeding vir die detail-ontwerp wat hy gedoen het van die huisbedrading van die 46 huise in Pimville, soos hierbo genoem. Die eiser se saak is dat sy opdrag ook weer onderhewig was aan 'n stilswyende bepaling dat hy vir hierdie werk vergoed sou word volgens die standaardtariewe vervat in Vorm 1 van die modelooreenkoms reeds vermeld. Hiervolgens, voer die eiser aan, is hy geregtig op 70% van die gelde wat uiteindelik by die voltooiing van hierdie gedeelte van die projek (die huisbedrading) aan hom betaalbaar sou gewees het. Die eiser se saak is verder dat sy opdrag was om die detail-ontwerp ten opsigte van die 46 huise te doen op so 'n wyse dat dit met geringe aanpassings toegepas sou kon word op al die huise in Groter Soweto wat nog nie bedraad was nie, en dat hy die opdrag aldus uitgevoer het. Op hierdie grondslag het die eiser sy vergoeding bereken met verwysing na die

koste van die huisbedradingsaspek van die projek ten opsigte van al die onbedrade huise in die gebied, maar met inagneming en aftrekking van die 30% vergoeding ten opsigte daarvan wat alreeds ingesluit is in die vergoeding vir die verslag van 23 September 1977. Op hierdie wyse het die eiser sy vergoeding vir hierdie werk gestel op R327 352,54. Daarteenoor was die verweerder se saak (en is die respondent sh) dat die opdrag geen stilswyende bepaling bevat het soos beweer deur die eiser nie, dat die eiser vir hierdie werk ook slegs geregtig sou wees op vergoeding op 'n tydsbasis, d w s 'n tarief per uur, en dat die eiser in die afwesigheid van 'n vordering op hierdie basis geen vergoeding vir hierdie werk kon of kan verhaal nie.

Die totale bedrag van die eiser se vordering teen die verweerder was R1 622 266,47. (Ek verwys nou na die eiser se hoofeis; daar was alternatiewe eise ook, waarna daar later verwys sal word.) Hierdie bedrag bestaan uit die twee bedrae wat reeds hierbo

genoem is, R1 279 830 en R327 352,54, tesame met twee verdere, kleiner bedrae, naamlik R13 210,40 en R1 873,53. Laasgenoemde twee bedrae kan dadelik en maklik uit die weg geruim word. Die bedrag van R13 210,40 is die vergoeding wat die eiser geëis het vir die uitvoering van die kleiner ad hoc opdragte ten opsigte van verslae, vergaderings, en so meer, soos vroeër gemeld, wat bereken is op 'n tydsbasis, en die bedrag van R1 873,53 verteenwoordig 'n eis ten opsigte van verhaalbare uitgawes en uitbetalings. Bykans teen die einde van die verhoor in die Hof a quo het die verweerder erken dat hy aanspreeklik is om hierdie twee bedrae, tesame R15 083,93, aan die eiser te betaal, met rente daarop a tempore morae. Dit is die enigste bedrae wat nie in geskil is nie. Dit kan verder buite beskouing gelaat word, tot heel aan die einde van hierdie uitspraak.

Met die verhoor in die Hof a quo is daar namens die eiser oor 'n tydperk van etlike weke

breedvoerige getuienis aan die Verhoorhof voorgelê oor al die geskilpunte in die saak, insluitende die drie belangrikes wat ek reeds aangestip het. Van Niekerk het dae lank in die getuiebank deurgebring, en het onder meer in groot besonderhede getuig oor die samesprekings en onderhandelings wat hy van tyd tot tyd gevoer het met mnre Mulder, Venter, Stander en Du Plessis van die verweerder. Verskeie deskundige getuies is geroep, wat onder meer vir die eiser gunstige menings uitgespreek het oor die aard, gehalte en omvang van sy verslag van 23 September 1977 en sy detail-ontwerp en tenderdokumente van die bedrading van die 46 Pimville-huise. Die verslag was bewysstuk D, en ek sal voortaan daarna verwys as die D-verslag; die huisbedradingsdokumente was vervat in bewysstuk H8, en ek sal daarna verwys as die H8-dokumente. Talle ander getuies het namens die eiser getuig, maar dit is onnodig om nou op daardie getuienis in te gaan. Daarbenewens is h geweldigse massa dokumentêre

bewysstukke aan die Verhoorhof voorgelê; dié wat in die appèl-oorkonde opgeneem is, beslaan 49 volumes.

Ek kom weldra terug op die bewysstukke.

Aan die einde van die eiser se saak is daar namens die verweerder aansoek gedoen om absolusie van die instansie. Die aansoek is van die hand gewys. Die verhoor is toe verdaag vir etlike maande. Net voor die hervatting daarvan is daar namens die verweerder aansoek gedoen om die wysiging van sy pleitstukke, in verskeie opsigte. Behalwe in een opsig, is die aansoek van die hand gewys, met koste. (n Gedeelte van die verweerder se teenappèl is gerig teen hierdie bevel van die Verhoorregter; ek sal dit later in hierdie uitspraak behandel.) Daarna is daar namens die verweerder die getuienis aangebied van ene Conradie, n deskundige, wat hoofsaaklik neerhalende menings uitgespreek het oor die gehalte en omvang van die D-verslag en die H8-dokumente. Nadat Conradie se getuienis afgehandel is, het die verweerder, sonder om

enige verdere getuies te roep, sy saak gesluit. Dit was 'n verrassing. Toe Van Niekerk getuig het, is daar met kruisondervraging aan hom gestel dat Mulder, Venter, Stander en Du Plessis sy getuienis in bepaalde opsigte sou weerspreek. Ten spyte van die beskikbaarheid van hierdie here om te getuig, is hulle nie geroep as getuies nie. Verskeie deskundige getuies wat die verweerder in die vooruitsig gestel het om te roep ten einde die menings van die eiser se deskundiges te weerspreek, is ook nie geroep nie.

In sy uitspraak het die Verhoorregter ten aansien van die drie geskilpunte wat ek hierbo aangestip het, tot die volgende bevindings geraak. Op die eerste punt is daar bevind dat die getuienis voor die Hof, in die afwesigheid van weersprekende getuienis van die verweerder se kant, die afleiding regverdig dat twee van die vier genoemde persone wel gemagtig was om namens die verweerder die verbredingsooreenkoms van 28 Julie 1977 aan te gaan; dat die getuienis nie 'n

voldoende grondslag gebied het vir h betoog dat daar nie-nakoming was van die prosedure-voorskrifte van die Wet (45 van 1971) en die regulasies nie; en dat die verweerder dus gebonde was aan die ooreenkoms. Op die tweede punt is daar bevind dat die eiser nie die stilswyende bepaling ten aansien van vergoeding waarop hy gesteun het, bewys het nie; dat die basis van vergoeding gesoek moes word in die bepalings van die reedsgenoemde Vorm 1 van die modelooreenkoms as sodanig; dat, volgens h behoorlike uitleg van daardie dokument, die eiser slegs geregtig was op vergoeding vir die D-verslag op h tydsbasis; dat h berekening op sodanige basis gedoen kon word op grondslag van getuienis wat namens die eiser voorgelê is, sonder dat die verweerder daardeur benadeel sou word; en dat die eiser se vergoeding, aldus bereken, h bedrag van R56 704,80 beloop het. Op die derde punt is daar bevind dat die eiser volgens Vorm 1 van die modelooreenkoms geregtig was op vergoeding vir die werk

in verband met die H8-dokumente, bereken op 'n persentasiegrondslag, maar nie ten opsigte van die koste van bedrading van al die onbedrade huise in die gebied nie; dat daar 'n toelating gemaak moes word vir die sogenaamde repetisiefaktor; dat die eiser nie bewys het wat die betrokke toelating behoort te wees nie; dat die eiser egter ten minste geregtig was op vergoeding vir hierdie werk, ook op 'n tydsbasis bereken; dat die verweerder nie deur 'n toekenning op so 'n basis benadeel sou word nie; en dat, volgens 'n berekening gebaseer op die beskikbare getuienis, en op die genoemde basis, die eiser onder hierdie hoof geregtig was op vergoeding ten bedrae van R2 449,20.

Die twee bedrae tot dusver genoem, tesame met die erkende bedrag van R15 083,93 wat vroeër vermeld is, loop uit op 'n totale bedrag van R74 237,93. Aan die einde van sy uitspraak het die Verhoorregter 'n bevel gemaak soos volg:

"Vonnis word gegee vir die eiser vir

R74 237,93 met rente daarop vanaf 1 Desember 1979 tot 7 Februarie 1985 teen 11% per jaar en vanaf 8 Februarie 1985 tot datum van betaling teen 20% per jaar."

Daarna is die koste van die saak beredeneer. Dit het toe geblyk dat die verweerder van tyd tot tyd sekere inbetalings in die Hof gemaak het, en dat die laaste daarvan, op 8 Maart 1985, die totale bedrag van die inbetalings opgestoot het tot net bokant die bedrag van kapitaal en rente wat die Verhoorregter aan die eiser toegeken het. Met inagneming van daardie feit en ander aspekte aangaande koste wat beredeneer is, het die Verhoorregter daarop 'n uitspraak oor die koste-aspek gelewer, wat afgesluit het met 'n bevel in die volgende terme:

- "1. Elke party dra sy eie koste van die uitstel van die verhoor op 19 Oktober 1983.
2. Die verweerder betaal die eiser se koste tot en met 8 Maart 1985 en dit sluit in die koste van die aansoek om absolusie.
3. Die eiser betaal die verweerder se koste vanaf 9 Maart 1985.
4. Die koste sluit in die koste van twee advokate aan elke kant.

5. Die volgende persone word noodsaaklike deskundige getuies verklaar: Mnr. Van Niekerk, Bester, Pretorius, Dykstra, Kurton en Conradie."

Paragrafe 1 en 4 van hierdie bevel is nie in die gedrang nie, terwyl paragrafe 2, 3 en 5 daarvan onderhewig is aan verandering slegs insoverre die bepalinge daarvan geraak kan word deur die uitslag van die appèl en die teenappèl met betrekking tot die bedrag van die vonnis wat ten gunste van die eiser verleen is.

Ek kom nou terug op die dokumentêre bewysstukke in die saak. 'n Groot deel daarvan bestaan uit tekeninge, sketse, planne, berekeninge en so meer, waarna dit nie nodig sal wees om te verwys nie. Aan die ander kant is daar 'n groot aantal dokumente wat van wesenlike en trouens deurslaggewende belang is in die beslegting van die belangrikste geskilpunte. Hierdie bewysstukke bestaan hoofsaaklik uit notules van vergaderings van die verweerder se Raad en Uitvoerende Komitee en ander vergaderings, en briewe

wat geskryf is aan en deur die verweerder, by wyse van sy amptenare. Vir 'n deeglike beredenering van die oplossing van die geskilpunte sal dit onvermydelik wees om herhaaldelik en soms breedvoerig na hierdie dokumente te verwys. Na die aanhoor van die betoë in hierdie Hof op die appèl en die teenappèl, toe ek vir die soveelste keer die bewysstukke nagegaan het, het dit my opgeval dat, as hulle in kronologiese volgorde gerangskik word (nogal 'n formidabele taak), hulle eintlik hulle eie verhaal vertel, enersyds van die geskiedenis van hoe sake tussen die eiser en die verweerder verloop het, en andersyds van waar die antwoorde op die geskilpunte lê. Gevolglik is ek van voorneme om eers sonder kommentaar 'n kronologiese uiteensetting van die tersaaklikste bewysstukke te gee, soms by wyse van opsomming en soms by wyse van aanhalings daaruit. Dit sal ongelukkig 'n lang uiteensetting moet wees, maar dit sal, met behulp van terugverwysing, die latere bespreking van die

geskilpunte aansienlik vergemaklik. Alvorens ek die uiteensetting aanpak, en om aan die bewysstukke hulle volle trefkrag te gee, is dit egter gerade om eers sekere verdere aspekte toe te lig van die eerste twee van die drie belangrike geskilpunte wat reeds vroeër genoem is.

Met betrekking tot die vraag na die verweerder se gebondenheid aan die verbredingsooreenkoms van 28 Julie 1977, was dit nie die verweerder se saak dat die sluiting van so 'n ooreenkoms buitekant die bevoegdhede van die verweerder geval het en dus ultra vires en om daardie rede nietig was nie. Die teendeel is erken in die loop van die betoog voor hierdie Hof. Die verweerder se saak was (en die respondent se is) dat die ooreenkoms nie in ooreenstemming met die voorgeskrewe prosedure-maatreëls van die Wet en die regulasies aangegaan is nie. (Ek verwys steeds na Wet 45 van 1971.) Die kernpunt van die betoog in die Hof a quo en in hierdie Hof was dat die vier amptenare

van die verweerder wat met die aangaan van die ooreenkoms opgetree het, nie 'n bevoegde orgaan van die verweerder vir dié doel was nie en ook nie behoorlik deur 'n bevoegde orgaan van die verweerder gemagtig was om aldus op te tree nie. Die hoof bestuursorgaan van die verweerder was sy Raad, saamgestel ingevolge artikel 3 van die Wet, wat destyds uit 17 lede bestaan het. Dan het die verweerder 'n Uitvoerende Komitee gehad, wat aangestel was kragtens die bepalings van artikel 7 (1) van die Wet, en wat uit 5 lede bestaan het. Volgens artikel 7 (3) kon die Uitvoerende Komitee al die bevoegdhede van die Raad uitoefen en al sy werksaamhede verrig, onderhewig aan sekere voorbehoude wat nie hier ter sake is nie. Gedurende die tydperk wat ter sake is in hierdie geding was Mulder die voorsitter van die Raad en van die Uitvoerende Komitee, en Venter die ondervoorsitter van die Raad en van die Uitvoerende Komitee. Dit is twee van die verweerder se ampsdraers wat by die sluiting

van die ooreenkoms betrokke was. Die derde persoon, Stander, was die Hoofdirekteur van die verweerder, wat kragtens artikel 10 (15) van die Wet die hoofuitvoerende beampte van die raad was. Volgens die getuienis het hy alle vergaderings van die raad en die uitvoerende komitee bygewoon (maar hy was nie 'n lid van die een of die ander nie) en het hy die uiteindelijke verantwoordelikheid gedra vir die opstelling van die notules van die vergaderings van daardie organe. Uit die stukke blyk dit dat hy 'n gekwalifiseerde persoon was, met die grade BA, LL.B. Die vierde persoon, Du Plessis, was 'n gekwalifiseerde siviele ingenieur. Hy was die tegniese direkteur van die verweerder. 'n Verdere bepaling van die Wet, wat van besondere belang sal blyk te wees, kom voor in artikel 11 (1) (b): daarkragtens was die Raad bevoeg om uit sy lede een of meer komitees aan te stel en om na goeddunke van sy bevoegdhede aan so 'n komitee oor te dra. Die verweerder (en die respondent) het sterk gesteun daarop

dat in al die notules wat voor die Verhoorhof geplaas is, daar nie een te vinde is waarvolgens 'n onderkomitee aangestel is met magtiging om 'n ooreenkoms soos dié van 25 Julie 1977 aan te gaan nie. Wat die regulasies betref, is daar onder meer aangevoer dat alle besluite van die bestuursorgane genotuleer moes word; dat 'n mosie of voorstel waardeur die uitgawe van die raad geraak sou word, nie aanvaar kon word voordat die Uitvoerende Komitee daaroor verslag gedoen het nie; dat daar vir kapitaaluitgawes 'n begrotingspos in die jaarlikse begroting vereis was; dat sodanige uitgawes nie aangegaan kon word sonder die uitdruklike goedkeuring van die Raad nie; en dat voldoening aan hierdie vereistes ten opsigte van die sluiting van die verbredingsooreenkoms nie bewys is nie.

In verband met die vergoeding waarop die eiser geregtig geword het vir die D-verslag, het die eiser hom beroep op 'n stilswyende bepaling van die verbredingsooreenkoms, waarvolgens die basis van die

vergoeding sou wees "volgens die standaardtariewe vir die verslag- en voorlopige ontwerpstadium en gedeeltelike funksies, soos uiteengesit in Vorm 1 van die Modelooreenkoms tussen kliënt en raadgewende ingenieur in verband met ingenieurswerk", soos vroeër vermeld. Dit is nou nodig om hierdie dokument van naderby te beskou, met die oog op die verwysings daarna wat voorkom in die bewysstukke wat hieronder uiteengesit sal word. Dit is 'n gedrukte vorm van kontrak tussen 'n kliënt en raadgewende ingenieur, wat uitgegee is deur die S-A Vereniging van Raadgewende Ingenieurs, soos blyk uit die dekblad daarvan. Dit bevat uitvoerige bepalinge om die kontraktuele verhouding tussen sodanige partye te reël. In die aanhef daarvan is daar oop ruimtes gelaat vir die invul van die name van die kliënt en die ingenieur en 'n beskrywing van die betrokke ingenieursprojek, en aan die einde daarvan is daar weer ruimtes voorsien vir die ondertekening daarvan deur die partye en getuies en die invul van die betrokke datums.

Gedurende 1977 was slegs die Engelse weergawe van die modelooreenkoms beskikbaar wat in 1976 gepubliseer is, soos blyk uit die dekblad, en wat tussen die eiser en die verweerder gebruik is, soos sal blyk. Dié spesifieke dokument is egter nooit ingevul of onderteken nie. Volgens die dekblad het "Form 1" van die "Model Form of Agreement between a Client and Consulting Engineer for use in connection with Engineering Works" betrekking op "All Disciplines". Die tersaaklike gedeeltes van die inhoud van die dokument lui soos volg:

- "3. DUTIES OF CONSULTING ENGINEER -
- 3.1 NORMAL DUTIES - The normal duties to be performed by the Consulting Engineer are:
  - 3.1.1 REPORT STAGE - The preparation and submission of a report embodying preliminary proposals or feasibility studies and estimates of cost for consideration by the Client including as may be necessary:-
    - 3.1.1.1 Consultation with the Client and/or his authorised representatives.
    - 3.1.1.2 Inspection of the site of the Works.
    - 3.1.1.3 Preliminary investigation, route location, planning and design where any of these are required for establishment of feasibility.

- 3.1.1.4 Consultation with Authorities having rights or powers of sanction.
- 3.1.1.5 Advice to the Client as to the need for surveys of any kind, analyses, tests and/or site or other investigations where such are required for the completion of the report and arranging for these to be carried out at the Client's expense.
- 3.1.1.6 Investigation and collation of available data, drawings and plans relating to the Works.
- 3.1.1.7 Investigations, as may be required, of financial implications in relation to the proposals.
- 3.1.2 PRELIMINARY DESIGN STAGE - Following the Client's instruction to proceed, the development of the preliminary proposals, or the basic planning of the Works, as may be required by the Client including as may be necessary :
  - 3.1.2.1 Submission of a basic planning report if required by the Client.
  - 3.1.2.2 Advice to the Client as to the need for any further surveys of any kind, analyses, tests and/or site or other investigations which may be required and arranging for these to be carried out at the Client's expense.
  - 3.1.2.3 Advice to the Client, as may be necessary, upon the appointment and delineation of the duties of other Consulting Engineers, Architects and Specialist advisers, arranging such appointments and consultation with such advisers in matters affecting the Works.
  - 3.1.2.4 Design of any process or system or refinement of the preliminary process design, where such process design is a prerequisite for the design of the Works.
  - 3.1.2.5 Preparation of preliminary plans, drawings and estimates required for seeking approval of statutory

authorities.

- 3.1.2.6 Consultation on technical matters with authorities and interested parties other than those having rights or powers of sanction.
- 3.1.2.7 Making modifications to the preliminary design of the Works dictated by or in connection with the consultations aforesaid.
- 3.1.3 DETAILED DESIGN STAGE - The preparation of all documents necessary to enable the Works to be tendered for or otherwise placed by the Client including as may be necessary:-
  - 3.1.3.1 Advice to the Client as to the necessity for setting out or staking out the Works and arranging for such to be carried out at the Client's expense.
  - 3.1.3.2 Preparation of designs, drawings, specifications and engineering schedules of quantities.
  - 3.1.3.3 Drafting or adapting invitations to tender, tender conditions, forms of tender and conditions of contract.
  - 3.1.3.4 Analysis of tenders and submission of recommendations on the acceptance of tenders and estimates of the costs of the Works.
- 3.1.4 CONSTRUCTION STAGE - The general administration of and other services in connection with the carrying out of the Works, including as may be necessary:

.....

- 5. REMUNERATION OF THE CONSULTING ENGINEER
  - 5.1 NORMAL DUTIES - The remuneration of the Consulting Engineer for the

normal duties performed by him under Sub-Clause 3.1 of this agreement shall be as follows:

5.1.1 REPORT STAGE - SUB-CLAUSE 3.1.1:

Fees shall be calculated on a time basis in accordance with the scale in Part IV of the Schedule and shall become due to the Consulting Engineer, unless otherwise agreed, on the submission of the preliminary proposals or feasibility studies to the Client.

5.1.2 SUB-CLAUSES 3.1.2, 3.1.3 and 3.1.4:

Fees shall be calculated on the basis and in the manner set out in Parts I and II of the Schedule and shall become due to the Consulting Engineer, unless otherwise agreed, as follows, provided that when partial duties only are required, the partial fee shall be as set out in Sub-clause 5.1.3.

5.1.2.1 PRELIMINARY DESIGN STAGE - SUB-CLAUSE 3.1.2:

Twenty per cent of the fee when the developed proposals for the construction of the Works have been prepared and submitted to the Client, subject to the Consulting Engineer allowing an appropriate credit for the value of such design work related to the accepted proposals and carried out under Sub-clause 3.1.1 as can be or is utilised in the development of the preliminary proposals.

5.1.2.2 DETAILED DESIGN STAGE - SUB-CLAUSE 3.1.3:

A further forty per cent of the fee when the drawings and other documents necessary to enable the Works to be tendered for or otherwise placed by the Client have been prepared and submitted to the Client provided that, if the Consulting Engineer

shall have prepared such drawings and documents as part of the development of the preliminary proposals, the fee under Sub-clause 5.1.2.1 shall be increased to fifty per cent and the fee under Sub-clause 5.1.2.2 shall be reduced to ten per cent.

5.1.2.3 CONSTRUCTION STAGE - SUB-CLAUSE 3.1.4:

(a) CIVIL AND STRUCTURAL

.....

(b) MECHANICAL AND ELECTRICAL

The remaining forty per cent of the fee as and when the construction and/or installation work proceeds in proportion to the value of the work done.

5.1.3 PARTIAL DUTIES - When the Consulting Engineer is required to perform only part of the duties set out in Sub-Clauses 3.1.2, 3.1.3 and 3.1.4 then fees shall be apportioned as follows:

5.1.3.1 Preliminary Design Stage only - thirty per cent of the fee subject to an appropriate credit as aforesaid.

5.1.3.2 Preliminary Design Stage and Detailed Design Stage only.

.....

(c) Mechanical and Electrical - seventy per cent of the fee subject to an appropriate credit as aforesaid.

.....

6. PAYMENTS TO THE CONSULTING ENGINEER

6.1 For the purpose of ascertaining the interim payments due under Sub-clauses 5.1 and 5.2 hereof the value of the Works shall be:

- 6.1.1 The value of the accepted tender or
- 6.1.2 If no tender is accepted, the value of the tender recommended as the most suitable by the Consulting Engineer or
- 6.1.3 If the contract is awarded by negotiation, the negotiated price or
- 6.1.4 If no tenders are invited or if no suitable tenders are received or if no negotiation is concluded, the mutually agreed estimate.
- 6.2 Such interim payments shall rank solely towards the total fee ultimately payable which shall be calculated on the final value of the Works as defined in Clause 7 hereof.

.....

- 11. POSTPONEMENT, CANCELLATION, REDUCTION OR ABANDONMENT OF WORKS
- 11.1 If, instructions having been given by the Client to the Consulting Engineer to proceed with any of the stages referred to in Sub-clauses 3.1.2, 3.1.3 and 3.1.4, the whole or any part of the works are postponed, cancelled, or abandoned, then the payment to be made to the Consulting Engineer for duties performed in respect of that part of the Works so postponed, cancelled or abandoned, shall be determined in accordance with Clause 5, plus a surcharge of one-tenth and with such other Clause as may be applicable, in proportion to the duties performed prior to the Works being postponed, cancelled or abandoned. ...."

Die "Schedule" tot die vorm dra die opskrif "FEES AND EXPENSES", en die eerste gedeelte daarvan het die opskrif "PART I - WORK OF NORMAL CHARACTER".

Klousule 4.1 daarvan het betrekking op "MECHANICAL AND ELECTRICAL ENGINEERING WORK". Dit bevat vier kolomme met opskrifte en syfers, die effek waarvan is om 'n wisselende skaal van gelde te bepaal na gelang van die "value of the Works". In die huidige geval is die laaste ry syfers van toepassing: daarvolgens is die gelde betaalbaar waar die waarde van die werk meer is as R2 000 000, die som van 'n "primary fee" van R23 100 en 'n "secondary fee" van 5%, synde 'n "percentage fee calculated on the total value of the Works". Gedeelte IV van die skedule tot die vorm sien soos volg daaruit:

#### "PART IV - TIME BASIS FEES

The scale of fees on a time basis shall be as follows:-

- |     |                                           |          |
|-----|-------------------------------------------|----------|
| 4.1 | A Principal, Partner<br>or Director ..... | per hour |
| 4.2 | Technical Staff                           |          |

At a rate of 15 cents per  
hour per R100 or part  
thereof of the annual  
salary, plus bonus, if  
any:

provided that these rates shall be  
deemed to include establishment  
charges and for time expended by

clerical staff which shall,  
therefore, not be chargeable  
separately."

In die vorm wat tussen die partye gebruik is, is geen syfer in die blanko spasie hierbo ingevul nie.

Ten opsigte van die stilswyende bepaling waarop die eiser steun, is dit wenslik om in hierdie stadium kortliks te verwys na n feitlike bevinding wat die Verhoorregter gemaak het en wat die kern-grondslag gevorm het van sy verwerping van die bestaan van die beweerde bepaling. Ek sal later Van Niekerk se getuienis in hierdie verband, en die Verhoorregter se uitlatings daaroor, bespreek. Vir die huidige noem ek net dat VAN DIJKHORST R bevind het dat dit op die waarskynlikhede vir hom duidelik was dat Mulder en Venter, wat die verweerder se Uitvoerende Komitee tydens die samesprekings op 28 Julie 1977 verteenwoordig het, "totaal onbewus was daarvan dat hul met hul verbredingsopdrag die basis van vergoeding

verander na 'n persentasie van 'n beraamde kontraksprys."

Ek meld dit nou omdat die bevinding van kardinale belang is in hierdie aspek van die saak en omdat heelwat van die bewysstukke waarna ek gaan verwys 'n treffende inwerking daarop het.

Ek kom dan nou by die uiteensetting van die bewysstukke. Dit word gedoen in genommerde paragrawe, vir gemak van terugverwysing. Met die oog op die kronologiese rangskikking word die datum van die dokument eerste genoem en dan, in telegramstyl, die aard van die dokument, gevolg deur 'n parafrase of aanhaling van die tersaaklike gedeelte(s) daarvan. Na die verweerder se Raad en Uitvoerende Komitee verwys ek kortweg as "Raad" en "UK". Besonder belangrike passasies of woorde word beklemtoon deur onderstreping.

- (1) 21.11.74:) Notule UK en Raad.  
5. 12.74:)

"On 18 April 1974 ..... the Board resolved:-

'That the Board agree in principle to

extend the provision of high mast area lighting to Meadowlands, Diepkloof and Dobsonville and that the Director : Technical in conjunction with the Director : Finance report in due course on the planning and funding of the project.'

.....

Provision has been made in the draft estimates for 1975/76 for the commencement of an electrification programme for Soweto, Bekkersdal, Kagiso, Mohlakeng and Dobsonville

.....

The total estimated cost of the scheme is R21 500 000, based on ruling prices at this stage.

.....

#### RESOLVED:

That it be agreed in principle to introduce a scheme to provide electricity in all houses, and high mast area lighting in Soweto, Bekkersdal, Mohlakeng, Kagiso and Dobsonville, at an estimated cost of R21 500 000 .....

The introduction of such a scheme is the subject of a separate report, and it is necessary for applications for Ministerial approval to be submitted for the various projects."

#### (2) 2.12.76: Notule UK.

"Since the beginning of this year the Chief Director has been engaged in discussions, initially with the Anglo American Corporation and subsequently with a consortium of bankers in regard to the possibility of assistance by private enterprise in regard to the electrification of the Soweto complex.

Recently it also became clear that the consortium of bankers had been working with a group, Engineering Management Services (Pty) Limited (which is a member of the Murray Roberts Group) and this Company has now completed a preliminary report dealing basically with the technical requirements, financial aspects and details in regard to the project management.

This preliminary report was handed in at a meeting between the Chairman of Engineering

Management Services, Mr. J.E.D. Bramwell, and the Chairman and Deputy Chairman of the Board on Friday 26 November 1976.

.....

In essence the plan produced involves a period of  $3\frac{1}{2}$  years during which time the electrification of the Soweto Complex, i.e. Greater Soweto, will be completed at an overall cost of R74m., including provision for escalation of cost at  $12\frac{1}{2}$  per annum.

The Chief Director and the Directors : Technical and Finance briefly discussed the report but feel that before the West Rand Board can reasonably be expected to consider whether or not the proposal is acceptable, other steps should first take place. Obviously it is essential for this matter to be given the highest priority.

.....

Secondly, it is known that the Chairman of the Consortium of Bankers had discussions with the Secretary of Finance in regard to this project and it is understood that certain approvals in principle were obtained. The details of discussions are of course, not available but apparently the Secretary for Finance indicated that the State would be prepared to guarantee any loans negotiated by the West Rand Board in regard to this project.

.....

The Chief Director reported that a preliminary meeting would be held with the Department of Bantu Administration and Development and the Deputy Minister on 3 January 1977. The Board would be represented by the Chairman, the Chief Director, and the Directors : Finance and Technical. A sub-Committee comprising the Chairman, the Vice-Chairman, and the Chief Director was appointed to conduct subsequent discussions with the Minister in regard to the whole question of electrification.

#### RESOLVED

.....

- (f) that a sub-Committee comprising the Chairman, Vice-Chairman and Chief Director be appointed to conduct preliminary

discussions with the Minister or Deputy Minister of Bantu Administration and Development regarding the proposed electrification scheme."

(3) 10.5.77: Notule UK.

n Lang en breedvoerige bespreking vind plaas van die sogenaamde EMS-verslag oor die elektrifisering van Soweto. Talle diepgaande bedenkinge word uitgespreek oor die aanvaarbaarheid en uitvoerbaarheid van die verslag. In die besonder word aandag geskenk aan die behoeftes van die inwoners van die gebied en hulle vermoëns om by te dra tot die koste van die verskaffing van elektrisiteit. Dit blyk dat die Staatsdepartement Tesourie voorgestel het dat daar van 'n konsortium banke 'n lening verkry word van R60 000 000, gewaarborg deur die Staat, wat deur die verweerder afgelos sou moes word oor 'n tydperk, en kommer word uitgespreek oor die las wat daardeur op die verbruikers van elektrisiteit geplaas sou word. Besware word geopper teen die uitvoering van die projek deur

maatskappye wat gekoppel is aan die EMS-groep. In die samehang van al die bedenkinge word die vraag gestel of die verweerder se raad reeds gebonde is aan die voorstelle van die EMS-verslag, word die mening uitgespreek dat dit nie die geval is nie, en word daar gesê dat daar versigtig opgetree moet word om nie sodanige gebondenheid mee te bring nie. Die laaste gedeelte van die notule lui soos volg:

"It was also deemed advisable to approach other Consulting Engineers to ascertain whether they would be able to advise the Board regarding the technical details of the proposed electrification project, with a view to determining whether the proposals are the best possible and are practical, and what such advice would cost the Board. It was felt that Mr. Barnard of the Johannesburg Electricity Department would be of assistance to the Board in assessing the advice of Consultants.

The following steps were considered to be necessary at this stage:

- (a) Discussions with relevant State Departments in Pretoria;
- (b) representative sample surveys to determine the views of the residents;
- (c) approach to outside Consultants regarding possibility of second opinion on technical aspects of project;
- (d) meeting of Board's three representatives on the Joint Management Group, viz. Chairman, Vice-Chairman and Chief Director;

- (e) thereafter, further meeting of Joint Management Group.

However, it was felt that the Board's officials should first go into the whole matter again in the light of the discussion, and submit a further report to the Executive Committee. In the meantime, no further publicity should be given to the matter, from the side of the Board as well.

RESOLVED

That a further report be submitted to the Committee in the light of the discussion."

- (4) 25.5.77: Notule UK.

Met verwysing na die UK se opdrag van 10 Mei 1977

word daar kortliks verwys na beskikbare syfers oor

Swartes se maandelikse uitgawes op brandgoed. Dan

volg die volgende:

"Die Voorsitter stel voor dat mnr. J.D. van Niekerk en Genote, raadgewende ingenieurs, geraadpleeg moet word oor die tegniese aspekte van die projek in opvolging van die Uitvoerende Komitee se opdrag van 10 Mei 1977 in die lig van hulle besondere ondervinding op die gebied.

GOEDGEKEUR"

- (5) 3.6.77: Brief verweerder deur Direkteur : Tegnies

(geteken Du Plessis) aan eiser.

"ELEKTRIFISERING VAN SOWETO

Graag wens ons te bevestig dat die Uitvoerende Komitee van die Raad op 25 Mei 1977 besluit het dat u firma 'n opdrag gegee word om 'n volledige verslag oor die tegniese aspekte van die elektrifisering van Soweto aan die Uitvoerende Komitee voor te lê.

Soos alreeds met u bespreek, sal alle planne en verslae wat beskikbaar is oor ontwerp en navorsing wat alreeds deur ander instansies in dié verband verrig is ter insae wees vir die nodige hantering van die projek.

Die vergoeding vir hierdie opdrag sal geskied op 'n tydsbasis volgens Vorm 1 van 1976 van die Vereniging van Raadgewende Ingenieurs se formules."

(6) 6.6.77: Brief eiser (geteken Van Niekerk) aan

Direkteur : Tegnies, verweerder.

"ELEKTRIFISERING VAN SOWETO

Die aanstelling soos vervat in u brief gedateer 3 Junie 1977, word met dank aanvaar.

Dit dien gemeld te word dat enige fooie wat gehef word vir hierdie ondersoek, sal dien as gedeeltelike betaling vir projekwerk wat daaruit mag voortspruit.

Wees verseker van ons hartelike samewerking met u en u personeel."

(7) 28.7.77: Notule, onder die volgende opskrif:

"NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP  
DONDERDAG 28 JULIE 1977 IN VERBAND  
MET DIE ELEKTRIFISERING VAN SOWETO :  
LENING"

Onder die verdere opskrif "TEENWOORDIG" verskyn die  
  
name van Mulder, Venter, Stander, Du Plessis en Van  
  
Niekerk.

"Mnr. van Niekerk meld dat dit hom nog twee weke sal neem om sy verslag te voltooi. Heelwat werk is egter reeds klaar en hy wil die volgende puntjies aan die Voorsitter en Ondervoorsitter stel:

.....

Dan volg daar 9 kort genommerde paragrafies waarin verskillende moontlikhede in verband met lenings en sekere aspekte van die elektrifiseringskema genoem word. Die notule eindig soos volg:

"Die Ondervoorsitter versoek dat die posisie in verband met die aantal koolstowe nagegaan word."

In die linkerhoek onderaan die notule is daar getik: "AHS/jb

28.7.77."

(8) 28.7.77: Notule, in sy geheel soos volg:

"NOTULE VAN 'N VERGADERING GEHOU OP 28 JULIE 1977 IN DIE KOMITEEKAMER VAN DIE WRA HOOF-KANTOORGEBOU

TEENWOORDIG:

Lede van die Sub-komitee wat deur die Raad aangewys is om die elektrifisering van Soweto verder te ondersoek:

Mnre: H.P.P. Mulder  
C.P. Venter  
A.H. Stander

Amptenare:

Mnre. P.A. du Plessis  
J.D. van Niekerk

Die Voorsitter heet almal teenwoordig welkom en sê dat die doel van die vergadering is om te hoor hoe ver mnr. Van Niekerk met die ondersoek gevorder het wat spruit uit sy aanstelling deur die Raad op 25 Mei 1977 as raadgewende ingenieur vir die elektrifisering van Soweto.

Mnr. Van Niekerk: As uitgangspunt word gewerk

op die basis dat die huidige elektriese netwerk in Soweto geïntegreer sal word met die voorgestelde nuwe projek. So 'n groot mate van integrasie as wat moontlik is behoort die doelwit te wees.

Aangesien daar 20 000 huise reeds van elektrisiteit voorsien is uit 'n uiteindelijke totaal van 101 000 wonings, moet 'n mens probeer vasstel wat die verbruikspatroon in die huidige aanlegte is. Alhoewel daarop gelet moet word dat die teenswoordige elektriese verspreiding nie vir 'n honderd persent gebruik voorsiening maak nie, is dit nietemin waardevol as 'n beginpunt.

Mnr. Van Niekerk lê 'n plan voor waarop aange-  
toon word welke gedeeltes van Soweto reeds van elektrisiteit voorsien is. Hy verstrek 'n lys van gebiede waarin die metode van aanleg, d.w.s. bogrondse of ondergrondse, aangedui word asmede die feit of huise in elk van die gebiede bedraad is en hy verwys ook na gebiede waar elektrisiteit nog nie aangelê is nie maar huise reeds bedraad is.

Mnr. Van Niekerk verstrek verder gegewens oor transformators, substasies, kabellengtes, bestaande retikulasie asook straatlengtes.

In sy ondersoek het die raadgewende ingenieur die verbruikspatroon d.w.s. oor 'n tydperk van 24 uur by die Jabavu substasie vasgestel. Die gekonsolideerde toevoer is by Orlando gemeet en wel oor 'n tydperk van 3 dae. Mnr. Van Niekerk noem die spitstye asook die laagtepunte in verbruik.

Rekenaardrukstukke gee mnr. Van Niekerk 'n aanduiding van elektrisiteitsverbruik waarin aangedui word die aantal verbruikers in elke woongebied asmede die hoeveelheid eenhede wat gebruik is. Hy lê ook 'n aantal grafiese voorstellings in verband met verbruik in verskillende woongebiede voor. Tabelle sluit nie in alle gevalle Dobsonville, Meadowlands en Diepkloof in nie. 'n Vergelyking word verstrek van die verbruik tussen April en Julie 1977.

Ten einde te bepaal watter tipe apparaat voorkeur geniet, het die firma 'n monsteropname gedoen. Hieruit word afleidings gemaak in verband met die lasfaktor en die verband daarvan met die totale koste per eenheid. Dit blyk duidelik dat dit voordelig sal wees indien die maksimum aantal aansluitings bewerkstellig

kan word.

Na bespreking voel die Komitee dat mnr. Van Niekerk se opdrag aangevul moet word sodat besonderhede verkry word van h projek vir die groter Soweto wat daardie gedeeltes insluit wat die Du Randt-kommissie vir inlywing aanbeveel het. Die verslag moet volledig wees, d.w.s. benewens tegniese aspekte moet besonderhede in verband met kostes verstrek word asmede h program en metodes vir die uitvoering van die hele projek. Die verslag moet h aanbeveling bevat in verband met die bedrading van huise aangesien die Komitee begerig is om doeltreffende diens te verskaf maar met deeglike inagneming van die koste-aspek.

A.H. STANDER  
HOOFDIREKTEUR

31 Julie 1977

AHS/jb"

(9) 23.9.77: Brief eiser (geteken Van Niekerk) aan

Direkteur : Tegnies, verweerder.

"ELEKTRIFISERING VAN SOWETO

Met verwysing na u brief van 3 Junie 1977 en soos mondelings versoek, het ons 50 afskrifte van die verslag voorberei en dit gaan hiermee saam.

h Afskrif van Vorm 1 1976 van die Vereniging van Raadgewende Ingenieurs word hierby aangeheg vir u inligting. Ongelukkig is dit tans slegs in Engels beskikbaar. Die verwagting is egter dat die ooreenkoms en tariewe eersdaags in die Staatskoerant gepubliseer word.

Indien verdere inligting verlang word, sal ons graag tot hulp wil wees."

(10) 23.9.77: Brief eiser (geteken Van Niekerk) aan

Voorsitter, verweerder.

## "ELEKTRIFISERING VAN SOWETO"

Ter uitvoering van die opdrag van u Uitvoerende Komitee, is dit vir ons aangenaam om meegaande verslag insake die elektrifisering van Soweto aan u voor te lê vir u oorweging.

Die verslag behels 'n ondersoek van die huidige stelsel tesame met 'n analise van die verbruikspatroon waaruit voortvloei dat die verbruik gestimuleer moet word teneinde die voorgestelde stelsel ekonomies te benut deur 'n skema vir die verkoop van elektriese apparaat.

Die totale beraamde koste van die elektrifisering met insluiting van eskalasie beloop R94 489 667 wat moontlik met die detailontwerp verlaag kan word en bekend sal wees wanneer tenders ontvang word.

.....

Verskeie moontlike stelsels vir retikulasie en huisbedrading is ondersoek en gebruik as basis van die kosteberamings. Met finale detailontwerp sal verdere optimalisering moontlik wees.

..... "

(11) 23.9.77: D-verslag.

(a) HOOFSTUK 1 : INLEIDING.

### "1.1.00 OPDRAG EN VERBREDING"

#### 1.1.01 OPDRAG

Die opdrag soos vervat in die brief gedateer 3 Junie 1977 lees soos volg:

Graag wens ons te bevestig dat die Uitvoerende Komitee van die Raad op 25 Mei 1977 besluit het dat u firma 'n opdrag gegee word om 'n volledige verslag oor die tegniese aspekte van die elektrifisering van Soweto aan die Uitvoerende Komitee voor te lê.

#### 1.1.02 VERBREDING VAN OPDRAG

Aangesien die tegniese aspekte van

die elektrifisering van Soweto nie in isolasie staan nie, is na bespreking besluit om die verslag so te verbreed dat die tegniese aspekte gekoppel word aan die finansiële sy, sowel as die metodes vir uitvoering van die projek in geheel insluitend huisbedrading met die inagneming van die Groter Soweto soos voorgestel deur die du Randt Kommissie."

(b) HOOFSTUK 7 : KOSTEBERAMINGS

"7.3.11 OPSOMMING VAN BERAAMDE KOSTES

|                                                                                                                              |                  |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------|
| 1) 11kV Ring, Miniatuur-substasies, Laagspanning distribusie                                                                 | R38 314 910,00   |
| 2) 11kV Skakelstasies en toevoerkabels                                                                                       | R6 881 537,00    |
| 3) 132/11kV Substasies + 132kV lyne                                                                                          | R10 688 483,00   |
| 4) Huisbedrading (74647 huise)                                                                                               | R14 033 636,00   |
| 5) Hoëmasbeligting oorblywende gedeeltes                                                                                     | R3 000 000,00    |
| 6) Lugkartering                                                                                                              | R350 000,00      |
| 7) Professionele fooi, dokumentasie, verwante kostes en toesig, volgens Vorm 1 van die Vereniging van Raadgewende Ingenieurs | R3 150 000,00    |
|                                                                                                                              | <hr/>            |
|                                                                                                                              | R76 418 565,00 " |

(c) HOOFSTUK 9 : ESKALASIE EN KONTANTVLOEI

"9.4.00 ESKALASIE

.....

Die totale bedrag getoon in paragraaf 7.3.11 van R76 418 565 word deur eskalasie verhoog tot R94 489 667 of met 23,65% by die voltooiing van die projek middel 1981 en betaling van die laaste retensiegelde middel 1982."

(12) 12.10.77: Brief verweerder deur Direkteur :

Tegnies (geteken Du Plessis) aan

eiser.

"Ons erken hiermee ontvangs van 50 afskrifte van die verslag oor die elektrifisering van Soweto.

Dit sal waardeer word indien u ons 'n voorlopige staat van kostes vir die voorbereiding van hierdie verslag kan laat kry."

(13) 8.11.77: Notule UK.

Die D-verslag word bespreek en vergelyk met die EMS-verslag. Aanbevelings word gemaak, wat op die opvolgende Raadsvergadering met enkele wysigings aanvaar word, soos blyk uit die volgende paragraaf.

(14) 17.11.77: Notule Raad.

Daar word verwys na die EMS-verslag wat in November 1976 verkry is. Talle aspekte van die verslag word uiteengesit.

"Dit was duidelik dat deskundige ondersoek oor alle aspekte van die elektrifiseringsvoorstel onontbeerlik is en gedurende Mei vanjaar is opdrag aan mnre. Van Niekerk en Genote, 'n firma van raadgewende ingenieurs, gegee om verslag uit te bring 'oor die tegniese aspekte van die elektrifisering van Soweto' welke opdrag verbreed is om 'die finansiële sowel as die metodes vir uitvoering van die projek in geheel insluitende huisbedrading met die inagneming van die Groter Soweto soos voorgestel deur die Du Randt-kommissie', te omvat."

Daarna word verwys na die D-verslag, en 'n lang bespreking volg waarin die verskille tussen die EMS-verslag en die D-verslag deeglik ondersoek word. Die volgende besluite word dan geneem:

"AANBEVEEL :

- (a) Dat die aanbod van lening soos vervat in die aanbod van 'n konsortium banke en Engineering Management Services (Pty.) Ltd., nie aanvaar word nie en dat EMS en die konsortium banke dienooreenkomstig verwittig word;
- (b) dat 'n ad-hoc komitee bestaande uit die Voorsitter, Onder-Voorsitter en die Hoofdirekteur, aangewys word om verdere ondersoek te doen oor die elektrifisering van Soweto;
- (c) dat die elektrifisering van Soweto indringend met die betrokke Staatsdepartemente bespreek word  
.....
- (d) dat die Ingenieursfirma J.D. van Niekerk en Genote aangestel word as Raadgewende Ingenieurs om die Raad op 'n ad-hoc basis van advies te bedien oor die elektrifisering van Soweto.

GEWYSIG EN AANVAAR"

- (15) 28.11.77: Brief verweerder deur Direkteur :  
Tegnies (geteken Du Plessis) aan  
eiser.

"ELEKTRIFISERING VAN SOWETO

Tydens die Raadsvergadering van 17 November 1977, soos per aangehegte fotostatiese afdruk, word u firma aangestel as Raadgewende Ingenieurs om die Raad op 'n ad-hoc basis van advies te bedien oor die elektrifisering van Soweto."

- (16) 9.12.77: Brief eiser (geteken Van Niekerk)  
aan Direkteur : Tegnies, verweerder.

"ELEKTRIFISERING VAN SOWETO

Die aanstelling soos vervat in u skrywe van 28 November, 1977 word met dank aanvaar.

Wees verseker van ons beste samewerking met u en u personeel."

- (17) 24.1.78: Brief verweerder deur Hoofdirekteur  
(geteken Stander) aan Sekretaris,  
Departement Bantoe-administrasie en  
-ontwikkeling.

Die D-verslag word aangestuur. Die onaanvaarbare aspekte van die EMS-verslag word uitgewys.

Die aanvanklike opdrag aan die eiser en die latere verbredingsopdrag word aangehaal. Die besluite van 17 November 1977 word vermeld (par (14) hierbo).

- (18) 24.2.78: Brief verweerder deur Hoofdirekteur  
(geteken Stander) aan Sekretaris,  
Tesourie, Departement van Finansies.

Daar word genoem dat die Minister van Finansies ingestem het om 'n afvaardiging van die Raad te word te staan op 3 Maart 1978 om gedagtes te wissel oor die elektrifisering van Soweto, en dat die Raad verteenwoordig sal word deur die Voorsitter, Onder-Voorsitter en Hoofdirekteur. 'n Memorandum word aangeheg waarin uiteengesit word die geskiedenis van die EMS-verslag en die besware daarteen, die verkryging van die D-verslag, waarna verwys word as "n uitvoerige ondersoek", en die moontlikhede, in die lig daarvan, met betrekking tot die verkryging van 'n lening en die metodes vir

die delging daarvan.

- (19) 24.2.78:       Brief verweerder deur Hoofdirekteur  
                          (geteken Stander) aan Sekretaris,  
                          Departement Bantoe-administrasie en  
                          -ontwikkeling.

Met verwysing na die Minister van hierdie  
Departement, n brief met dieselfde strekking as  
die vorige een.

- (20) 3.3.78:       Notule van vergadering in kantoor  
                          van Minister van Plurale Betrekkinge  
                          en Ontwikkeling (mnr C P Mulder).

Teenwoordig is, onder meer, die genoemde Minister,  
die Minister van Finansies, verskeie amptenare van  
albei Departemente, die drie verteenwoordigers van  
die Raad, en Van Niekerk.

Verskeie aspekte van die finansiering van die  
elektrifiseringsprojek word bespreek.     Minister  
Mulder sê dat die saak na n komitee verwys word  
vir verdere studie.     Die komitee moet op 15

April 1978 terugrapporteer.

- (21) 8.3.78: Notule van vergadering in kantore  
van Departement Plurale Betrekkinge  
en Ontwikkeling.

Die Voorsitter is verweerder se Hoofdirekteur,  
Stander. Teenwoordig is verskeie amptenare van  
Staatsdepartemente en van die verweerder, asook  
Van Niekerk. Verskeie aspekte van die finansi-  
ering van die projek word bespreek.

"BESLUIT:

- (a) Dat in beginsel aanvaar word dat Soweto wel geëlektrifiseer gaan word;
- (b) dat die WRA in oorleg met sy bankiers 'n finansieringspakket vir die skema sal uitwerk wat berus op die volgende beginsels:
  - (i) Mnr. J.D. van Niekerk se verslag word aanvaar as basis vir die uitvoering en finansiering van die projek;

....."

- (22) 15.5.78: Brief Sekretaris Departement Plurale  
Betrekkinge en Ontwikkeling aan  
Hoofdirekteur, verweerder.

"2. Dit word graag bevestig dat die

finansieringsvoorstelle soos uitgeklaar deur u Raad en Volkskas en Barclays, asook ander tersaaklike besonderhede rakende die elektrifisering van Soweto, aan die Gemeenskapsraad vir Soweto voorgelê moet word vir oorweging. Sodra u Raad die Gemeenskapsraad se reaksie aan die Departement bekend gemaak het, sal die voorstelle vir ministeriële oorweging voorgelê word."

(23) 7.7.78: Brief verweerder deur Hoofdirekteur

(geteken Stander) aan eiser.

"Ek bring dit graag onder u aandag dat ek op 5 Julie 1978 genader is deur h. dr. L.J. Botha wat vergesel was van D. Thebehali, Voorsitter van die Sowetoraad.

Dr. Botha het my meegedeel dat hy 'n besigheidsadviseur is en dat hy 'n konsortium verteenwoordig van raadgewende ingenieurs in verskillende dissiplines. Mnr. Thebehali het my daarop meegedeel dat die mense van Soweto moet weet wat vir hulle gebied benodig word en dat dit sy Raad se voorneme is om dr. Botha en die konsortium opdrag te gee om ondersoek in te stel na elke moontlike ontwikkeling in Soweto.

Die Direkteur : Tegnies het die twee here meegedeel dat die Raad reeds van verskeie konsultingenieurs gebruik maak in verband met ontwikkelingswerk in Soweto en elders in sy gebied en dat u self reeds volledig verslag gedoen het in verband met die elektrifisering van Soweto ten opsigte waarvan u opdrag van my Raad ontvang het.

Dr. Botha het gesê dat hy nog nooit van u gehoor het nie en dat die afhandeling van die elektrisiteitsprojek in Soweto in elk geval 'n firma met tenminste 100 ingenieurs sou verg. Daar is ook verduidelik dat die Voorsitter van die Sowetoraad reeds 'n afskrif van mnr. Van Niekerk se verslag ter hand het.

My indruk van wat dr. Botha en mnr. Thebehali gesê het is dat daar gepoog

word om my Raad te oorreed om die konsortium in verband met alle verdere ingenieursbedrywighede in Soweto aan te stel, insluitend elektrifisering.

.....

Die funksies wat ingevolge Wet 125 van 1977 (kyk artikel (5)) aan die Sowetoraad oorgedra is, sluit nie die voorsiening van dienste soos elektrifisering in nie. Dit sou dus onmoontlik wees vir die Sowetoraad om die konsortium op hul eie opdrag te gee.

....."

(24) 31.10.78:) Briewe Sekretaris Departement Plurale

7.11.78:) Betrekkinge en Ontwikkeling aan

Hoofkommissaris, Johannesburg.

Die Minister het geen beswaar daarteen dat die Gemeenskapsraad van Soweto sy eie konsultante, die Ecoplan-konsortium, benoem om advies te gee oor die elektrifiseringskema nie, maar daar moet geen herhaling wees van die studies wat gedoen is in die reeds bestaande verslae nie en die vergoeding van die konsultante moet nie 'n maksimum van R6 000 oorskry nie.

(25) 7.11.78: Notule UK.

"Gedurende Mei 1977 is mnre. J.D. van Niekerk & Genote aangestel om verslag uit

te bring 'oor die tegniese aspekte van die elektrifisering van Soweto.' In 'n later stadium is die opdrag verbreed om 'die finansiële aspekte sowel as die metodes van uitvoering van die projek in geheel, insluitende huisbedrading, met inagneming van die Groter Soweto soos voorgestel deur die Du Randt-kommissie' te omvat.

Mnr. Van Niekerk se verslag is besonder deeglik opgestel en is grootliks gebaseer op oorspronklike navorsing wat sy firma onderneem het. Die verslag kan in sy huidige vorm as basis gebruik word vir die projek, dit wil sê min bykomstige navorsing hoef onderneem te word.

Die Hoofdirekteur is van mening dat mnre. J.D. van Niekerk & Genote nou aangestel behoort te word vir die elektrifiseringsprojek vir die Groter Soweto indien die Raad sou besluit om dit te onderneem.

AANBEVEEL:

Dat mnre. J.D. van Niekerk & Genote aangestel word as die Raad se raadgewende ingenieurs vir die uitvoering van die elektrifiseringsprojek vir die gebied Groter Soweto, indien besluit word om so 'n projek te onderneem."

(26) 28.11.78: Brief verweerder deur Hoofdirekteur  
(geteken Stander) aan eiser.

"AANSTELLING : ELEKTRIFISERINGSPROJEK

Dit is vir my aangenaam om u mee te deel dat my Raad u op 15 deser aangestel het as sy raadgewende ingenieurs vir die uitvoering van die elektrifiseringsprojek vir Groter Soweto indien besluit word om so 'n projek te onderneem.

Ek sal u op hoogte hou in verband met verwikkelinge."

(27) 14.12.78: Brief eiser (geteken Van Niekerk) aan

Hoofdirekteur, verweerder.

"AANSTELLING : ELEKTRIFISERINGS PROJEK :  
GROTER SOWETO

Die aanstelling vir bostaande werk soos vervat in u skrywe van 28 November 1978, word met dank aanvaar. Die gebruikelike voorwaardes van Vorm I van die Vereniging van Raadgewende Ingenieurs sal van toepassing wees.

Graag wil ons u verseker van ons hartlike samewerking met u en lede van u personeel."

(28) 5.1.79: Brief eiser (geteken Van Niekerk) aan

Hoofdirekteur, verweerder.

"Na aanleiding van die toespraak gelewer deur Mnr. David Thebehali ter geleentheid van die besoek van Sy Edele Dr. Koornhof op 13 Desember 1978, wens ons graag kommentaar te lewer op aspekte rakende hierdie firma.

.....

Die bewering deur Mnr. Thebehali dat hierdie firma 'small and relatively inexperienced' is, word verwerp synde beswadding wat van die Eco-plan Konsortium kom.

.....

Ons wil u verder daarop wys dat die verslag en beramings die basiese ontwerp van die stelsel vir die elektrifisering van die Groter Soweto bevat en dat ons nie verwaag dat groot wysigings in die detailontwerp nodig sal wees nie.

....."

(29) 6.2.79:) Notule UK en Raad.  
21.2.79:)

Die brief in die voorgaande paragraaf genoem word

in die notules opgeneem en daarvan word kennis geneem.

- (30) 25.6.79: Brief eiser (geteken Van Niekerk) aan  
Hoofdirekteur, verweerder.

"Aangesien daar besluit is om die elektrifiseringsprojek vir die gebied Groter Soweto te onderneem, sal ons met die basiese beplanning of voorlopige ontwerp van die projek soos bevat in ons verskeie verslae wat deur u Raad aanvaar is as uitgangspunt die dokumente wat nodig is om tenders vir die werke aan te vra opstel ooreenkomstig ons aanbevelings vir die gebied en dele uiteengesit in Hoofstuk 7 van ons verslag gedateer September 1977.

Sekere detail ontwerp is ook reeds bevat in ons verslae en dit sal nie vir ons moeilik wees om by die tydsbepalings van die voorgestelde program (verslag September 1977 bls. 57) te hou nie.

Ons bevestig dat reëlings getref is vir 'n samespreking op 5 Julie 1979 by u kantore met die verteenwoordigers van u Raad oor sekere aspekte van die verdere uitvoering van die projek."

- (31) 5.7.79: Notule UK.

"FOOIE VAN NIEKERK EN GENOTE :  
ELEKTRIFISERING

(Op uitnodiging sluit mnr. Van Niekerk om 10h15 by die vergadering aan).

Die Hoofdirekteur verwys na die Raad se opdrag aan mnr. Van Niekerk om verslag te doen oor die elektrifisering van Groter Soweto, en dat hy wel 'n volledige verslag ingedien het. Intussen het die Minister egter die verantwoordelikheid vir die elektrifiseringsprojek aan die Swart Rade oorgedra, met die gevolg dat die Raad nie meer die verantwoordelike liggaam is nie.

Die Minister het ook die Swart Rade se aanstelling van die Ecoplan Konsortium as Konsultante vir die projek goedgekeur.

Mnr. Van Niekerk verduidelik dat hy die basiese ontwerp van die projek gedoen het, sowel as die finansiële implikasies, en daarvolgens sy verslag aan die Raad voorgelê het. Volgens die 1976 Standaard Ooreenkoms van die Vereniging van Raadgewende Ingenieurs wat van toepassing is, word dit as 'gedeeltelike werk' beskou aangesien ander Konsultante nou oorneem. Fases (a) en (b) van die Konsultant se werk soos omskryf in die Standaard Ooreenkoms is egter volgens hom voltooi. Na sy mening beteken dit dat hy geregtig is op 30% van die volle fooi, plus verhaalbare koste. Alhoewel die fooi gewoonlik op finale koste gebaseer word, aangesien die projek nie voltooi is nie, sal sy fooi op beraamde koste gebaseer moet word.

Die Hoofdirekteur huldig die mening dat die omstandighede in hierdie geval soortgelyk is aan die 'kansellasië' van die projek insoverre dit die Raad betref. Aangesien die Raad nie verder met die projek voortgaan nie, verval die funksie van sy konsultant ten opsigte van die projek. In die geval van kansellasië bepaal die Standaard Ooreenkoms dat die Konsultant se fooi 20% plus  $\frac{1}{10}$  is. Daar sal vasgestel moet word of die Raad se Konsultant se fooie op die basis van 'gedeeltelike werk' bepaal moet word volgens die mening van mnr. Van Niekerk, en of dit op die basis van die 'kansellasië' van die projek bepaal moet word. Die posisie is nie duidelik nie. Die Standaard Ooreenkoms sal in hierdie verband bestudeer moet word. Mnr. Van Niekerk onderneem om hierdie aspek op te neem.

(Mnr. Van Niekerk verlaat die vergadering in hierdie stadium om 10h45.)

Die Hoofdirekteur noem dat mnr. Van Niekerk se rekening, sodra dit ontvang is en die Raad daarmee akkoord gaan, aan die Minister voorgelê moet word met die versoek dat dit deur die Staat betaal word aangesien die Minister se goedkeuring van die aanstelling van ander Konsultante vir die elektrifiseringsprojek die effek gehad het om die

Raad se opdrag aan mnr. Van Niekerk en sy aanstelling as Konsultant te kanselleer, en die werk wat hy reeds gedoen het oorbodig te maak, aangesien die nuwe Konsultante dieselfde werk ook gedoen het. Die eerste twee fases van die Konsultante se werk is deur die twee Konsultante gedupliseer nl:

- (a) Voorlopige verslag
- (b) Voorlopige ontwerp.

Die fooi waarop mnr. Van Niekerk geregtig is is dus vrugtelose uitgawe, tensy Ecoplan die nuwe Konsultante, ook van mnr. Van Niekerk se werk gebruik maak, in welke geval sy fooi van die algehele koste van die skema verhaal kan word.

**BESLUIT :**

Dat 'n Memorandum opgestel word oor die kwessie van die fooi van die Raad se elektrifiseringskonsultant, Mnre. van Niekerk & Genote, en aan die Minister voorgelê word met die versoek dat die Minister die Uitvoerende Komitee in hierdie verband te woord staan."

(32) 12.7.79: Memorandum van Hoofdirekteur,

Stander.

**"3. GELDE BETAALBAAR AAN D.J. VAN NIEKERK EN GENOTE (RAADGEWENDE ELEKTRO-TEGNIËSE INGENIEURS):**

Die Wes-Randse Raad het D.J. van Niekerk en vennote op 3 Junie 1977 aangestel om verslag te doen oor die elektrifisering van Soweto. Die aanstelling is later uitgebrei om die Groter-Soweto gebied in te sluit.

Mnr. Van Niekerk se taak was van so n aard dat hy daartoe moes oorgaan om bykomstige personeel aan te stel met die gevolg dat sy firma op 6 Desember 1978 aangestel is as my Raad se raadgewende ingenieurs 'vir die uitvoering van die elektrifiseringsprojek vir die gebied Groter-Soweto

indien besluit word om so 'n projek te onderneem'.

Die firma het sy verslag op 30 September 1977 ter oorweging voorgelê dit wil sê, 4 maande na aanstelling. Heelwat bykomstige werk moes deur D.J. van Niekerk onderneem word veral met betrekking tot finansiële aspekte van die projek. Daarbenewens het hulle sekere verhaalbare kostes aangegaan wat egter met die afhandeling van hul rekening geen probleem sal oplewer nie.

Die Van Niekerk-verslag is 'n omvattende dokument van 93 bladsye plus bylaes in die vorm van grafieke, planne en tabelle. In die tariefskodes vir raadgewende ingenieurs uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Vereniging van Raadgewende Ingenieurs word vier basiese stadiums van werk in verband met projekte aangedui, te wete:

- (a) 'n Voorlopige verslag;
- (b) voorlopige ontwerp;
- (c) detail ontwerp;
- (d) konstruksie.

.....

Die tariefskodes van die Vereniging van Raadgewende Ingenieurs is so 'n verwarrende dokument dat selfs praktiserende ingenieurs nie heeltemal seker is van die basis waarop gelde in spesiale omstandighede bereken moet word nie.

Die Hoofdirekteur maak die volgende voorlopige berekening:

Berekening van gelde :

|                        |               |
|------------------------|---------------|
| Primêre bedrag betaal- |               |
| baar                   | : R23 100,00  |
| + 5% van R76 418 565   | R3 820 928,25 |
|                        | <hr/>         |
|                        | R3 844 028,25 |
|                        | <hr/>         |

Nota : R76 418 565 is die berekende

koste van die projek in 1977.

|                           |   |               |
|---------------------------|---|---------------|
| Item 5.1.3.1.:            |   |               |
| Voorlopige ontwerp-       |   |               |
| stadium: 30% van          |   |               |
| R3 844 028,25             | = | R1 153 208,40 |
| Item 11.1:                |   |               |
| Projekte wat afge-        |   |               |
| stel word: $\frac{1}{10}$ | = | R115 320,00   |
|                           |   | <hr/>         |
|                           |   | R1 268 528,40 |
|                           |   | <hr/>         |

Op 28 Maart 1979 is verantwoordelikheid vir die uitvoer van die elektrieseringsprojek aan die drie Gemeenskapsrade in Soweto oorgedra. Die Van Niekerk-rekening moet egter nog afgehandel word.

Die Wes-Randse Administrasieraad kan die geld nie teen die projek verhaal nie en versoek dus dat die Departement 'n skenking van die ingenieursgelde aan die WRA maak."

- (33) 18.7.79: Notule van vergadering in kantoor van
- Minister van Departement Samewerking
- en Ontwikkeling.

Teenwoordig is die Minister, twee Adjunk-Ministers, talle amptenare van die Departement, verweerder se UK, bestaande uit die Voorsitter (Mulder), die Ondervoorsitter (Venter) en twee ander lede, en vier van die verweerder se amptenare, insluitende die Hoofdirekteur (Stander) en die Direkteur :

Tegnies (Du Plessis).

Ter aanvang word vermeld:

"n Memorandum opgestel deur die Hoofdirekteur dien as basis vir bespreking en word aangeheg as Bylae A."

[Dit is die memorandum genoem in die voorgaande paragraaf, (32)].

"3. GELDE BETAALBAAR AAN J.D. VAN NIEKERK EN GENOTE (RAADGEWENDE ELEKTRO-TEGNIESE INGENIERS)

Met verwysing na die Memorandum is die Minister van mening dat by die oorspronklike oordrag van die verantwoordelikheid vir elektrifisering, dit die gedagte was dat Van Niekerk ook nog n verdere rol moet speel. Mnr. Venter verduidelik dat beide Ecoplan en Van Niekerk dieselfde werk gedoen het, naamlik Fases a) en b) van die Konsultant se werk soos omskryf in die 1976 Standaard Ooreenkoms van die Vereniging van Raadgewende Ingenieurs soos volg:-

- a) Voorlopige verslag
- b) Voorlopige ontwerp.

Nadat die werk reeds namens die Administrasieraad deur Van Niekerk gedoen is, is Ecoplan aangewys en het dieselfde werk gedupliseer. Die Raad het binne sy reg opgetree om twee jaar gelede sy Konsultant aan te stel, en om hom opdrag te gee om die beplanning en ontwerp te doen.

Twee jaar later het die Swart Raad Ecoplan aangestel. Die destydse Minister het slegs goedgekeur dat n bedrag van R6 000 bewillig word om aan Ecoplan opdrag te gee om na die voorstelle van Van Niekerk te kyk en om kommentaar te lewer. Desnieteenstaande het Ecoplan die Sowetoraad genader met die oog op n volledige ondersoek, en is toe so

opgedra deur die Sowetoraad. Ecoplan het toe ook volledig ondersoek ingestel en 'n beplanning en ontwerp opgestel. Sodoende is die werk van Van Niekerk gedupliseer. As gevolg van die goedkeuring van die aanstelling van Ecoplan ten opsigte van elektrifisering, is albei konsultante geregtig op fooie vir dieselfde werk.

Mnr. Venter wys voorts daarop dat die oordrag van die verantwoordelikheid vir elektrifisering van die Administrasieraad na die Swart Rade, en die erkenning van Ecoplan, die de facto effek gehad het om Van Niekerk te ontslaan en sy werk oorbodig te maak. Hy moet egter betaal word vir die werk wat hy volgens sy wettige opdrag van die Administrasieraad gedoen het, wat eintlik nou verkwisting van geld is.

.....

Die Minister huldig die mening dat die projek so groot is dat dit eintlik te groot is vir een konsultant en dat daar plek is vir beide Ecoplan en Van Niekerk. Mnr. Venter noem dat een konsultant enige projek wel kan hanteer, ongeag die omvang van die projek, deur ander ingenieurs te betrek.

Die Minister beslis dat die kontraktuele verpligtinge van die Administrasieraad en die Sowetoraad ten opsigte van beide Ecoplan en Van Niekerk, bepaal en op 'n vaste grondslag geplaas moet word. Daar moet ook gepoog word om die verantwoordelikhede vir die elektrifiseringsprojek tussen die twee konsultante te verdeel, en om die verdeling te spesifiseer. Daar moet sonder versuim samesprekings tussen al die betrokke partye gevoer word om die saak uit te klaar. Daarna moet daar aan die Minister teruggerapporteer word."

Departement Samewerking en Ontwikkel-  
ing, aan Hoofdirekteur, verweerder.

"SOWETO: ELEKTRIFISERING

1. Ek verwys na die onlangse samespreking met Sy Edele die Minister waartydens daar gevra is dat die Departement presies ingelig moet word oor u Raad se kontraktuele verpligtinge ten opsigte van mnr. Van Niekerk. Met ander woorde, wat ek verlang is h afskrif van u mandaat aan hom en van enige supplementêre skrywes insake die mandaat en daarteenoor h opsomming van die werk reeds gedoen.
2. Ook het die Minister gevra dat u h bespreking reël tussen mnre. Marais en Van Niekerk om te kyk of mnr. Van Niekerk nie in die groter skema betrek kan word nie.
3. Voorts is gevra dat die Gemeenskapsrade ook in die verband geken word.
4. Die Minister het dringend versoek dat enige stremming in hierdie area ontlont word en daarom ontvang ek u kommentaar so gou doende."

(35) 24.7.79: Brief verweerder deur Hoofdirekteur

(geteken Stander) aan eiser.

"GROTER SOWETO ELEKTRIFISERINGSPROJEK

Hierdie skrywe dien om h mondelinge mededeling aan u aan die einde van Maart vanjaar te bevestig, naamlik dat die elektrifisering van die Groter-Soweto gebied aan die drie betrokke gemeenskapsrade oorgedra is. Die oordrag van funksies is gedoen ingevolge artikel 5 (1) (n) van Wet 125 van 1977 en die Sekretaris van Samewerking en Ontwikkeling het dit in h skrywe van 3 Mei 1979 soos volg aan die Hoofkommissaris bekend gemaak:

'1.1 That the electrification for the greater Soweto area comprising the areas of jurisdiction of the Soweto, Diep-Meadow and Dobsonville Councils be undertaken as a joint venture by the three said Councils at the earliest possible date.

1.2 That the responsibility for the electrification scheme for the greater Soweto be transferred from the West Rand Administration Board to the three respective Councils, viz.: The Soweto, Diep-Meadow and Dobsonville Councils.'

Soos aan u persoonlik meegedeel is, gaan my Raad derhalwe nie voort met die elektrifiseringsprojek nie. U sal merk dat u aanstelling vir die uitvoering van die projek onderhewig gestel is aan die voorwaarde dat inderdaad besluit word om so 'n projek te onderneem.

Ek sal dit waardeer as u my nou u rekening sal stuur vir voorlegging aan my Uitvoerende Komitee.

My opregte dank vir die groot taak wat u in verband met die projek gedoen het."

(36) 6.8.79: Brief verweerder deur Hoofdirekteur

(geteken Stander) aan Hoofkommis-  
saris, Johannesburg.

"ELEKTRIFISERING : GROTER-SOWETO :  
J.D. VAN NIEKERK EN GENOTE

U skrywe (22) N9/2/2/26/3 van 20 Julie 1979 verwys. [Dit is par (34) hierbo.]

Op 3 Junie 1977 is 'n brief wat soos volg lui aan mnr. J.D. van Niekerk gerig :

'Graag wens ons te bevestig dat die Uitvoerende Komitee van die Raad op 25 Mei 1977 besluit het dat u firma 'n opdrag gegee word om 'n volledige

verslag oor die tegniese aspekte van die elektrifisering van Soweto aan die Uitvoerende Komitee voor te lê.

Soos alreeds met u bespreek, sal alle planne en verslae wat beskikbaar is oor ontwerp en navorsing wat alreeds deur ander instansies in dié verband verrig is ter insae wees vir die nodige hantering van die projek.

Die vergoeding vir hierdie opdrag sal geskied op 'n tydsbasis volgens Vorm 1 van 1976 van die Vereniging van Raadgewende Ingenieurs se formules.'

Hierop het verskeie samesprekings tussen die Uitvoerende Komitee en mnr. Van Niekerk gevolg en daar is besluit om die oorspronklike opdrag uit te brei sodat sy verslag ook die finansiële aspekte van elektrifisering sou dek en die Groter-Soweto gebied sou omvat. Hy is ook versoek om verslag te doen oor die uitvoering van die projek insluitende huisbedrading.

Daar was kontensieuse vraagstukke waarop die Wes-Randse Raad in daardie stadium duidelikheid moes verkry. 'n Ander organisasie het toe reeds kort tevore 'n voorstel vir die elektrifisering van Soweto voorgelê. Daardie voorstel was nie vir die Raad aanvaarbaar nie omdat dit ooglopende tekortkominge bevat het. Bowendien is die projek so groot en duur dat dit riskant sou wees om beplanning en uiteindelijke besluit op enigiets behalwe 'n basiese ontwerp te baseer.

Die vasstelling van vertroubare kostes het ook 'n noodsaaklikheid geword. Die Sowetoraad was nie bereid om hulle tot die projek te verbind alvorens dit aan inwoners vir hul sienswyse voorgelê is nie. Om daardie rede is mnr. Van Niekerk opgedra om ook die finansiële implikasies van die projek te ondersoek en daarvoor verslag te doen. Tewens die banke se aanvanklike voorstel vir die aangaan van lenings is gebaseer op sy berekeninge en tabelle.

Die Van Niekerk-verslag is in September 1977 aan die Raad beskikbaar gestel maar aangesien daar van tyd tot tyd aspekte oor elektrifisering opgeduik het in verband

waarmee die Raad geadviseer moes word, is hy op 17 November 1977 aangestel om die Raad op 'n ad hoc basis oor verskeie aspekte in verband met elektrifisering te adviseer.

Mnr. Van Niekerk het tot nog toe nie 'n rekening vir sy dienste gelewer nie. Hy het dit agterweë gehou totdat 'n besluit oor elektrifisering geneem word. Indien hy aangestel sou word, sou die rekening vir die voorbereidende werk deel vorm van sy rekening vir die projek.

Daar was lang oponthoude veral met betrekking tot die meningspeiling in Soweto en om mnr. Van Niekerk 'n mate van sekerheid te gee, het die Uitvoerende Komitee op 15 November 1978 besluit om hom vir die uitvoering van die projek aan te stel indien besluit sou word om met elektrifisering voort te gaan.

In die tariefskedules vir raadgewende ingenieurs uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Vereniging van Raadgewende Ingenieurs word vier basiese stadiums van werk in verband met projekte aangedui, te wete:

- (a) 'n Voorlopige verslag;
- (b) voorlopige ontwerp;
- (c) detail ontwerp;
- (d) konstruksie.

Mnr. Van Niekerk se verslag kom tot by stadium (b) hierbo.

Die Raad se kontraktuele verbintenis met mnr. Van Niekerk berus op sy aanstelling per brief as raadgewende ingenieur van die Raad in verband met die elektrifisering van Soweto, welke opdrag tydens 'n vergadering uitgebrei is soos in die inleidende paragraaf aangedui. By afhandeling van sy opdrag het 'n ingenieur aanspraak op besoldiging ooreenkomstig die tariefskema wat die S.A. Vereniging van Raadgewende Ingenieurs voorskryf.

As aanhangsels heg ek hieraan die drie aanstellingsbriewe, 'n uittreksel uit 'n notule oor die uitbreiding van die aanvanklike opdrag, asmede 'n opsomming van die werk wat mnr. Van Niekerk gedoen het."

- (37) 23.8.79: Brief eiser (geteken Van Niekerk) aan  
Hoofdirekteur, verweerder.

"GROTER SOWETO ELEKTRIFISERINGSPROJEK  
PROFESSIONELEGEDELDE : INTERIM REKENING NR. 1

1. BERAAMDE PROJEKKOSTES

Netto beraamde koste  
voor eskalاسie van die  
projek volgens verslag  
September 1977  
Netto beraamde bedrag R73 268 565,00

Netto beraamde koste  
voor eskalاسie volgens  
aangepaste syfers vir  
Maart 1979 soos in  
memorandums 1979:03:27  
en 1979:06:18 R84 992 000,00

2. PROFESSIONELE GELDE

2.1 Voorlopige Ontwerp

Fooi volgens Vorm 1  
van die Vereniging van  
Raadgewende Ingenieurs,  
Klousules 5.1.2.1, 6.1.4  
en 6.2  
R23 100 + 5% van  
R84 992 000 = R4 272 700

Gedeelte tans betaalbaar  
vir voorlopige ontwerp  
en verslag volgens Klou-  
sules 3.1.2 en 5.1.2.1  
van Vorm 1  
20% van R4 272 700,00 R854 540,00

2.2 Verskeie Verslae, Ver-  
gaderings en Same-  
sprekings

R13 210,40

.....

TOTALE BEDRAG TANS  
BETAALBAAR

R869 498,28"

- (38) 4.9.79: Notule UK.

Daar word verwys na die besluit van UK van 5 Julie 1977 (par (31) hierbo) en die samesprekings met die Minister (par (33) hierbo). Verder word daar verwys na onderhandelings tussen verteenwoordigers van Ecoplan en die eiser, waaruit dit blyk dat daar tot geen vergelyk gekom kon word oor die samewerking van albei die instansies in die elektrifiseringsprojek nie. Ten slotte gaan die notule voort soos volg:

"Die kwessie van die rekening is egter nie so eenvoudig nie. Die stuk wat mnr. Van Niekerk aan die Raad voorgelê het beslaan 94 bladsye, benewens tabelle, grafieke, kaarte, en dies meer. Gedeeltes daarvan lyk vir die Hoofdirekteur na 'n voorlopige ontwerp maar nou is dit so dat daardie gedeeltes nie die hele groter-Soweto betrek nie. Ten minste tot en met Hoofstuk 2 van die verslag moet 'n mens dit beskou as uit-en-uit 'n voorlopige verslag. Daar is selfs gedeeltes in die res daarvan wat moontlik slegs voorlopig van aard is.

Omdat die rekening aansienlike verleentheid kan veroorsaak, voel die Hoofdirekteur dat dit liefs aan beoordeling deur 'n buite-party onderwerp moet word. Die President van die Instituut van Raadgewende Ingenieurs, mnr. Spence, het te kenne gegee dat hy bereid sou wees om dit te doen.

#### AANBEVEEL:

- (a) Dat mnre. J.D. van Niekerk en Genote se rekening in verband met die elektrifisering van Soweto aan die President van die Instituut van

Raadgewende Ingenieurs vir beoordeling voorgelê word;

- (b) dat na ontvangs van 'n verslag van die President van die Instituut van Raadgewende Ingenieurs, die Departement van Samewerking en Ontwikkeling meegedeel word dat daar nie tot 'n kompromie geraak kon word in verband met die werk wat Mnr. J.D. van Niekerk en Genote in verband met die elektrifisering gedoen het nie en dat die bedrag voorgestel in die verslag van die Instituut van Raadgewende Ingenieurs, aan hom as vereffening aangebied word."

(39) 7.9.79: Brief verweerder deur Hoofdirekteur

(geteken Stander) aan eiser.

"U interim rekening word tans deur my Raad se Uitvoerende Komitee oorweeg en ons tree ter geleë tyd met u daaroor in verbinding."

(40) 19.9.79: Brief verweerder deur Hoofdirekteur

(geteken Stander) aan eiser.

#### "REKENING : ELEKTRISITEITSPROJEK

Na aanleiding van u skrywe van 24 Augustus en die daaropvolgende telefoongesprek, het ons kennis geneem van die feit dat rekeninge van hierdie aard binne 30 dae afgehandel moet word.

Ek het ongelukkig 'n probleem aangesien u betaal moes word uit die projek as sulks, dit wil sê uit leningsgelde. Op my Raad se begroting vir hierdie jaar bestaan geen voorsiening vir 'n bedrag van die omvang wat nou hierby betrokke is nie. Dit sal derhalwe vir my nodig wees om ministeriële goedkeuring te verkry vir 'n oorbestedingspos. Sodra ek dit vra sal die onderhandelings tussen u firma en die Ecoplan-groep ter sprake kom en soos u weet hang die hele aangeleentheid nog in die lug. Ek het die inhoud van u voorstel op 10 September 1979

aan die Eco-mense gestel maar nog nie van hulle verneem nie.

Ek wil dus graag vra dat u my nog twee maande gee om die rekening af te handel.

Ek rig ook weer h skrywe aan die Ecoplan Konsortium in verband met die voorstel en tree daaroor met u in verbinding sodra ek van hulle hoor."

(41) 20.9.79: Notule Raad.

UK se aanbeveling van 4.9.79 (par (38) supra) word aanvaar.

(42) 1.10.79: Brief eiser (geteken Van Niekerk) aan  
Hoofdirekteur, verweerder.

"I/s GROTER SOWETO ELEKTRIFISERINGSPROJEK  
INTERIM REKENING NR. 1

Met verwysing na u skrywe van 19 September 1979 bevestig ons hiermee dat u Raad aanspreeklikheid aanvaar het vir betaling van ons interim rekening nr 1 en dat ons bereid is om aan u Raad uitstel van twee maande na die datum van daardie skrywe te gee vir betaling van daardie rekening.

....."

(43) 19.10.79: Notule UK.

Daar word besluit om aan te beveel dat die eiser se brief in die voorgaande paragraaf vermeld na die Raad se prokureurs verwys word om h konsep antwoord op te stel.

(44) 6.11.79: Notule UK.

Die eiser se rekening word bespreek. Die Hoofdirekteur doen verslag dat Van Niekerk nie bereid was om een van die drie persone wat deur die President van die S A Vereniging van Raadgewende Ingenieurs voorgelê is, as bemiddelaar te aanvaar nie. Dan lui die notule soos volg:

"Om die saak heeltemal duidelik te stel behoort mnr. Van Niekerk nou meegedeel te word dat die Raad sy rekening nie aanvaar nie omdat betaling vir die werk wat hy gedoen het, na die mening van die Raad op 'n tydsbasis bereken behoort te word.

Mnr. Van Niekerk se aanvanklike aanstelling lees soos volg:

'Graag wens ons te bevestig dat die Uitvoerende Komitee van die Raad op 25 Mei 1977 besluit het dat u firma 'n opdrag gegee word om 'n volledige verslag oor die tegniese aspekte van die elektrifisering van Soweto aan die Uitvoerende Komitee voorte lê.

Soos alreeds met u bespreek, sal alle planne en verslae wat beskikbaar is oor ontwerp en navorsing wat alreeds deur ander instansies in dié verband verrig is, ter insae wees vir die nodige hantering van die projek.

Die vergoeding vir hierdie opdrag sal geskied op 'n tydsbasis volgens Vorm 1 van 1976 van die Vereniging van Raadgewende Ingenieurs se formules.'

Tydens 'n vergadering gehou op 28 Julie 1977 het die Onder-komitee belas met die verdere ondersoek van die elektrifiseringsprojek mnr. Van Niekerk opgedra om besonderhede by te werk vir die groter-Soweto wat daardie

gedeeltes insluit wat die Du Randt-kommissie vir inlywing aanbeveel het. Benewens tegniese aspekte moes daar in die verslag besonderhede in verband met koste verstrek word asmede h program en metodes vir die uitvoering van die hele projek. h Aanbeveling moes in verband met bedrading van huise verstrek word 'aangesien die Komitee begerig was om doeltreffende diens te verskaf maar met deeglike inagneming van die koste-aspek.'"

(45) 9.11.79: Brief verweerder deur Hoofdirekteur

(geteken Stander) aan eiser.

"ELEKTRIFISERINGSPROJEK : SOWETO

Die Uitvoerende Komitee het nou geleentheid gehad om u interim rekening in die lig van advies wat oor die aangeleentheid ingewin is, te oorweeg. Dit blyk dat u rekening nie volgens u aanstelling opgestel is nie en ten einde die Raad in staat te stel om die bedrag waarop u geregtig is, vas te stel, word u versoek om h rekening volgens u aanstelling voor te lê.

Om enige misverstand waaronder u in verband met die aangeleentheid mag verkeer, uit die weg te ruim, herinner ons u nogeens aan die terme van u aanstelling. U opdrag was om h volledige verslag oor die tegniese aspekte van die elektrifisering van Soweto aan die Uitvoerende Komitee voor te lê. U vergoeding sou geskied op h tydsbasis volgens Vorm 1 van 1976 van die Vereniging van Raadgewende Ingenieurs se formules. U word nou gevra om u gedetailleerde rekening te lewer ten opsigte van die vergoeding waarop u volgens die gemelde formule geregtig is vir die verslag wat u gelewer het.

....."

Die voorgaande kronologiese rangskikking en uiteensetting van die bewysstukke bring onmiddellik twee

merkwaardige aspekte van die verweerder se saak na vore, met betrekking tot die eerste twee van die belangrike geskilpunte wat ek vroeër genoem het. Die eerste is dat toe die verweerder in Februarie 1984 'n wysiging van sy pleit verkry het om die behoorlike magtiging van sy ampsdraers ten opsigte van die sluiting van die verbredingsooreenkoms op 28 Julie 1977 in geskil te plaas, dit nie alleen die heel eerste keer was dat sodanige magtiging bevraagteken is nie, maar ook 'n verweer geopper het wat lynreg in stryd was met die duidelike standpunt wat die verweerder se bevoegde organe en verteenwoordigers deurgaans ingeneem het soos weerspieël word in die bewysstukke. Die tweede is dat ten opsigte van die vergoeding van die eiser vir die D-verslag op 'n persentasiebasis, in teenstelling met 'n tydsbasis, die laaste twee bewysstukke waarna ek verwys het (par (44) en (45)) 'n verbysterende volte face van die kant van die verweerder openbaar, in die lig van talle van die voorafgaande bewysstukke.

Daarby kom nog die verdere oorweging dat daar namens die verweerder geen getuienis voor die Verhoorhof geplaas is om hierdie twee dramatiese frontveranderinge te verduidelik nie. Die vraag is nou of daar enige gronde daarvoor bestaan.

Wat betref die magtiging om die verbredingssooreenkoms aan te gaan, moet daar eerstens verwys word na die notule van die vergadering waarop daar aan Van Niekerk die verbredingsopdrag gegee is - par (8) hierbo. Volgens daardie notule het Mulder, Venter en Stander aan die vergadering deelgeneem as lede van "die Sub-komitee wat deur die Raad aangewys is om die elektrifisering van Soweto verder te ondersoek." Die vermelding van "die Komitee" in die laaste paragraaf van die notule, waarin die verbreding van die eiser se opdrag uiteengesit word, kan alleenlik h verwysing wees na die "Sub-komitee wat deur die Raad aangewys is", soos vermeld in die aanvangsparagraaf van die notule, d w s Mulder, Venter en Stander. Onthou

sal word dat die Raad kragtens die Wet (artikel 11 (1) (b)) bevoeg was om van sy bevoegdheid aan 'n onderkomitee oor te dra, en dat die Uitvoerende Komitee met 'n soortgelyke bevoegdheid bekleed was (artikel 7 (3)). Op die oog af beskou, weerspieël hierdie notule gevolglik dat die verbredingsooreenkoms namens die verweerder aangegaan is deur een van sy organe wat kragtens die Wet bevoeg was om aldus op te tree.

In die Verhoorregter se uitspraak het hy met verwysing na hierdie notule die volgende opmerking gemaak: "Die status van dié dokument is egter verdag". Hy het egter nie daarop uitgebrei nie. In hierdie Hof is daar namens die respondent verskeie redes aangevoer waarom die Verhoorregter se opmerking geregverdig was. Alvorens ek na die betoog in dié verband verwys, is dit geleë om eers, duidelikhedshalwe, twee aangeleenthede te vermeld wat nie afbreuk kan doen aan die gewig wat die notule dra nie. Die eerste is dat Stander in 'n beëdigde verklaring wat

hy gemaak het in verband met die aansoek om die wysiging van die verweerder se pleitstukke in Maart 1985, nadat die eiser se saak reeds gesluit was, sekere bewerings gemaak het in verband met die tydstip en die wyse van die totstandbrenging van die notule. Die Verhoorregter het in die loop van sy uitspraak na dié beëdigde verklaring verwys en bevind dat die inhoud daarvan nie toelaatbare bewysmateriaal in die verhoor gevorm het nie, omdat dit nie deel van die viva voce getuienis was nie; gevolglik moes dit buite beskouing gelaat word. Na my mening was hierdie benadering klaarblyklik korrek, en die respondent se advokaat het tereg ook nie tot die teendeel betoog nie. Die tweede punt is dat volgens artikel 11 (1) (b) van die Wet slegs lede van die Raad op 'n onderkomitee kon dien, en Stander was nie so 'n lid nie. In hierdie verband het die Verhoorregter gesê dat Stander "prakties" 'n lid van die onderkomitee was, maar nie "regtens" nie, en dat dit slegs probleme kon laat ontstaan by 'n

"verdeelde stem", wat nie hier die geval was nie. Hy het bevind dat die feit dat die Hoofdirekteur ook op die onderkomitee gedien het nie die onderkomitee kragteloos gemaak het nie. Ook hierdie benadering was na my mening klaarblyklik korrek, en weer eens is die teendeel tereg nie deur die respondent se advokaat aangevoer nie. Verder is daar, nog eens tereg, niks gemaak nie van die feit dat die eiser in sy pleitstukke beweer het dat die verweerder deur vier persone verteenwoordig was, terwyl net twee van hulle inderdaad bevoeg was om namens die verweerder op te tree; die foutiewe bewering is nie van so'n aard dat dit die eiser se saak kan ontsenu nie.

Namens die respondent is aangevoer dat die notule wel verdag was, vanweë die inhoud en die vorm daarvan. Vir dié betoog is daar gesteun op die bestaan van 'n ander notule - par (7) hierbo - wat oënskynlik betrekking het op 'n ander vergadering wat gehou is tussen dieselfde persone op dieselfde dag, en

op 'n stukkie getuienis wat afgelê is deur D J Smith, wat in 1977 die hoof-komiteeklerk van die verweerder was en wat deur die eiser geroep is as 'n getuie. Daar is op gewys dat die twee notules van 28 Julie 1977 (par (7) en (8)), langs mekaar beskou, eintlik geen sin uitmaak nie, omdat hulle oor verskillende fasette van een en dieselfde projek gaan, maar tog voorgee om 'n bespreking tussen dieselfde persone weer te gee. Smith se getuienis was dat geeneen van die twee notules in die vorm wat hulle is geskik was om opgeneem te word in die amptelike stukke van die Raad of die Uitvoerende Komitee nie. Na my oordeel doen hierdie oorwegings egter nie af aan die prima facie uitwerking wat die tersaaklike notule in par (8) op die oog af het, volgens wat dit voorgee om te wees nie. Die bestaan van die twee afsonderlike notules is weliswaar 'n vreemde verskynsel, maar wat ook al die verklaring daarvoor mag wees, kan ek nie insien hoe dit op sigself kan afbreuk doen aan die egtheid of geldigheid van die

notule in par (8) nie. Smith het ook niks van dié aard probeer sê nie. Die strekking van sy getuienis as geheel was slegs dat die notules weergawes was van wat hy genoem het "informele vergaderings", en dat dit daarom in die amptelike stukke van die verweerder opgeneem sou kon word slegs indien dit deel gemaak is van h amptelike verslag wat formeel aan die Raad of die Uitvoerende Komitee voorgelê is. Volgens hom sou dit geen ongewone optrede gewees het nie; dit het trouens dikwels gebeur. Volgens hom was dit ook nie vreemd dat Stander self die notules van sulke vergaderings sou versorg het nie. Die letters "AHS/jb" wat links onder op die dokumente verskyn, is ook aanwesig op talle van die erkende amptelike notules van vergaderings van die Uitvoerende Komitee wat deel vorm van die bewysstukke wat in die bostaande uiteensetting genoem word. Van Niekerk is ondervra oor die twee notules van dieselfde datum, maar hy kon geen lig daarop werp nie. Hy het eers van die bestaan daarvan bewus geword

toe die dokumente in die loop van die verhoor vorendag gebring is. Hy het egter volgehou dat daar net één vergadering daardie dag plaasgevind het tussen hom en die ampsdraers van die verweerder. Dit is die verweerder se mense wat die posisie ten opsigte van die notules kon opgeklaar het, maar van die verweerder se kant was daar net stilswye. In die omstandighede moet daar aan die notule in par (8) die volle gewig geheg word wat dit volgens voorkoms dra.

Dat daar geen genoegsame rede bestaan om die betrokke notule as "verdag" te beskou nie, kan aangetoon word deur h sprong te neem na die notule van h vergadering van die Uitvoerende Komitee wat meer as twee jaar later gehou is, op 6 November 1979 - par (44) hierbo. In daardie notule word dit onomwonde gestel dat die verbredingsopdrag aan Van Niekerk, geformuleer in die woorde van die gewraakte notule self (par (8)), tydens h vergadering op daardie datum aan hom gegee is deur "die Onder-komitee belas met die verdere ondersoek

van die elektrifiseringsprojek". Hier het die Uitvoerende Komitee dus sy eie stempel van egtheid en geldigheid op die notule afgedruk. Dit blyk nie uit die notule in par (44) wie dit was wat op hierdie wyse die notule in par (8) as't ware goedgekeur het nie, maar dit kan as waarskynlik aanvaar word dat die spreker Stander was. In daardie veronderstelling is daar namens die respondent aangevoer dat sy "erkenning" nie teen die verweerder toelaatbare getuienis was nie, vanweë 'n beweerde "beginsel" dat 'n "erkenning" gemaak deur een "agent" van 'n gedingsparty aan 'n ander "agent" of aan die gedingsparty self nie teen laasgenoemde toelaatbaar is nie. Dit is onnodig om op die bestaan of die trefwydte van die beweerde "beginsel" in te gaan, en ek sê niks daaroor nie, omdat dit eenvoudig nie in die onderhawige omstandighede enige aanwending kan vind nie. Dit gaan nie hier om 'n "erkenning" gemaak deur 'n individu nie. Dit gaan om 'n stelling wat in 'n vergadering gemaak word en wat deur die

stilswe van al die ander lede van die vergadering met goedkeuring aanvaar word. n Mens het gevolglik hier te doen met n amptelike standpunt-inname van n bestuursorgaan van die verweerder self, soos dit opgeneem is in en weerspieël word deur die notule. Ek kan aan geen rede dink waarom dit nie toelaatbaar sou wees teen die verweerder nie. En die gewig wat dit dra is aansienlik, as daar in ag geneem word dat die verhouding tussen die partye in hierdie stadium alreeds in so n mate versuur het dat die Uitvoerende Komitee regsadvies ingewin het en met betrekking tot die basis van die eiser se vergoeding al n totale ommeswaai van standpunt bereik het.

Die gesamentlike effek van die notules in par (8) en (44) is dat die eiser, op die minste, n prima facie saak uitgemaak het dat die verweerder met die sluiting van die verbredingsooreenkoms behoorlik verteenwoordig was deur persone wat bevoeg was om hom te verbind. Van die verweerder se kant het daar niks

gekom om die eiser se prima facie saak te neutraliseer nie. In betoog is daar egter sterk gesteun op die feit dat die eiser geen notule vorendag gebring het van 'n vergadering van die Raad of die Uitvoerende Komitee om te bewys dat daar ooit 'n benoeming of aanstelling van 'n onderkomitee was soos dié wat genoem word in die notules in par (8) en (44) nie. Met betrekking tot 'n soortgelyke argument wat in die Hof a quo geopper is, het die Verhoorregter bevind dat die verweerder nie bewys het dat al die tersaaklike notules voor die Verhoorhof was nie en dat daar geen grondslag was om tot die gevolgtrekking te kom dat daar geen notule bestaan het waaruit die aanwysing van so 'n onderkomitee blyk nie. Na my oordeel is hierdie bevindings onaanvegbaar. In hierdie Hof het mnr Burger die probleem probeer oorbrug deur te verwys na 'n passasie in die oorkonde waaruit blyk dat die verweerder se destydse senior advokaat, mnr Henning, in die loop van die verhoor, tydens 'n debat tussen die advokate oor

blootlegging, die stelling gemaak het dat die eiser se prokureur toegang gehad het tot al die notules van die Raad en die Uitvoerende Komitee, met enkele genoemde uitsonderings ten aansien waarvan bevoorregting geopper is, en dat mnr Muller, wat ook in die Hof a quo namens die eiser opgetree het, nie dié stelling betwis het nie. Na my mening neem dit die saak vir die verweerder en die respondent niks verder nie. Mnr Muller was klaarblyklik in geen posisie om te ontken of te erken dat die verweerder al die tersaaklike notules ter beskikking van die eiser se prokureur gestel het nie. Uit 'n ander passasie in die oorkonde, waarna mnr Muller ons verwys het, blyk die volgende. In die loop van die kruisondervraging van Van Niekerk het mnr Henning getrag om te "boekstaaf" dat al die notules wat aangevra is aan die eiser se prokureurs beskikbaar gestel is. Hierop het mnr Muller beswaar gemaak en gesê dat die Uitvoerende Komitee se notules nooit blootgelê is nie en dat die eiser se prokureur nog

steeds besig was om dié wat beskikbaar gemaak was "deur te gaan". Na verdere debat het die Verhoorregter teenoor mnr Henning opgemerk dat dit vir hom lyk of wat mnr Henning te boek wou stel nie gemene saak was nie. Dit is dus duidelik dat daar nie namens die eiser enige erkenning gemaak is dat al die tersaaklike notules voor die Verhoorhof was nie. Die moontlikheid is sekerlik ook nie uitgesluit dat die eiser se prokureurs die tersaaklike notule kon misgekyk het nie (dit lyk waarskynlik dat daar n massa van die goed was). In ieder geval, selfs al sou daar aanvaar word dat daar geen sodanige notule bestaan het nie, kan ek nog nie insien hoe dit die verweerder kon gehelp het nie. Die nie-vermelding van die aanwysing van n onderkomitee in enige notule van die Raad of die Uitvoerende Komitee kon bloot n fout, vergissing of versuim gewees het. Per slot van sake was die benoeming van onderkomitees geen buitengewone verskynsel nie, soos blyk uit die getuienis van Smith (en kyk bv par (2), (14) en (18)

hierbo). Effektief kon die prima facie bewyskrag van die notules in par (8) en (44) slegs weerspreek word deur die drie betrokke persone self: Mulder, Venter en Stander. Die verweerder het verkies om hulle getuienis van die Verhoorhof te weerhou. Die respondent kan hom nie op 'n lugleegte beroep om die eiser se prima facie saak die hoof te bied nie. By ontstentenis van weerleggende getuienis het daardie saak 'n afdoende saak geword.

Op die grondslag dat Mulder en Venter lede van 'n behoorlik aangestelde onderkomitee was wat regtens namens die verweerder kon opgetree het, is die vraag vervolgens of die sluiting van die verbredings-ooreenkoms binne die omvang van hulle magtiging geval het. Daar was geen direkte getuienis hieroor nie, maar 'n afleiding uit die bewysstukke dat hulle wel aldus gemagtig was, is onweerstaanbaar. In die D-verslag, opsigtelik heel aan die begin daarvan (par (11) (a) hierbo), het Van Niekerk in onomwonde taal die

verbreding van sy opdrag uiteengesit; niemand kon enige twyfel daaroor gehad het nie. Die feit dat sy bewoording ietwat anders gelui het as dié in die notule in par (8) is van geen belang nie. In die daaropvolgende vergadering van die Uitvoerende Komitee op 8 November 1977 (par (13)) is Van Niekerk se uiteensetting van sy verbrede opdrag aangehaal en aanvaar sonder enige kommentaar, en tydens die vergadering van die Raad wat op 17 November 1977 gevolg het, het dieselfde gebeur (par (14)). Op albei die vergaderings was die D-verslag ter tafel vir bespreking, en soos blyk uit die notule van die Raadsvergadering (par (14)) was dit deeglik ontleed en is belangrike besluite op grond daarvan geneem. Die lede van die Uitvoerende Komitee en van die Raad moes noodwendig kennis geneem het van die feit dat die D-verslag juis die uitvloeisel was van die verbredingsopdrag wat Van Niekerk daarin vooropgestel het, en dit is ondenkbaar dat die behoorlike magtiging van verteenwoordigers van

die verweerder se bestuursorgane om die verbredingsopdrag aan Van Niekerk te gee nie te berde gebring sou geword het deur iemand nie, indien daar enige twyfel daaroor kon bestaan het. Hier reeds is die afleiding geregverdig dat die lede van die verweerder se bestuursorgane terdeë bewus was daarvan dat die verbredingsooreenkoms uit hoofde van behoorlike magtiging namens die verweerder aangegaan was, en dus dat sodanige magtiging inderdaad bestaan het. Daarna word Van Niekerk se formulering van sy verbredingsopdrag sonder meer in talle van die verweerder se stukke opgeneem en aanvaar (bv par (17) en (25)). Daar word ook besluit om die D-verslag as basis vir die uitvoering en finansiering van die projek te aanvaar (par (21)). Om die kroon op alles te span, is daar die belangrike samesprekings wat op 18 Julie 1979 plaasgevind het tussen die Minister, met sy amptenare, en die verweerder se Uitvoerende Komitee, met sy amptenare (par (33) hierbo). Dit was gebaseer op

Stander se memorandum (par (32)), wat n uitvloeisel was van die vergadering van die Uitvoerende Komitee op 5 Julie 1979 (par (31)). Die middelpunt van die besprekings was die vergoeding wat aan Van Niekerk betaalbaar was vir die werk wat hy gedoen het. In daardie samehang sit Stander weer eens in sy memorandum Van Niekerk se verbredingsopdrag in laasgenoemde se eie woorde uiteen. Teenoor die Minister verklaar Venter, wat klaarblyklik as spreekbuis van die Uitvoerende Komitee opgetree het, ten aanhore van die ander lede van die Komitee, dat Van Niekerk betaal moes word vir die werk wat hy, pertinent, volgens sy "wettige opdrag" gedoen het. Dit is klinkklare bewys dat die verbredingsopdrag behoorlik gemagtig was. Maar nog is dit die einde nie. Kort na die samesprekings, op 20 Julie 1979, wil die Minister presiese inligting hê oor die verweerder se kontraktuele verpligtings teenoor Van Niekerk (par (34) hierbo). In Stander se antwoord (par (36)), wat vanweë sy posisie die antwoord van die

verweerder daarstel, verklaar hy dat die besluit om die verbredingsopdrag te gee, wat hy uiteensit, voortgespruit het uit verskeie samesprekings tussen die Uitvoerende Komitee en Van Niekerk. Sy verwysing na die Uitvoerende Komitee as sodanig is weliswaar, streng gesproke, feitlik nie korrek nie, maar die feit dat hy hierdie stelling maak, beoordeel in die lig van sy vermelding van die onderkomitee op die UK-vergadering van 6 November 1979 (par (44)), toon juis onteenseglik aan dat die optrede van die onderkomitee met die sluiting van die verbredingsooreenkoms geskied het met die volle wete en magtiging van die Uitvoerende Komitee.

Die afleiding van magtiging wat uit die bewysstukke volg, bied terselfdertyd die antwoord op die betoog namens die verweerder en die respondent dat die eiser nie bewys het dat daar aan die voorskrifte van die regulasies voldoen was nie, soos vroeër vermeld. Dit was nie vir die eiser nodig om sodanige

voldoening te bewys nie. Wat uit die bewysstukke blyk, is 'n reeks ondubbelsinnige erkennings gemaak deur bevoegde organe en ampsdraers van die verweerder dat die verbredingsopdrag geldiglik gegee was en dat die verweerder daaraan gebonde was. Daardie erkennings het die eiser se saak uitgemaak en in die afwesigheid van enige weerleggende getuienis was dit voldoende om die verweerder aanspreeklik te hou. Dit is gevolglik onnodig om verder te verwys na die strekking of die uitwerking van die regulasies.

Tydens die betoog in hierdie Hof het die respondent se advokaat, toe die bogenoemde aspekte van die bewysstukke aan hom gestel was, meer as een keer die submitisie gemaak dat die verweerder se bestuursorgane en ampsdraers ten tyde van die betrokke uitlatings en oënskynlike erkennings net nie gedink het aan die vraag van behoorlike magtiging nie. Die antwoord op die submitisie is dat dit maar net 'n submitisie is: daar is geen getuienis waarop dit

gegrond kan word nie. Blote bespiegeling is nie genoeg om die prima facie bewyswaarde van 'n erkenning ongedaan te maak nie. Maar in ieder geval druis die submitisie in teen al die waarskynlikhede. Met die vergadering van die Uitvoerende Komitee op 5 Julie 1979 (par (31)) was die koeël reeds deur die kerk: die Minister het die elektrifiseringsprojek reeds aan die Swart Gemeenskapsrade oorgedra en die verweerder se verantwoordelikheid in dié verband het tot 'n einde gekom. Voordat dit gebeur het, was dit almal se stellige verwagting dat Van Niekerk se vergoeding betaal sou word het uit die gelde wat vir die projek beskikbaar gemaak sou word. Toe die verwagte bron waaruit die vergoeding sou kom onverwags opgedroog het, was die verweerder in der waarheid in 'n krisis gedompel, wat sy kontraktuele verpligting teenoor Van Niekerk betref. Vandaar juis die verhoë aan die Minister (par (33)). In hierdie omstandighede is dit in die hoogste mate waarskynlik dat die verweerder se

organe en amptenare deeglik sou besin het oor die vraag in welke mate die verweerder regtens aanspreeklik gehou sou kon word teenoor Van Niekerk. Des te meer sou dit die posisie gewees het toe die verweerder moes antwoord op die Minister se navraag oor die presiese kontraktuele verpligtings van die verweerder teenoor Van Niekerk (par (34) en (36)). Die waarskynlikheid is dat daar gesoek sou geword het na 'n uitkomst om aanspreeklikheid te vermy. Die erkenning waarom dit gaan, is gevolglik gemaak in omstandighede wat inherent nie twyfel laat ontstaan oor die waarheid of die korrektheid daarvan nie. Daarna het die Uitvoerende Komitee goed besef dat die eiser se rekening "aansienlike verleentheid" kan veroorsaak (par (38) hierbo), maar Stander vra slegs tyd om Ministeriële goedkeuring vir 'n oorbestedingspos te verkry en om die rekening af te handel (par (40) hierbo), en ten slotte, nadat regsadvies ingewin is, sien ons 'n omgeswaai wat die berekening van die bedrag van die vergoeding

betref, maar nog steeds word daar gebly by h aanvaarding van die geldigheid van die verbredingsopdrag (par (44)).

Om bogenoemde redes is die Verhoorhof se bevinding dat die verweerder gebonde was aan die verbredingsooreenkoms onaanvegbaar. Wat hierdie aspek van die saak betref, moet die respondent se teenappèl dus misluk.

Vervolgens bespreek ek die geskilpunt aangaande die grondslag waarop die eiser se vergoeding vir die D-verslag bereken moet word. Dit hou verband met die stilswyende beding van die verbredingsooreenkoms waarop die eiser hom beroep, soos vroeër vermeld. Op sy beurt hang dit saam met die bevinding van die Verhoorregter, wat ek vroeër as van kardinale belang beskryf het, dat Mulder en Venter met die aangaan van die ooreenkoms totaal onbewus was van h verandering in die vergoeding, van h tydsbasis na h persentasiebasis.

Om hierdie geskilpunt op te los is dit nodig

om aandag te skenk aan Van Niekerk se getuienis en aan die waarskynlikhede. Die twee dinge hang natuurlik saam met mekaar, maar bloot vir gerief bepaal ek my eers net by Van Niekerk se getuienis. Ongelukkig sal ek in 'n mate van besonderhede daarop moet ingaan, want die Verhoorregter se kommentaar daarop, wat strek oor 'n klomp bladsye van sy uitspraak, was in heelwat opsigte na my mening, met respek gesê, nie geregverdig en korrek nie, soos ek sal probeer aantoon. Ek beperk nietemin my bespreking tot die hoofpunte wat van belang is. Van Niekerk se getuienis kan ter wille van gerief in twee afdelings verdeel word, wat hierdie aspek van die saak betref: eerstens, die gesprekke wat hy met Stander en Du Plessis gevoer het voor die vergadering van 28 Julie 1977, en tweedens, die inhoud van die samesprekings met Mulder, Venter, Stander en Du Plessis op 28 Julie 1977. Ek behandel dit agtereenvolgens.

In sy hoofgetuienis het Van Niekerk verduidelik dat daar verskeie gesprekke tussen hom en

Stander en Du Plessis plaasgevind het terwyl hy besig was om te werk aan die uitvoering van sy aanvanklike opdrag (dit is die een van 3 Junie 1977, soos aanvaar op 6 Junie 1977 - par (5) en (6) hierbo). Tydens daardie gesprekke het Stander en Du Plessis talle vrae aan hom gestel in verband met verskillende aspekte van die elektrifiseringsprojek. Hy het in sy getuienis die aard en strekking van die vrae uiteengesit, maar dit is nie nodig om daarop in te gaan nie. Dit het naderhand so ver gegaan, volgens Van Niekerk, dat hy aan Stander gestel het dat om antwoorde op die vrae te gee sou "val heeltemal buite die bestek van die opdrag" wat aanvanklik aan hom gegee is, dat dit sou "noop dat ons moet begin ontwerpwerk doen en 'n basiese ontwerp daarstel", wat nie die gedagte oorspronklik was nie, en dat hy gedwing sou word om buite sy opdrag te gaan. Stander het gesê hy sou 'n vergadering reël, maar etlike weke het verbygegaan en nog steeds is daar aan hom verdere vrae gevra. Hy het toe aan Stander gevra,

kan ons nou 'n vergadering kry sodat ons die ding kan "deurbespreek". Dit was toe op sy versoek dat die vergadering van 28 Julie 1977 plaasgevind het. Van Niekerk sê dat hy meer as een keer aan Stander sowel as Du Plessis duidelik laat verstaan het dat wat hulle "soek" gaan baie verder as wat die oorspronklike opdrag was. Hy het ook aan hulle gesê dat wat hulle seek 'n "basiese ontwerp" was, en dat hulle moet besef dat die vergoeding daarvoor gaan geskied op 'n ander basis as voorheen, nl dit sou moes op "fooiskale" geskied. Hy het dit duidelik gestel aan hulle dat as gevolg van die bykomende werk 'n basiese ontwerp gedoen sou moes word en dat die vergoeding "basies verander nou van die tydtarief na die fooi-skaal toe". Hulle het geen kommentaar gelever daarop nie. In 'n latere stadium van sy hoofverhoor het hy dit so gestel, dat in die gesprekke voor die vergadering hy aan Stander en Du Plessis gemeld het dat, aangesien die werk wat hulle vra soveel breër was, sou "die basis verander en dus

tot 'n tariewebasis moet omskakel". Tydens kruis-  
ondervraging het Van Niekerk bygevoeg dat vanweë die  
"diepte" van die antwoorde wat van hom verlang was en  
die oorgaan na 'n basiese ontwerp, hy op verskeie kere  
gesê het dat die "hele basis van die aanstelling" ver-  
ander; dat die "hele basis" van die opdrag verander;  
dat die "hele prentjie verander geheel en al", soos hy  
dit voor die vergadering in die gesprekke gestel het;  
en dat hy uitgewys het dat daar nou in 'n area ingegaan  
word wat glad nie in die opdrag vervat was nie.

Met die oog op wat later volg, is dit  
belangrik om te let op wat Van Niekerk getuig het met  
betrekking tot die vermelding van Vorm 1 van die model-  
ooreenkoms ten tyde van die gesprekke voor die ver-  
gadering. Soos in die getuienis, sal ek kortweg  
daarna verwys as Vorm 1. Ek het vroeër die  
tersaaklike gedeeltes daarvan aangehaal. Die  
verskeie stadiums van die gewone pligte van 'n ingenieur  
wat daarin genoem word, is in die getuienis dikwels

genoem "fases": fase 1 is die verslagstadium (klousule 3.1.1 met sy onderafdelings), waarvoor voorsiening gemaak word vir vergoeding op 'n tydsbasis volgens Deel IV van die Skedule (klousule 5.1.1), en fase 2 is die voorlopige ontwerpstadium (klousule 3.1.2 met sy onderafdelings), ten aansien waarvan vergoeding bereken word op 'n persentasiebasis (klousule 5.1.2.1). Dit is geleë om nou reeds te noem dat Van Niekerk dwarsdeur sy getuienis dit herhaaldelik beklemtoon het dat Du Plessis reeds kennis gedra het van Vorm 1 (alhoewel hy nie in besit was van een nie en daar tydens die gesprekke en die vergadering nie een beskikbaar was nie) en dat Du Plessis wel bewus was van wat in Vorm 1 vervat was. Dit is teen dié agtergrond dat daar gekyk moet word na Van Niekerk se verwysings na Vorm 1 in sy getuienis in verband met sy gesprekke met Stander en Du Plessis. Reeds in sy aanvanklike uiteensetting daarvan het hy melding gemaak van Vorm 1, in die samehang van die getuienis wat hierbo vermeld is.

Gevra oor die basis van vergoeding, het hy getuig dat

"..... daar is deur my aan hulle gemeld dat wat hulle soek is 'n basiese ontwerp en hulle moet beseef dat Vorm 1 is nog steeds van toepassing, maar dit gaan op 'n ander basis geskied as voorheen. Dit sal moet op fooiskale geskied."

Net daarna is hy verwys na sy aanstellingsbrief (van 3 Junie 1977) waarin daar gepraat word van Vorm 1: hy het bevestig dat die aanstelling verwys na Vorm 1 en "die tydsbasis", en toe bygevoeg:

"Nou Vorm 1 beskryf ook die ander stadium."

'n Rukkie later het hy getuig dat hy vir Stander en Du Plessis gesê het dat die vergoeding "basies verander nou van die tydtarief na die fooiskaal toe". In die samehang gelees, kan daar geen twyfel wees nie dat Van Niekerk se stelling aan Stander en Du Plessis, dat Vorm 1 "nog steeds van toepassing" sou wees, niks anders beteken het as dat die veranderde grondslag van vergoeding dit sou wees wat in Vorm 1 bepaal word vir "die ander stadium", te wete die voorlopige ontwerpstadium, fase 2 nie. Dat dit die mededeling

was wat Van Niekerk inderdaad aan Stander en Du Plessis  
gemaak het, blyk in soveel woorde uit wat hy op  
verskeie geleenthede tydens sy kruisondervraging gesê  
het:

"Julle moet verstaan dat die hele basis van  
die opdrag gaan hiermee verander, ons gaan 'n  
basiese ontwerp doen, ons sal in die voor-  
lopige ontwerpstadium moet ingaan."

.....

"..... daarby sê dat in die gesprekke en met  
hierdie uitbreiding dit duidelik uitgespel is  
om ten volle te antwoord op al die vrae en  
probleme wat gestel is, dat ons moet oorgaan  
tot die voorlopige ontwerp-stadium en 'n  
basiese ontwerp daar stel en daardie verslag  
sal dan 'n beplanningsverslag wees."

.....

"Toe het hierdie dinge gekom, maar die diepte  
daarvan was nie net die normale gangbaarheid-  
studie van fase 1 nie."

.....

"Ek het ook in daardie gesprekke, het ek dit  
verduidelik dat ons sal moet 'n verdere  
stadium gaan as wat ons oorspronklik sou  
gegaan het. Ons sal moet in die tweede  
fase ingaan en laat die hele basis van die  
aanstelling verander."

Ek kom nou by Van Niekerk se getuienis oor  
wat op die vergadering van 28 Julie 1977 gebeur het.  
Hy het 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee aange-  
vra om die uitbreiding van die opdrag te bespreek, maar

toe was dit slegs Mulder en Venter wat bygekom het. Maar, sê hy, Mulder en Venter was onderskeidelik die voorsitter en ondervoorsitter van die Raad en die Uitvoerende Komitee, en hy het aanvaar dat met dié twee here daarby "die besprekings wat plaasvind ..... en die opdragte wat kom geheel en al is volgens wat gedoen word binne-in die Administrasieraad as sulks". Sy getuienis oor wat op die vergadering gebeur het, is ingelei met 'n vraag of hy daar 'n spesifieke "instruksie" van Du Plessis gekry het. Sy antwoord was dat Du Plessis hom gevra het wanneer hy 'n kopie kon kry van Vorm 1; dit was toe hulle uitgestap het uit die kantoor, na die vergadering. (Vorm 1 was op daardie stadium uit druk en nie beskikbaar nie.) Sy getuienis vervolg dan so:

"Hoekom het hy vir Vorm 1 gevra? --- Die rede was, ek het genoem tydens die vergadering dat om die opdrag te kon doen sou die werk nou op 'n ander basis geskied, en dit sou wees volgens Vorm 1. Ek het ook voor die vergadering, in die gesprekke wat voorafgegaan het, het ek gemeld, aangesien die werk en die vrae wat hulle vra soveel breër is, sal die basis van die ander (sic: verander) en dus tot 'n tariewebasis moet

omskakel.

Dit was voor die 28e? --- Dit was voor die 28e. Ek het toe in die vergadering genoem, net soos ek dit voorheen bespreek het met mnr Du Plessis en Stander, en toe ons uitstap het Du Plessis net vir my gesê, kan hy 'n kopie daarvan kry .....

(Dit is van belang om daarop te let dat Van Niekerk sy verwysing na Vorm 1 regstreeks koppel aan 'n verandering van die grondslag van vergoeding "tot 'n tariewebasis".) Van Niekerk het voorts daarna verwys dat hy 'n Vorm 1 aan Du Plessis gestuur het saam met die D-verslag, op 23 September 1977, soos blyk uit par (9) hierbo. Gevra na watter doel dit gedien het, het Van Niekerk gesê:

"Die vorm kon net dien omdat hy nie een besit het nie, net dat hy kan ten volle ingelig word oor wat dit bevat, maar hy het reeds kennis daarvan gedra, van wat dit behels, of van die vorige vorm eintlik."

Die verwysing na "die vorige vorm eintlik" is 'n verwysing na die bepaalde Vorm 1 wat in hierdie saak ter sprake is. Ten tyde van die verhoor het daar reeds 'n nuwe Vorm 1 die lig gesien by wyse van publikasie in die Staatskoerant ingevolge artikel 7 (6)

van Wet 81/1968, maar dit is nie ter sake nie. Van Niekerk het verduidelik dat hy destyds onder h wanindruk was dat nuwe tariefskale of fooiskale binnekort afgekondig sou word (kyk par (9) hierbo), maar dat dit toe nie so gebeur het nie; h nuwe Vorm 1 in die geheel het eers omtrent 5 jaar later verskyn. Van Niekerk het voorts verwys na Du Plessis se versoek, na ontvangs van die D-verslag, om h voorlopige rekeningstaat te ontvang (par (12) hierbo), en verduidelik dat hy Du Plessis toe geskakel het en aan hom gesê het dat hy (Du Plessis) weet die vergoeding is nou op fooiskale, en aangesien die verweerder nog nie "fondse van die projek" bekom het nie, sou hy nie op daardie stadium reeds h rekeningstaat vir hom stuur nie.

In die voorgaande paragraaf is Van Niekerk se hoofgetuienis oor die vergadering van 28 Julie 1977 opgesom. Met kruisondervraging het die uitdrukking "persentasiebasis" vir die eerste keer in verband met

die vergadering voorgekom, in h vraag van die verweerder se destydse senior advokaat, wat feitlik verkeerd was, maar terselfdertyd insiggewend en verstaanbaar foutief. Ek haal die vraag en die antwoord aan:

"U het in u getuienis in hoof gepraat van h stilswyende bepaling van die ooreenkoms op 28 Julie 1977, dat fooie op h persentasie-basis betaal sou word? --- Dit is korrek, wat gebeur het, selfs voor die 28 Julie, in die gesprekke, het ek dit gestel aan beide mnr Du Plessis en mnr Stander, die basis van alles wat julle nou van my verwag is heeltemal breër en dat die basis van vergoeding sal verander. Dit het ook so gegaan, dit is gemeld tydens daardie vergadering."

Die getuie het herhaal dat Du Plessis hom gevra het om h Vorm 1 aan te stuur en dat dit gedoen is, en bygevoeg:

"Omdat die verweerder mnr Du Plessis daar gehad het wat kennis gedra het van hierdie vorms, moes ek aanvaar dat dit heeltemal duidelik is vir hulle."

Later tydens kruisondervraging het die verweerder se advokaat weer verwys na "persentasie tariewe", toe hy aan Van Niekerk dit gestel het dat hy hom beroep op h stilswyende bepaling dat die verweerder "persentasie tariewe" sou betaal vir "fase 2 voorlopige ontwerp".

Van Niekerk het bevestigend geantwoord en bygevoeg:

"..... dit was voortdurend duidelik aan hulle gestel en ek glo nie personeel ens. en die ander persone van die Raad was oningelig daaromtrent nie. Want ek kan my ook herinner dat die ondervoorsitter vir my die vraag gevra het oor die fooie of dit nou die groot bedrag of jy dit nou vir ons gaan vra. Toe het ek ook vir hom nog gesê dit kom eers as die projek se fondse beskikbaar is."

Van Niekerk het hier verwys na wat op die vergadering gebeur het. Nog later het hy herhaaldelik beklemtoon dat hy op die vergadering dit duidelik gestel het dat dit nou nodig geword het om 'n "basiese ontwerp" te doen, en dat dit "verander ook die basis van ons aanstelling". Dit is aan hom gestel dat Stander sou getuig dat die fooie-aspek nie op die vergadering bespreek is nie, waarop hy geantwoord het dat hy genoem het dat die basis van die vergoeding sal verander. Daar is gepraat oor Vorm 1 en hy het gesê dat hy dit sou aanstuur. Op 'n vraag van die Verhoorregter of dit al was wat gesê is wat 'n mens in verband kan bring met 'n ander tarief, het Van Niekerk geantwoord:

"Dit is korrek. Al wat ek net kan noem, ek het aanvaar dat hulle op hoogte is van wat

aan die gang is, dat hulle op hoogte gestel is ..... Ek het aanvaar dat hulle ingelig is deur mnr Stander en mnr Du Plessis."

Gevra oor die moontlikheid van 'n misverstand, as Mulder en Venter nie ingelig was nie, het Van Niekerk gesê dat hy dit betwyfel, omdat Venter hom nog gevra het of hy hulle nou direk met 'n groot rekening gaan konfronteer, waarop hy gesê het nee, dit sal kom wanneer die projek voortgaan. Die volgende vrae van die Verhoorregter en Van Niekerk se antwoorde daarop is belangrik:

"HOF: Is dit pertinent gestel aan enige van die persone, kyk, ek was op 'n uurtarief, ek gaan nou op 'n persentasie van die kontraks, of beraamde kontraksbedrag werk? Is dit so gestel soos ek dit nou aan u stel? --- Nee, nie in sulke woorde nie, wat wel gestel is, is dat die basis van vergoeding in terme van Vorm 1 sal verander, en daarby is ook aanvaar dat hulle dit duidelik gehad het wat daarmee bedoel is. Daar is nie verdere vrae daaroor gevra nie.

Maar nou op daardie stadium het hulle nie Vorm 1 gehad nie? --- Nee, hulle was wel bewus wat in die vorige vorm vervat was. Dit was nie 'n probleem nie ....."

'n Rukkie later kom die volgende voor met kruisondervraging:

"U het die stelling gemaak dat mnr Mulder op 28 Julie 1977, as ek u reg verstaan het, kennis gedra het van ..... die inhoud van Vorm 1? --- Die stelling wat ek wel gemaak het is dat ek vertrou dat hy ingelig was deur

die, sy amptenare.

Nee, omtrent drie, vier antwoorde terug het u gesê dat Mulder, hulle, ingesluit was mnr Mulder, kennis gedra het van Vorm 1? --- Ja, ek het so aanvaar. 'n Mens aanvaar dat daardie mense ingelig word deur hulle amptenare."

Vervolgens kom ek by die Verhoorregter se kommentaar oor Van Niekerk se getuienis. Hy het dit ingelei deur op te merk dat hy dit nie onkrities kon benader nie, al staan dit onbeantwoord. Daarmee kan natuurlik nie fout gevind word nie. Die probleem wat ek ondervind is dat die Verhoorregter in die loop van die daaropvolgende bladsye van sy uitspraak dit, vir my altans, nie heeltemal duidelik aangestip het watter presiese aspekte van Van Niekerk se getuienis hy as gevolg van 'n kritiese beskouing daarvan verwerp het nie. Duidelike bevindings is wel gemaak ten aansien van bepaalde waarskynlikhede, onder meer met betrekking tot Mulder en Venter se kennis van 'n vergoedingsverandering tydens die vergadering. Daarop kom ek later terug. Maar die Verhoorregter het geen kommentaar

gelug oor Van Niekerk se gedrag of voorkoms in die getuiebank of die indruk wat hy as 'n getuie geskep het wat betref geloofwaardigheid nie. Die kritiek op sy getuienis, afgesien van die oorweging van die waarskynlikhede, skyn inhoudelik van aard te wees. Aan die ander kant kan die beoordeling van die gehalte van 'n getuie nie losstaan van 'n oorweging van die waarskynlikhede en die inhoud van sy getuienis nie, en ek wil my weerhou daarvan om afbreuk te doen aan enige onuitgesproke voordeel wat die respondent kan toekom weens die feit dat die Verhoorregter die geleentheid gehad het om die getuie self waar te neem terwyl hy getuig het. Te midde van hierdie probleme wil ek egter dadelik een ding duidelik stel: uit 'n noukeurige ontleding van die Verhoorregter se kommentaar staan dit vas, na my oordeel, dat hy in 'n fundamentele opsig, met eerbied gesê, die aard en die strekking van Van Niekerk se getuienis verkeerd beoordeel het, wat nie weggeredeneer kan word deur enige voordeel voortspruitend uit sy

waarneming van die getuie nie. In die stap vir stap bespreking wat volg sal ek my daarop toespits, en slegs sydelings na ander aspekte verwys.

Ter aanvang het die Verhoorregter verwys na die openingsbetoog wat deur die eiser se advokaat gelewer is en bevind dat Van Niekerk se getuienis "uiteindelik wesenlik" daarvan verskil het. Ek stem, met eerbied, nie daarmee saam nie, maar ek is nie van voorneme om verder daaroor uit te wei nie. Dit is genoeg om te sê dat Van Niekerk nie gedurende kruisondervraging aangeval is op hierdie punt nie en dus nooit die geleentheid gegun is om dit op te klaar nie; uit billikheid kan dit dus nie teen hom gereken word nie. Daarna het die Verhoorregter kortliks opgesom wat Van Niekerk op verskillende stadiums getuig het, en uit kommentaar tussenin kom dit voor dat die Verhoorregter van mening was dat sy getuienis nie deurgaans standhoudend was nie en dat gedeeltes daarvan eers laat in die loop van sy getuienis na vore gekom het (met die

suggestie daarby dat dit dan nagedagtes was). Van Niekerk is oor die onderhawige aspek van die saak ondervra op verskillende geleenthede oor 'n tydperk van nie minder nie as 5 hofdae, en ek moet sê dat met die ontleding van sy getuienis ek nie dieselfde ongunstige indrukke daarvan gekry het as die Verhoorregter nie. Natuurlik was sy getuienis nie foutloos of vlekloos nie (watter getuienis van dié aard is ooit?). Maar dit is nie nodig om verder op die puntjies van kritiek in te gaan nie, want sover ek kan oordeel het dit nie op sigself gelei tot 'n verwerping van enige spesifieke deel van sy getuienis nie.

Die Verhoorregter het sy oorsig van Van Niekerk se getuienis afgesluit met die volgende kommentaar:

"Aan geeneen van die betrokkenes is dit ooit gestel dat van 'n uurtarief oorgegaan word na 'n persentasie van die kontrakbedrag nie. Wat gestel is, is dat die basis van vergoeding in terme van Vorm 1 sal verander. Daarby het eiser [Van Niekerk] dan aanvaar dat die hoorders geweet het wat bedoel word."

Oënskynlik verwys die Verhoorregter hier na wat op die

vergadering self gebeur het. In dié verband is sy kommentaar letterlik korrek. Maar soos dit staan, is dit klaarblyklik nie 'n volledige weergawe van die kern van die strekking van Van Niekerk se getuienis as 'n geheel nie; en in die onvolledigheid van die weergawe lê daar opgesluit 'n verwronge beeld van die trefkrag van Van Niekerk se getuienis. Ek dink dit volg vanself uit die uiteensetting van die getuienis wat ek hierbo gegee het. Terselfdertyd bevat die Verhoor-regter se aangehaalde kommentaar ook die kiem van wat ek hierbo beskryf het as 'n verkeerde beoordeling van Van Niekerk se getuienis in 'n fundamentele opsig. Dit is miskien gerade om op hierdie stadium reeds te verduidelik wat ek in gedagte het. Dit het betrekking op die uitdrukking "in terme van Vorm 1", met verwysing na Van Niekerk se stelling dat die basis van vergoeding sou verander. In isolasie beskou, is die uitdrukking moontlik vatbaar vir die uitleg dat die kwessie van vergoeding vir die bykomende werk eenvoudig en sonder

meer bepaal sou word aan die hand van Vorm 1; dus dat Vorm 1 op sigself staande, in sy geheel, sou aandui wat die vergoeding sou wees. In soverre daar sprake was van 'n "verandering" van die grondslag waarop die vergoeding bereken sou word, sou dit dus opgevat moet word in die sin van "verandering indien enige", na gelang van die bepalings van Vorm 1. Dit is inderdaad die benadering wat die Verhoorregter in effek toegepas het, soos weldra sal blyk. Maar ek het, met alle eerbied, geen twyfel nie dat so 'n benadering hoegenaamd nie versoenbaar is met Van Niekerk se getuienis nie. Soos blyk uit my opsomming hierbo van Van Niekerk se getuienis oor wat hy aan Stander en Du Plessis meegedeel het met betrekking tot Vorm 1 se toepaslikheid, in sy gesprekke met hulle voor die vergadering, is dit heeltemal onmoontlik om te bevind dat hy die uitdrukking "in terme van Vorm 1" gebruik het in die sin wat ek so pas aangedui het. Sy getuienis is volkome duidelik: die bykomende werk wat

van hom verwag was, het op sigself meegebring dat die opdrag verander het van h opdrag om fase 1 werk te doen na opdrag om fase 2 werk te doen, en dit het op sy beurt vanself meegebring dat die grondslag van sy vergoeding en die berekening daarvan verander het. Vorm 1 was alleenlik ter sprake in die beperkte sin dat die toepaslike tarief van sy vergoeding vir die reeds veranderde fase 2 werk (die "fooiskale") daarin gevind sou word. En dan moet daarby gevoeg word dat vir iedereen met selfs net h oppervlakkige kennis van Vorm 1 dit onmiddellik duidelik sou gewees het dat die basis van sy vergoeding sou verander van die tydtarief wat dit voorheen was tot die persentasietarief wat in Vorm 1 vervat is met betrekking tot voorlopige ontwerpwerk soos bedoel in fase 2. Dit, en niks anders nie, is die betekenis van Van Niekerk se getuienis dat hy aan Mulder en Venter gesê het dat die basis van vergoeding in terme van Vorm 1 sal verander en dat hy vertrou en aanvaar het dat hulle deur hulle amptenare

(Stander en Du Plessis) ingelig sou gewees het oor wat dit sou behels.

Na die Verhoorregter die aangehaalde kommentaar gelewer het wat ek so pas bespreek het, het hy gesê dat uit sy opsomming van die getuienis die volgende blyk:

"Dat daar 'n wesenlike verskil is tussen die pleitstukke en die openingsbetoog enersyds en die eiser [Van Niekerk] se getuienis andersyds. En dat die eiser algaande poog om die saak te versterk".

Ek het reeds na die openingsrede verwys. Wat die pleitstukke betref, is dit geleë om nou volledig aan te haal hoe die eiser die beweerde stilswyende beding geformuleer het. In par 3 van sy besonderhede van vordering het hy sy aanvanklike aanstelling van 3 Junie 1977 en die aanvaarding daarvan op 6 Junie 1977 uiteengesit, en in par 4 het hy die verbredingsooreenkoms van 28 Julie 1977 uiteengesit. Par 5 van die besonderhede van vordering lui dan soos volg:

"5. Dit was 'n stilswyende bepaling van die aanvulling waarna in paragraaf 4 hierbo verwys is, dat die

Verweerder die Eiser vir die dienste wat daardeur meegebring is sowel as dienste wat toe reeds gelewer was ingevolge die ooreenkoms vermeld in paragraaf 3 hierbo sou vergoed op die basis van vergoeding volgens die standaardtariewe vir die verslag- en voorlopige ontwerp-stadium en gedeeltelike funksies, soos uiteengesit in Vorm 1 van die Modelooreenkoms tussen kliënt en raadgewende ingenieur in verband met ingenieurswerk."

Tussen die woorde wat ek onderstreep het, kom daar die woorde voor: "en gedeeltelike funksies". Hierdie deeltjie van die beweerde stilswyende term word nie gedeel deur Van Niekerk se relaas van sy samesprekings nie. Ek sal later hierop terugkom. Maar ek glo nie dit is wat die geleerde Regter in gedagte gehad het nie; as h mens kyk na die samehang van sy beredering, moes hy die woorde wat ek onderstreep het in gedagte gehad het. Ek kan, met alle eerbied, nie begryp hoe daar gesê kan word dat daar h wesenlike verskil is tussen die pleitskrif en die getuienis nie. In albei word daar in wese na Vorm 1 verwys as die dokument waarin die toepaslike tarief van vergoeding vir werk in die voorlopige ontwerp-stadium aangedui

word. Ek kan gevolglik nie met die Verhoorregter se opmerking oor 'n verskil saamstem nie. Wat betref sy verdere opmerking dat Van Niekerk algaande gepoog het om sy saak te versterk, moet ek sê dat na die sorgvuldigste bestudering van sy getuienis ek ook nie daarmee kan saamstem nie. In die lig van wat volg hoef ek egter nie verder daaroor uit te wei nie.

Daarna het die Verhoorregter die waarskynlikhede bespreek ten opsigte van die vraag of daar tydens die vergadering gepraat is oor 'n verandering van die eiser se grondslag van vergoeding, en in die loop van dié bespreking tot sy bevinding gekom dat Mulder en Venter totaal onbewus was van enige sodanige verandering. Ek laat hierdie aspek vir eers eenkant, en kom later daarop terug.

Voorts het die Verhoorregter in drie kort paragrawe van sy uitspraak aangedui wat hy aanvaar het ten opsigte van die samesprekings voor en ten tyde van die vergadering. Ek verwys agtereenvolgens na

hierdie drie paragrawe. Eerstens sê hy:

"Ek aanvaar, by gebrek aan teenspraak, dat die eiser [Van Niekerk] aan Mulder en Venter op die vergadering meegedeel het dat die verbrede opdrag ontwerpwerk sou inhou."

Dit is die enigste passasie in die uitspraak waarin aangedui word dat die Verhoorregter enige gedeelte van Van Niekerk se getuienis oor wat op die vergadering gebeur het, aanvaar het. Skynbaar het hy nie eens aanvaar dat Van Niekerk op die vergadering genoem het dat n "basiese ontwerp" nodig sou wees nie. Dit wil dus voorkom dat die Verhoorregter, met die uitsondering van die vermelding van "ontwerpwerk", die geheel van Van Niekerk se relaas van die vergadering verwerp het. Dit is n krasse bevinding, wat oënskynlik slegs gegrond is op die Verhoorregter se beoordeling van die waarskynlikhede. Ek sal later probeer aantoon dat die veronderstelling dat hoegenaamd niks tydens die vergadering gesê is oor die vergoedingsaspek nie, n sterk uitwerking het juis op die beoordeling van die waarskynlikhede, wat die Verhoorregter nie raakgesien het

nie.

Tweedens word daar gesê:

Ek aanvaar ook dat Du Plessis as Siviele Ingenieur in die breë bewus moes gewees het van die wyse waarop gelde bereken word deur ingenieurs, al het hy nie Vorm 1 gehad nie."

Die kwalifikasie van Du Plessis se kennis van Vorm 1 deur die woorde "in die breë" is nie gebaseer op enige getuienis voor die Verhoorhof nie. Dit kom nie van Du Plessis nie, wat dit kon kom sê het as dit die geval was, en dit kom ook nie van Van Niekerk nie. Laasgenoemde se getuienis was inteendeel dat Du Plessis wel bewus was van wat in Vorm 1 vervat was. Daar is niks onwaarskynlik in hierdie getuienis nie. Dit is wat 'n mens van 'n ingenieur soos Du Plessis sou verwag. Na my mening moet daar dus aanvaar word dat Du Plessis kennis gedra het van die inhoud van Vorm 1, in so 'n mate, minstens, dat hy onder geen misverstand kon verkeer het oor die betekenis en die gevolge van wat Van Niekerk aan hom meegedeel het aangaande die verandering van die basis van sy aanstelling en van sy

vergoeding vanweë die oorskakeling van fase 1 werk na fase 2 werk toe nie.

Derdens sê die Verhoorregter:

"Ek aanvaar dat aan Stander en Du Plessis voor die vergadering van 28 Julie 1977 meegedeel is dat die omvang en wydte van die versoeke van die verweerder h verbrede opdrag noodsaak, en dat hy dan h basiese ontwerp sal moet doen, en dat die basis van sy aanstelling dan verander."

Opgelet sal word dat hier geen verwysing is na enige vermelding van h verandering van die grondslag van Van Niekerk se vergoeding nie. Alhoewel die paragraaf op die oog af voorgee om alles te noem wat die Verhoorregter aanvaar het in verband met die gesprekke voor die vergadering, en dus by implikasie verwerp wat nie genoem is nie, kan ek vir geen oomblik glo dat dit is wat die Verhoorregter werklik bedoel het nie. Dit sou beteken dat die Verhoorregter in effek h streep getrek het deur alles wat Van Niekerk getuig het aangaande sy besprekings met Stander en Du Plessis met betrekking tot die verandering van die grondslag van sy vergoeding, en die verandering van h tydsbasis na h

tariefbasis of "fooiskale" toe, asook die oorskakeling van fase 1 werk na fase 2 werk. Sy getuienis oor hierdie aangeleenthede het ek reeds vroeër opgesom, ook met verwysing na Vorm 1. In Beskouing van daardie getuienis toon aan dat by gebreke van enige weerspreking daarvan, daar geen gronde bestaan waarop dit verwerp sou kon word nie. Van Niekerk kon nie net in fout gemaak het met die aflê van daardie getuienis nie; dit is ondenkbaar. As die getuienis nie aanvaar word nie, kan dit alleen wees op die basis dat Van Niekerk doelbewus gefabriseerde, leuenagtige getuienis afgelê het oor die kernaspek van sy gesprekke met Stander en Du Plessis. Ek kan nie glo dat die Verhoorregter tot so in verregaande bevinding sou gekom het sonder enige motivering daarvan nie. Gevolglik is ek van mening dat hierdie saak beoordeel moet word op grondslag van die aanvaarding van al die aspekte van Van Niekerk se getuienis aangaande sy gesprekke met Stander en Du Plessis voor die vergadering.

Nadat die Verhoorregter die bestaan van die stilswyende beding waarop die eiser steun, verwerp het, het hy soos volg voortgegaan:

"Wat is dan die vergoeding?

Myns insiens vergoeding gebaseer op Vorm 1. Dit is trouens die eiser se saak dat die vergoeding op Vorm 1 gebaseer moet word.

Die eiser wou egter verder gaan in sy getuienis. Daarmee het ek gehandel.

.....

In die lig van die getuienis voor my bevind ek dat Vorm 1 stilswyend deel vorm van die ooreenkoms tussen die partye. Eerstens omdat dit die saak op die pleitstukke is, tweedens omdat die getuienis daarop dui en derdens (alles in die alternatief), omdat die partye in ieder geval bedoel het dat die gebruikelike vergoeding betaalbaar is en Vorm 1 die gebruikelike vergoedingsbasis uiteensit."

Ek verskil, met die grootste eerbied, met die Verhoorregter in die bogenoemde benadering, in sy geheel en in elke onderafdeling daarvan. Dit is hier waar sy fundamentele fout, waarna ek vroeër verwys het, tot uiting kom. Dit was nooit die eiser se saak dat "die vergoeding op Vorm 1 gebaseer moet word" met verwysing na Vorm 1 in sy geheel en met al sy bepalinge nie; nie in sy pleitstukke nie en nie in Van Niekerk se

getuienis nie, en Van Niekerk wou ook nie in sy getuienis verder gaan as wat die eiser se saak altyd was nie. Die saak van die eiser en Van Niekerk se getuienis was steeds tot die effek dat Vorm 1 slegs gedien het as 'n verwysingsmeganisme, as 'n aanduiding van die bron waar die toepaslike vergoedingstarief aangeref sou word op die grondslag van 'n verbredingsopdrag wat voorlopige ontwerp en dus fase 2 werk sou omvat het. Daar was inderdaad geen regverdiging in die getuienis om Vorm 1 in sy geheel stilswyend te verhef tot deel van die ooreenkoms tussen die partye nie. So 'n bevinding druis ook in teen die getuienis wat Van Niekerk gegee het, toe hy daaromtrent gevra is, nl dat

"..... die dokument afgestuur was vir inligting ..... en nie om 'n formele kontrak te sluit op daardie basis."

Die inligting was klaarblyklik net van die tarief wat betaalbaar was vir werk in die voorlopige ontwerpstadium.

Met die uitgangspunt dat Vorm 1 as geheel deel was van die ooreenkoms tussen die partye, het die Verhoorregter voortgegaan en 'n uitleg aan Vorm 1 gegee, waarvolgens hy bevind het dat die verbredingsopdrag binne die bestek van die verslagstadium, fase 1, geval het. Omdat ek nie saamgaan met die uitgangspunt nie, is dit nie vir my nodig om die uitleg van Vorm 1 as sodanig te bespreek nie. Dit is egter nodig, om my eie siening van die saak in perspektief te stel, om te verwys na enkele van die opmerkings wat die Verhoorregter in hierdie verband gemaak het. Ter aanvang moet daar genoem word dat die Verhoorregter in 'n ander deel van sy uitspraak bevind het dat die D-verslag inderdaad 'n voorlopige ontwerp bevat het. Dié bevinding was gegrond op die getuienis van Van Niekerk en vyf deskundiges wat namens hom geroep is. Die teenstrydige getuienis van Conradie kan nie hierteen opweeg nie, vanweë ernstige gebreke in sy getuienis, waarop ek nie hoef in te gaan nie. Die bevinding van

die Verhoorregter op hierdie punt is na my oordeel ongetwyfeld korrek en dit is tereg nie namens die respondent in hierdie Hof aangeveg nie. Die werk wat die eiser vir die verweerder gelewer het, soos beliggaam in die D-verslag, was dus in der waarheid werk wat geval het in die voorlopige ontwerpstadium, fase 2 van Vorm 1. Die Verhoorregter het egter bevind dat die feit dat die eiser verder gegaan het as wat normaalweg die geval sou wees in die verslagstadium, fase 1, tot Van Niekerk se eer strek maar dat dit nie die basis van die opdrag verander nie en dat dit geen gewig dra nie, en daarby gesê:

"Wat aangevra was, was 'n verslag. Wat gelewer was, was 'n verslag."

As 'n feitlike stelling is hierdie uitlating, met respek, so 'n oorvereenvoudigde halwe waarheid dat dit as verkeerd bestempel moet word. Die volle werklikheid is dat daar aanvanklik 'n verslag in fase 1 aangevra was en dat daar uiteindelik 'n voorlopige

ontwerp in fase 2 gelewer is. Dit is n omstandigheid wat sterk gewig moet dra by die beoordeling van die waarskynlikhede met betrekking tot wat ten tyde van die verbredingsooreenkoms beoog was. In hierdie verband is dit insiggewend om in die verbygaan te verwys na Van Niekerk en Stander se siening van die effek van die verbredingsooreenkoms, soos dit blyk uit die bewysstukke. Op 23 September 1977, saam met die D-verslag, skryf Van Niekerk n brief aan die verweerder se voorsitter, par (10) hierbo, waarin hy twee keer verwys na dinge wat dalk verbeter kan word met die "detailontwerp". Dit is fase 3 werk wat in die vooruitsig gestel word as volgende op die D-verslag. Van Niekerk het dus uit die staanspoor uit in die dokumentasie uitgegaan van die standpunt dat fase 2 met die D-verslag afgehandel is. Baie later, op 6 Augustus 1979, toe Stander verslag moet doen aan die Minister, skryf hy n brief, par (36) hierbo, waarin hy in die samehang van die geskiedenis van die verbredingsopdrag

vertel dat dit riskant sou gewees het om beplanning en uiteindelijke besluit te baseer op enigiets behalwe "n basiese ontwerp" - die eerste uitdrukking wat Van Niekerk in sy getuienis gebruik het in verband met sy verduideliking aan Stander en Du Plessis (en ook op die vergadering met Mulder en Venter) dat die basis van sy aanstelling en sy vergoeding sou verander. Hierdie dokumentêre getuienis is strydig met die Verhoorregter se bogenoemde benadering. Nietemin bevind die Verhoorregter verder dat om in die tweede fase te val, nl die voorlopige ontwerpstadium, moet daar n opdrag van die kliënt wees om voort te gaan, "to proceed", volgens klousule 3.1.2 van Vorm 1, en dat die verbredingsopdrag nie so n opdrag was nie. Hierdie uitleg is ook in stryd met die deskundige getuienis wat namens die eiser gelei is, waaruit dit blyk dat dit kan gebeur en inderdaad gebeur, dat n kliënt fase 1 oorslaan en direk n fase 2 opdrag gee, en vanselfsprekend moet dit so wees; klousule 3.1.2 se verwysing na

"instruction to proceed" is klaarblyklik bedoel om te geld slegs as daar inderdaad 'n voorafgaande fase 1 opdrag was, wat reeds uitgevoer en afgehandel is. Ten slotte dan, bevind die Verhoorregter dat die verbredingsopdrag

"in die verslagstadium geval het en dat dit dus gegee is met die stilswyende bepaling dat vergoeding op 'n tydsbasis betaalbaar is."

Hierdie bevinding is so lynreg strydig met Van Niekerk se getuienis, selfs net met betrekking tot wat vóór die vergadering gebeur het, dat dit na my oordeel onaanvaarbaar is.

Daarmee kom ek nou by die Verhoorregter se kardinaal belangrike bevinding dat Mulder en Venter op die vergadering van 28 Julie 1977 "totaal onbewus" was daarvan dat hulle met die verbredingsopdrag die basis van die eiser se vergoeding verander het op die manier wat deur hom aangevoer word. My eie benadering tot die beoordeling van Van Niekerk se getuienis oor wat op die vergadering gebeur het, het as uitgangspunt 'n

beskouing vanuit 'n gans ander hoek as dié van die Verhoorregter. Alvorens ek die waarskynlikhede oorweeg wat by hom gewig gedra het, sal dit geleë wees om eers my benadering te verduidelik.

Die agtergrond van die vergadering is die voorafgaande gesprekke wat tussen Van Niekerk en Stander en Du Plessis plaasgevind het. Dit is na my oordeel die onvermydelike beginpunt wat oorweeg moet word voordat die gebeure op die vergadering self in oënskou geneem word. Soos ek vroeër aangedui het, bestaan daar geen gronde om in enige opsig Van Niekerk se getuienis oor die inhoud van daardie gesprekke in twyfel te trek nie. Dit staan onweerspreek en bevat inherent geen onwaarskynlikhede nie. Inteendeel is my mening dat dit inherent waarskynlik is dat Van Niekerk sou opgetree het soos hy getuig het. Met die besef dat die antwoorde op die vrae wat aan hom gestel is hom sou verplig om van fase 1 werk oor te gaan na fase 2 werk, wat, soos elke ingenieur sal weet, 'n

ander, baie meer lonende vergoedingsgrondslag inhou, is dit skaars denkbaar dat hy die aangeleentheid nie met Stander en Du Plessis sou opgeneem het nie. Hy doen dit dus, en verduidelik aan hulle die implikasies van die veranderde situasie. Du Plessis weet waarvan hy praat, en dat Stander, die senior man, met die tegniese man, Du Plessis, aan sy sy, ook ingelig sou gewees het en sou begryp het waarom dit gaan, is so waarskynlik dat dit as 'n feit aanvaar moet word. Om tot 'n voorlopige ontwerp oor te gaan, met die verandering van die vergoedingsgrondslag wat dit inhou, is so belangrik dat Van Niekerk 'n ontmoeting met die Uitvoerende Komitee aanvra om op hoër vlak sy verbredingsopdrag bevestig te kry; en toe die saak sloer, dring hy aan op so 'n vergadering. Die hele doel van die vergadering was dus om 'n verbredingsopdrag te verkry waardeur die grondslag van die vergoeding waarop Van Niekerk geregtig sou word vir sy werk, drasties sou verander. Stander en Du Plessis het geweet wat die doel van die

vergadering was, en met daardie kennis het hulle die vergadering gereël.

Die belangrikheid van die voorgaande agtergrond blyk dadelik en duidelik as h mens die vraag vra: wat was Mulder en Venter se kennis van die omstandighede onmiddellik vóór die vergadering h aanvang geneem het? Die vraag beantwoord homself: dit is ondenkbaar dat Stander en Du Plessis nie aan Mulder en Venter vooraf sou verduidelik het wat die doel van die vergadering was nie, en hulle kon eenvoudig nie die doel daarvan verduidelik het sonder om aan Mulder en Venter oor te dra dat Van Niekerk se vergoeding as gevolg van die verbreding van sy opdrag ingrypend sou verander nie. Daarby moet daar in gedagte gehou word, soos vroeër in hierdie uitspraak bevind is, dat Mulder, Venter en Stander as h onderkomitee deur die Raad of die Uitvoerende Komitee aangestel is met h mandaat om die verbredingsooreenkoms met Van Niekerk aan te gaan. Die hele beeld van die

voorafgaande besprekings, die reëling van die vergadering en die magtiging aan die onderkomitee om die ooreenkoms aan te gaan, is na my oordeel onversoenbaar met die gedagte dat Mulder en Venter onbewus was van die feit dat die verbredingsopdrag tot gevolg sou hê dat Van Niekerk se vergoedingsgrondslag sou verander van 'n tydsbasis na 'n persentasiebasis.

Die waarskynlikhede kan ook op 'n ander manier getoets word. Die Verhoorregter het skynbaar bevind, soos vroeër aangedui, dat daar op die vergadering niks gesê is wat Mulder en Venter kon laat dink het dat Van Niekerk se vergoedingsgrondslag sou verander nie. As dit so was, dan sou die posisie moes gewees het dat Stander en Du Plessis, wat geweet het dat Van Niekerk die vergadering wou gehad het juis met die oog op die verandering van sy vergoedingsbasis, bewus was tydens die vergadering dat dié spesifieke punt nie in die bespreking geopper is nie. Hulle sou dan ook moes geweet het dat Van Niekerk die vergadering verlaat het

met 'n verbredingsopdrag, salig onder die indruk dat sy vergoedingsverandering aanvaar is, terwyl dit in werklikheid nie so was nie omdat Mulder en Venter niks daarvan geweet het nie en ook nie deur hulle tot ander insigte gebring is nie. Ek kan nie glo dat Stander en Du Plessis hulle aan sulke onderduimse gedrag sou skuldig maak het nie. Dit is die oorweging wat ek in gedagte gehad het toe ek vroeër gesê het dat die veronderstelling dat niks oor die vergoedingsaspek op die vergadering gesê is nie, 'n sterk uitwerking het op die beoordeling van die waarskynlikhede, wat die Verhoorregter nie raakgesien het nie. Die waarskynlikhede is dan juis dat daar wel oor die vergoedingsaspek gepraat is, soos deur Van Niekerk getuig is. Die verdere gevolg wat voortvloei uit die voorgaande oorwegings is dat Van Niekerk se aanvaarding, soos hy getuig het, dat Mulder en Venter deur die amptenare, Stander en Venter, ingelig is oor die effek van vergoeding vir "basiese ontwerp" (synde voorlopige ontwerp

in fase 2) 'n geregverdig aanvaarding was wat tegelyk ook feitlik korrek was.

Nou, die waarskynlikhede waarop die Verhoorregter sy bevinding gegrond het: dit het hoofsaaklik gewentel om die finansiële omvang van die veranderde vergoedingsbasis. Die Verhoorregter het genoem dat die eiser se vergoeding met "potensieel R1 miljoen" verhoog sou word - dit is 'n syfer wat ontleen is aan 'n toegewing wat uit Van Niekerk verkry is in die loop van sy kruisondervraging. Die Verhoorregter het gesê dat dié syfer ver bo die vermoëns van die verweerder gelê het, dat die verweerder se finansiële posisie "haglik" was, dat die elektrifiseringsprojek nie op die verweerder se begroting was nie en dat die verweerder "bekommerd" was oor die gelde van 'n konsultant wat 'n tweede mening moes gee oor die EMS-verslag. Laasgenoemde gedagte is blykbaar gebaseer op die notule van die UK-vergadering van 10 Mei 1977, par (3) hierbo, waaruit blyk dat daar vasgestel sou word wat die advies

van ander konsultante die verweerder sou kos, maar waarin ek nie tekens van "bekommernis" kan bespeur nie. Die verwysing na die verweerder se finansiële posisie as "haglik" is blykbaar gebaseer op Van Niekerk se getuienis dat, as hy na die lewering van die D-verslag n rekening vir sy gelde aan die verweerder gelewer het, dit vir die verweerder groot verleentheid sou veroorsaak het aangesien die verweerder nie oor fondse beskik het om dit te betaal nie. Na my mening was die verweerder se finansiële posisie egter nie werklik ter sake ten opsigte van die verhoogde vergoedingstarief nie. Van Niekerk het dit uit die staanspoor uit duidelik gemaak dat sy vergoeding betaal sou kon word uit die fondse wat vir die uitvoering van die projek self beskikbaar gemaak sou word. Daar was nooit enige sprake dat die verweerder self die koste van die projek sou kon bybring nie. Dit was altyd duidelik, van die begin af, dat die projek befonds sou word

by wyse van lenings wat deur die Staat gewaarborg sou word - kyk bv die notules van die UK-vergaderings van 2 Desember 1976 en 10 Mei 1977, par (2) en (3) hierbo. In Julie 1977 sou geen mens kon gedink het aan die moontlikheid dat die verweerder nie die instansies sou wees wat uitvoering sou gee aan die projek nie. Die latere verskyning op die toneel van die Swart Gemeenskapsraad en Ecoplan en die oordrag van die verantwoordelikheid om die projek uit te voer, was iets wat niemand kon voorsien het nie (vgl par (23), (24), (25), (28), (29), (31), (33) en (35) hierbo). In Julie 1977, met die stellige verwagting van almal dat die fondse vir die projek deur die verweerder bekom sou word, kon daar geen werklike probleem gewees het aangaande die betaling aan Van Niekerk van die verhoogde vergoeding op die veranderde grondslag nie.

Met verwysing na die verwagte projekfondse het die Verhoorregter opgemerk dat die knoop gelê het by die feit dat daar nog geen projek was nie, en verder

gesê dat die verweerder nog nie besluit het op die elektrifisering van Soweto nie, dat daar nog nie eens 'n beginselbesluit daaroor was deur die Minister of die Staatskomitee nie, dat Ministeriële goedkeuring 'n voorvereiste was om die projek aan te pak, dat die verweerder nie in Julie 1977 'n opdrag kon gegee het om voort te gaan met die projek nie, en dat die sentrale Regering nog geen fondse verskaf het of bewerkstellig het nie. Ten opsigte van die verwagting dat die elektrifisering sou plaasvind, het die Verhoorregter voorts gesê dat daar onderskei moes word tussen 'n standpunt-inname dat Soweto geëlektrifiseer sou word, enersyds, en die besluit om 'n besondere projek aan te pak, andersyds. Na my oordeel is hierdie benadering te tegnies en onrealisties om van gewig te wees in die samehang van die beoordeling van die waarskynlikhede. Die beginselbesluit om die elektrifiseringsprojek te onderneem is deur die verweerder geneem so ver terug as April 1974, en herbevestig teen die einde van daardie

jaar (par (1) hierbo). Teen die einde van 1976 het die verweerder alreeds die EMS-verslag ontvang en is die elektrifisering beskou as 'n saak van die hoogste prioriteit (par (2) hierbo). Van Niekerk het getuig dat, as gevolg van die Soweto-onluste in 1976, daar geweldige druk op die verweerder uit alle oorde uitgeoefen is om die elektrifisering te bespoedig. Hy het ook herhaaldelik in sy getuienis gesê dat, in die tydperk toe hy sy opdragte ontvang het, niemand enige twyfel gehad het dat die projek sou uitgevoer word nie; almal het gewéét dit sou gebeur. Daar is geen rede om sy getuienis te betwyfel nie. Die onderskeid tussen 'n standpunt-inname en 'n besluit om 'n besondere projek aan te pak, en die voorvereistes vir laasgenoemde, doen myns insiens geen afbreuk aan die werklikheid dat almal in 1977 geweet het dat die nodige fondse vir die uitvoering van 'n elektrifiseringskema beskikbaar sou word en die gevolglike waarskynlikheid dat daar vir Mulder, Venter en die verweerder geen probleme toe

voorsienbaar was om Van Niekerk se verhoogde vergoeding te betaal nie.

Die Verhoorregter het verder melding gemaak van die feit dat die EMS-verslag ten tyde van die verbredingsooreenkoms nog ter tafel was, dat die verweerder die eiser se verslag benodig het om 'n besluit daaroor te neem, en dat dit "kwalik denkbaar" is dat die eiser, voordat daardie besluit geneem is, opdrag sou kry op die basis dat die projek voortgaan en dat hy dit ontwerp. Na my mening verontagsaam hierdie benadering die dokumentêre getuienis aangaande die verweerder se houding met betrekking tot die EMS-verslag. Uit die UK-notule van 10 Mei 1977 (par (3) hierbo) is dit duidelik dat die EMS-verslag in etlike fundamentele aspekte vir die verweerder onaanneemlik was. Dit word bevestig deur Stander se stelling in sy brief van 6 Augustus 1979 (par (36)) dat die EMS-voorstel "nie vir die Raad aanvaarbaar (was) nie omdat dit ooglopende tekortkominge bevat het". Alhoewel daar formeel

gepraat is van 'n tweede opinie en die EMS-verslag amptelik nog ter tafel was, is dit duidelik dat die verweerder alreeds geweet het dat hy nie sou voortgaan op grondslag daarvan nie, toe die aanvanklike opdrag aan Van Niekerk gegee is. Verder kry 'n mens 'n taamlike duidelike indruk uit Van Niekerk se getuienis dat hy baie goed en hartlik oor die weg gekom het en saamgewerk het met Stander en Du Plessis in hulle besprekings oor die projek, in so 'n mate dat dit ten tyde van die verbredingsooreenkoms al feitlik 'n voldonge vooruitsig was dat EMS van die toneel sou verdwyn en dat Van Niekerk vorentoe sou oorneem. Dit word gestaaf deur die besluite te dien effekte wat reeds vroeg in November 1977, betreklik kort na die ontvangs van die D-verslag, deur die Uitvoerende Komitee en daarna deur die Raad geneem is (par (13) en (14) hierbo). Ek is dus van oordeel dat dit nie werklik onwaarskynlik is dat Mulder en Venter, namens die verweerder, bereid sou gewees het om Van Niekerk 'n

diepgaander werkstuk te laat onderneem, met 'n gepaardgaande aansienlik groter aanspraak op vergoeding nie. In ieder geval is dit duidelik dat dit van hom verwag was om 'n voorlopige ontwerp te doen, wat hy ook gedoen het, en sy groter vergoeding sou 'n natuurlike uitvloei-sel daarvan wees.

Die Verhoorregter het sy oortuiging uitgespreek dat geeneen van Mulder, Venter of Stander 'n verpligting soos dié wat vervat is in 'n verandering van 'n tydtarief na 'n persentasietarief sou aangegaan het sonder terugverwysing na die Uitvoerende Komitee of Raad en sonder om uit te pluus presies wat dit behels het nie. Na my oordeel is dit egter nie 'n waarskynlikheid nie, maar blote bespiegeling. Daar is geen getuienis dat die betrokke persone inderdaad nie voor die vergadering reeds die omvang van die verpligting ondersoek het en met die Uitvoerende Komitee of die Raad dit bespreek het toe hulle magtiging verkry het vir die aangaan van die verbredingsooreenkoms nie.

Die waarskynlikhede is dat hulle dit sou gedoen het. Du Plessis was die tegniese direkteur, die deskundige op hierdie terrein, hy het kennis gedra van Vorm 1 en is deur Van Niekerk daarna verwys, en alhoewel h kopie van Vorm 1 nie beskikbaar was nie, kon hy maklik, en sou hy waarskynlik, uit ander oorde gekontroleer het wat die nuwe verpligting behels het, bv met verwysing na die mnr Barnard van die Johannesburgse Stadsraad wat genoem word in die UK-notule van 5 Mei 1977, par (3) hierbo. h Mens kan met veiligheid aanvaar dat die elektrifiseringsprojek in Julie 1977 so h gewigtige en dringende saak was dat dit wyd en sydeloos onder die verweerder se amptenare en die lede van sy bestuursorgane bespreek sou gewees het. Dit sou nie korrek wees om die vergadering van 28 Julie 1977 te beskou as bloot h byeenkoms van h klein groepie mense op hulle eie, in isolasie as't ware, sonder dat hulle vooraf enige kontak gehad het of raadpleging gevoer het met buitestaande instansies nie. Dit sou ook h verklaring

bied vir die feit, ook deur die Verhoorregter genoem, dat daar op die vergadering self nie enige bespreking gewy is aan die presiese finansiële implikasies van die verandering van die vergoedingsgrondslag nie. Daarby moet ook weer in gedagte gehou word dat die wiele van die projek aan die rol was, dat die geld uit die projek sou kom, en dat 'n mens nie die situasie wat toe bestaan het, moet beoordeel in die lig van die kennis wat 'n mens nou agterna het, van die onvoorsiene en verrassende wyse waarop die verweerder uiteindelik self met die verpligting opgesaal bly sit het nie.

Ek het nou al die hoofpunte bespreek van die waarskynlikhede wat die Verhoorregter in aanmerking geneem het om tot sy bevinding te geraak. Daar is ander, ondergeskikte punte wat hy genoem het, waarna ek dit nie nodig ag om te verwys nie. My gevolgtrekking, in die geheel gesien, is dat die waarskynlikhede wat die Verhoorregter behandel het nie kan opweeg teen die ander waarskynlikhede, wat tot 'n teenoorgestelde

bevinding lei, soos ek dit vroeër uiteengesit het nie.

Daarby kom daar nou nog 'n verdere oorweging, wat volgens my beskouing hierdie aspek van die saak finaal ten gunste van die eiser beklank. Dit is die houding wat agterna ingeneem is deur die verweerder, deur middel van sy Uitvoerende Komitee, en deur middel van sy spreekbuis, Stander, soos dit blyk uit die bewysstukke. Die eiser se eis om vergoeding op 'n persentasiegrondslag het vir die eerste keer pertinent ter sprake gekom tydens die vergadering van die Uitvoerende Komitee op 5 Julie 1979. Die notule daarvan word weergegee in par (31) hierbo. In daardie stadium, soos blyk uit die notule, het die Minister alreeds die uitvoering van die elektrifiseringsprojek weggeneem van die verweerder en dit oorgedra aan die Gemeenskapsraad en dié se eie ingenieurs, Ecoplan. Soos ek dit vroeër gestel het, die koeël was deur die kerk. Nou is die onderwerp van bespreking die bedrag van die vergoeding wat die verweerder self so

onverhoeds aanspreeklik geword het om aan die eiser te betaal. Dit word deur almal teenwoordig, insluitende Mulder, Venter en Stander, aanvaar dat die vergoeding bereken moet word op 'n persentasiegrondslag. Die enigste besprekingspunt is of, om dit kort te stel, die toepaslike formule 30% van die "volle fooi" moet wees, of 20% plus een-tiende. Mulder, Venter en Stander moes natuurlik geweet het dat die eiser se oorspronklike opdrag van 3 Junie 1977 gegee was op die grondslag van 'n vergoeding bereken op 'n tydsbasis. Daar is geen rede om te dink dat hulle dit sou vergeet het nie. Du Plessis sou hulle in elk geval daaraan herinner het. Maar geen woord word daarvan gerep nie. Dit is ondenkbaar, in die afwesigheid van enige ander verduideliking, dat hulle aanspreeklikheid op 'n persentasiebasis sou aanvaar het, as dit nie was dat hulle op 28 Julie 1977 met die aangaan van die verbredingsooreenkoms ten volle besef het dat daardie ooreenkoms inderdaad vergoeding op 'n persentasiebasis

meegebring het nie. Per slot van sake is die ver-  
weerder nou in h groot verleentheid. Hy moet betaal  
en hy het nie geld nie. As Mulder, Venter en Stander  
op 28 Julie 1977 niks geweet het van h verandering in  
die vergoedingstarief nie, dan sou hulle reaksie op  
enige suggestie van aanspreeklikheid op h persentasie-  
basis, volgens algemene menslike ervaring, ongetwyfeld  
gewees het om aan Van Niekerk te sê: "Maar waarvan  
praat jy nou? Ons skuld jou op h tydsbasis, dit was  
deel van jou opdrag, niks meer nie". Die afleiding  
is dus onweerstandbaar dat Mulder en Venter met die  
aangaan van die verbredingsooreenkoms terdeë bewus was  
van Van Niekerk se standpunt, soos vooraf aan Stander  
en Du Plessis verduidelik, dat die basis van sy ver-  
goeding sou verander tesame met die verandering van die  
basis van sy opdrag. Uit die stilswye van die ander  
lede van die Uitvoerende Komitee blyk dit dat ook hulle  
ten volle op hoogte van sake was.

Maar daarby bly dit ook nie. In opdrag van

die UK stel Stander 'n memorandum op (par (32) hierbo) vir voorlegging aan die Minister om fondse te verkry om Van Niekerk te betaal. Daarin word daar weer aanspreeklikheid aanvaar op 'n persentasiegrondslag. En tydens die vergadering met die Minister op 18 Julie 1979 (par (33) hierbo) bepleit Venter namens die UK die verweerder se vertoë op grondslag van die memorandum. Ten slotte aanvaar die verweerder amptelik en plegtig, deur middel van Stander se skrywe van 6 Augustus 1979, par (36) hierbo, dat "besoldiging ooreenkomstig die tariefskedule" van Vorm 1 aan die eiser betaalbaar is. Toe Van Niekerk op versoek 'n rekening op 'n persentasiegrondslag voorlê (par (37)), is daar nog steeds geen ontkenning van aanspreeklikheid op sodanige grondslag nie (par (40)). Dié verrassing kom eers nadat regsadvies ingewin is (par (45)), maar geen verduideliking vir die totale ommeswaai word verstrek nie, nie in die brief nie en ook nie in getuienis nie.

Die Verhoorregter het in sy uitspraak verwys

na "die lang reeks latere erkennings wat uit die ver-  
 weerder se blootgeleegde stukke blyk dat die eiser op 'n  
 persentasiebasis vergoeding geregtig is" en gesê dat  
 dit noodwendig gewig moet dra, veral omdat dit onbeant-  
 woord staan, maar bevind dat die gewig wat die erken-  
 nings dra nie voldoende is om die waarskynlikhede ten  
 gunste van die eiser te beslis nie. Sy benadering  
 was soos volg:

"Die enige (sic) afleiding daarvan is egter  
 nie dat die eiser se opdrag in fase 2 van die  
 modelooreenkoms val nie. Dit is vatbaar  
 vir die afleiding dat omdat die eiser se ver-  
 slag ook ontwerpwerk wat fase 2 is, bevat, hy  
 op die basis vergoed moet word."

Met hierdie benadering kan ek, met eerbied, nie saam-  
 stem nie. Die alternatiewe moontlike afleiding wat  
 die Verhoorregter postuleer, berus op niks meer as  
 blote bespiegeling nie, en soos ek vroeër in 'n ander  
 verband gesê het, kan die trefkrag van 'n erkenning nie  
 geneutraliseer word deur blote bespiegeling nie. Dit  
 is geleë om hier ook iets verder te sê aangaande die  
 erkennings wat blyk uit die bewysstukke. Dit gaan

nie soseer om die erkenning dat die eiser geregtig was op vergoeding op 'n persentasiebasis nie; dit gaan om die bewys, by wyse van afleiding uit die waarskynlikhede, van die kennis wat Mulder en Venter ten tyde van die sluiting van die verbredingsooreenkoms gedra het van Van Niekerk se standpunt oor die verandering van die grondslag van sy vergoeding. Ek stel dit so omdat daar namens die respondent in hierdie Hof betoog is dat latere uitlatings van 'n kontraksparty nie toelaatbare gegewens is om te bepaal of die kontrak 'n stilswyende beding bevat het al dan nie. Ek hoef nie op die korrektheid of andersins van hierdie argument as 'n veralgemening in te gaan nie, want vir die doeleindes van my beredenering kom 'n vraag in sulke wye terme nie ter sprake nie. Op grondslag van die beginsel dat die bestaan al dan nie van 'n stilswyende term in 'n ooreenkoms beslis moet word aan die hand van omstandighede wat gegeld het ten tyde van die kontraksluiting, is die vraag waarom dit hier gaan, wat die kennis van Mulder

en Venter was toe die verbredingsooreenkoms aangegaan is. Dit is met die oog daarop dat die bewysstukke verdoemende getuienis teen die verweerder bevat.

My gevolgtrekking is derhalwe dat die Verhoorhof gefouteer het deur te bevind dat Mulder en Venter met die sluiting van die verbredingsooreenkoms onbewus was dat daardie ooreenkoms die grondslag van die eiser se vergoeding sou verander. Aan die hand van die waarskynlikhede wat ek hierbo bespreek het, was hulle inderdaad bewus van Van Niekerk se standpunt dat die verbredingsooreenkoms die eiser geregtig sou maak op vergoeding vir sy werk volgens die tarief wat in Vorm 1 bepaal word as toepaslik op voorlopige ontwerpwerk in fase 2.

Uit die voorgaande gevolgtrekking volg dit verder, eintlik vanself, dat die verbredingsooreenkoms in stilswyende bepaling bevat het dat die eiser vergoed sou word op die grondslag wat ek genoem het. Dit is so, omdat Mulder en Venter, met kennis van Van Niekerk

se standpunt oor die grondslag van die eiser se vergoeding, die ooreenkoms aangegaan het sonder om enige kommentaar te lewer oor daardie standpunt. Hulle het dus stilswyend daarmee ingestem. Dit is 'n geval van 'n stilswyende term wat berus op die werklike wilsooreenstemming of consensus van die partye, soos afgelei uit die omstandighede en die kennis wat die partye daarvan gedra het. As daar aan die einde van die vergadering aan die betrokkenes die vraag gestel was wat die eiser se vergoeding sou wees, kan daar geen twyfel bestaan oor wat hulle antwoord sou gewees het nie.

Die stilswyende term soos so pas bespreek, word gedek deur die eiser se formulering van die stilswyende bepaling waarop hy steun in par 5 van sy besonderhede van vordering, soos vroeër aangehaal, met die uitsondering van die woorde "en gedeeltelike funksies", waaraan daar nou aandag gegee moet word. Daardie woorde het betrekking op klousule 5.1.3.1 van

Vorm 1, waarvolgens 'n vergoeding van 30% van die volle gelde bepaal in Deel I van die Skedule betaalbaar is in die geval waar 'n ingenieur se opdrag beperk word tot fase 2 werk, in plaas van die gewone 20% wat luidens klousule 5.1.2.1 in die normale loop van sake betaalbaar word na afhandeling van fase 2 werk. Wat dit betref, kan die eiser egter nie staatmaak op afgeleide werklike consensus nie, want niemand betrokke by die kontraksluiting het ten tyde daarvan enigsins "gedeeltelike funksies" in gedagte gehad nie. Die vooruitsig was, soos vroeër gemeld is, dat die verdere voortsetting van die projek aan die eiser toevertrou sou word. Om hierdie besondere deel van die beweerde stilswyende beding te regverdig, moet die eiser hom gevolglik beroep op 'n ander grondslag vir 'n stilswyende bepaling, en dit is toegedigte consensus, wat berus op 'n veronderstelde wilsooreenstemming wat die partye sou bereik het indien die toe onbekende, maar later intredende, feite as 'n hipotese aan hulle gestel was. Op

hierdie grondslag kan daar nie bevind word dat 'n verwysing na "gedeeltelike funksies" deel gevorm het van die stilswyende term nie. Dat die eiser se verrigting van fase 2 werk, soos beliggaam in die D-verslag, uiteindelik "gedeeltelike funksies" geword het, was iets wat toevallig gebeur het deur owerheidsoptrede, buitekant die wil van die partye, sonder skuld aan enige kant, en teen hulle sin. As wat later gebeur het, hipoteties aan die partye gestel was op 28 Julie 1977, sou geeneen van hulle gesuggereer het dat die verweerder se vergoedingspligtigheid met 10% vermeerder sou moes word nie. Mulder en Venter sou sekerlik nie so 'n bykomende las aanvaar het nie, om redes wat voor die hand lê. Uit Van Niekerk se getuienis blyk dit dat hy ook nie aanspraak sou maak het op so 'n bykomende vergoeding nie, want hy het getuig dat as hy in September 1977, na aflewering van die D-verslag, 'n rekening aan die verweerder moes gelewer het, sou hy slegs 20% van die volle gelde gevorder het. Sy

opdrag, soos vervat in die verbredingsooreenkoms, was nie 'n opdrag wat gegee was op die grondslag van "gedeeltelike funksies" nie; sy getuienis hou in dat hy dit ook nie so beskou het nie. Die opdrag het nie verander as gevolg van die latere gebeure nie, en gevolglik kon die beoogde vergoeding ook nie verander het nie. Dit het 20% gebly. Die resultaat is dat die woorde "en gedeeltelike funksies" in die stilswyende bepaling soos geformuleer moet wegval. Deur dit net te verontagsaam kan die respondent vanselfsprekend nie benadeel word nie.

Namens die respondent is daar in die betoog voor hierdie Hof egter verder gegaan. Daar is aangevoer dat die verweerder se aanspreeklikheid om die eiser te vergoed, in die geheel verdwyn het toe die elektrifiseringsprojek uit die hande van die verweerder weggeneem is. Die betoog het berus op Van Niekerk se herhaalde stellings in sy getuienis dat sy vergoeding sou kom uit die beskikbaarstelling van fondse vir die

projek, en dat dit ook so beoog was ten tyde van die aangaan van die verbredingsooreenkoms. Dit, so is aangevoer, het neergekom op 'n stilswyende opskortende voorwaarde waaraan die ooreenkoms onderhewig was, nl dat die beoogde fondse eers verkry moes word alvorens die verweerder se aanspreeklikheid afdwingbaar sou word. Hierdie betoog kan nie slaag nie. Van Niekerk het dit in sy getuienis duidelik gemaak dat, as die verkryging van fondse nie verwesenlik sou word nie, die verweerder nogtans 'n plan sou moes maak om geld te verkry om sy vergoeding te betaal. Sy getuienis bied dus geen grondslag vir die beweerde opskortende voorwaarde nie. Sonder sy getuienis kan so 'n voorwaarde ook klaarblyklik nie geïmpliseer word nie, want dit is onsinnig om te dink dat 'n ingenieur die werk sou onderneem wat Van Niekerk gedoen het, op die gevaar af dat hy glad geen vergoeding daarvoor sou kry as fondse nie beskikbaar gemaak sou word nie.

Aan die hand van die voorgaande bevindings

moet daar vervolgens aandag geskenk word aan die berekening van die bedrag van die vergoeding waarop die eiser geregtig is ten opsigte van die D-verslag. Soos ek aangedui het, is dit 20% van die volle gelde wat in Deel I van die Skedule van Vorm 1 bepaal word. Volgens klousule 1.4, waarna vroeër verwys is, is dit R23 100 plus 5% van die "total value of the Works". Na laasgenoemde sal ek verwys as die kontrakswaarde. Die kontrakswaarde moet vasgestel word volgens die bepalinge van klousule 6 van Vorm 1. Die enigste metode wat in die omstandighede van die huidige geval kan geld, is dié van klousule 6.1.4 - "the mutually agreed estimate". Die kontrakswaarde wat die eiser beraam het in die D-verslag was R76 418 565. Die besonderhede daarvan blyk uit par 7.3.11 van die verslag, wat ek in par (11) (b) hierbo aangehaal het. Hierdie beraamde waarde is deur Stander aanvaar as grondslag van die berekeninge wat hy gemaak het in sy memorandum vir voorlegging aan die Minister, par (32)

hierbo, en daardie memorandum is namens die hele Uitvoerende Komitee aan die Minister voorgedra op 18 Julie 1979 (par (33)). Dié syfer is dus 'n wedersyds ooreengekome beraming van die kontrakswaarde. Van Niekerk se latere verhoging daarvan op grond van eskalasie, tot R84 992 000, in sy rekening van 23 Augustus 1979, par (37) hierbo, kan nie in aanmerking geneem word nie, en dieselfde geld ten opsigte van die bedrag van R84 860 000 wat die eiser in sy pleitstukke gebruik het, soos vroeër gemeld.

Uit Van Niekerk se getuienis blyk dit egter dat selfs die bedrag van R76 418 565 nie 'n aanvaarbare bedrag is om mee te werk nie. Met verwysing na die items waaruit dit saamgestel is, soos aangehaal in par (11)(b) hierbo, het hy verduidelik dat die items genummer 5, 6 en 7 uit die berekening weggelaat behoort te word. Items 5 en 6, ten opsigte van hoëmasbeligting en lugkartering, moet wegval omdat hy geen werk in dié opsigte verrig het nie en hy dit slegs

volledigheidshalwe in sy beraming opgeneem het. Item 7 moet wegval omdat dit die ingenieursgelde vir die projek weergee, en dit nie bygereken kan word om die kontrakswaarde te bepaal juis met die oog op die vasstelling van die bedrag van die ingenieursgelde nie.

As 'n mens die drie betrokke items aftrek van die syfer R76 418 565, dan laat dit 'n bedrag van R69 918 565 as die korrekte beraamde kontrakswaarde ten tyde van die lewering van die D-verslag. Van Niekerk het voorts in sy getuienis verduidelik dat die syfer van R76 418 565 wat Stander in sy berekenings in sy memorandum gebruik het, verkeerd was, om die redes so pas bespreek; dit behoort te gewees het R69 918 565. Van Niekerk het nog verder gegaan. Hy het getuig dat, as hy na aflewering van die D-verslag in September 1977 'n rekening aan die verweerder sou gelewer het, dit sou gewees het vir 20% van die beraamde kontrakswaarde vervat in die D-verslag, na aftrekking van die drie items hierbo genoem, en sonder enige byvoeging van

eskalasie; dus, 20% van R69 918 565. Elders in sy getuienis het Van Niekerk uitdruklik verklaar dat sy beraamde bedrag van die kontrakswaarde deur die verweerder aanvaar is en dus dien as basis van die berekening van sy vergoeding. Bring h mens nou die regstellings aan ten opsigte van die syfer R76 418 565 soos vervat in die D-verslag, wat vereis word uit hoofde van Van Niekerk se getuienis soos hierbo genoem, dan volg dit dat die bedrag van R69 918 565 beskou moet word as die wedersyds ooreengekome beraamde kontrakswaarde waarvolgens die eiser se vergoeding vir die D-verslag bereken moet word.

In die resultaat is die berekening soos volg. Die totale gelde volgens klousule 1.4 van Deel I van die Skedule tot Vorm 1 is R23 100 plus 5% van R69 918 565. Dit gee h syfer van R3 519 028,30. Daarvan moet 20% bereken word, volgens klousule 5.1.2.1 van Vorm 1. Dit gee R703 805,60. Dit is die bedrag wat die Verhoorhof na my mening aan die eiser

moes toegeken het as vergoeding vir die D-verslag.

Dit volg dus dat die appèl in hierdie opsig slaag.

Ek behandel vervolgens die derde belangrike geskilpunt: die eiser se vergoeding vir die detail-ontwerp van die huisbedrading van 46 huise in Pimville, soos vervat in die H8-dokumente. Die opdrag om hierdie werk te doen is gedurende Oktober 1977 deur Du Plessis, namens die verweerder, aan Van Niekerk, namens die eiser, gegee, en die werk is afgelewer gedurende November 1977. Die eiser se saak was en is dat die opdrag tuisgebring moet word onder die eiser se latere aanstelling as raadgewende ingenieurs om die verweerder van ad hoc advies te bedien, soos vervat in die aanstellingsbrief van 28 November 1977, par (15) hierbo, voorafgegaan deur die Raadsbesluit van 17 November 1977 (par (14)), omdat die aanstelling, so word beweer, stilswyend die voorafgaande ad hoc opdragte ingesluit het. Die Verhoorregter het die eiser hierin gelyk gegee. Ek het bedenkinge oor die korrektheid van

hierdie benadering, aangesien daar geen getuienis was dat dit al in Oktober 1977 beoog was dat daar so 'n latere algemene aanstelling sou kom nie. Die punt is egter nie van enige wesenlike belang nie, want die vraag wat ondersoek moet word, is steeds op watter grondslag van vergoeding die opdrag gegee was, of dit nou gedek is deur die latere aanstelling of nie.

Die eiser se saak is dat die opdrag 'n stilswyende bepaling bevat het dat die eiser vir sy werk vergoed sou word "ooreenkomstig die toepaslike tariewe vervat in Vorm 1 van die Modelooreenkoms". In hierdie geval, omdat die werk detailontwerp behels het wat in fase 3 van Vorm 1 val, beroep die eiser hom op klousules 5.1.2.2 en 5.1.3.2 (c) van Vorm 1 vir 'n eis van 70% van die totale gelde vir die huidbedradings-aspek van die projek. Dit pas hy toe op al die huise in Groter Soweto wat nog nie bedraad was nie, op grond daarvan dat die H8-dokumente ooreenkomstig sy opdrag so opgestel is dat hulle met geringe aanpassings op al die

ander huise toegepas sou kon word. Op dié manier kom hy uit by 'n eis onder hierdie hoof van R327 352,24. Dit maak voorsiening vir 'n krediet ten opsigte van die huisbedradingsaspek van die D-verslag, waarvoor hy reeds 30% geëis het. Sonder sodanige krediet sou sy eis vir al die werk in verband met huisbedrading, d w s in die D-verslag tesame met die H8-dokumente, 'n bedrag van R572 876 beloop het.

Aan die hand van die voorgaande gegewens is my beskouing dat daar vir die eiser onoorkomelike probleme in die weg lê met betrekking tot sy beweerde stilswyende bepaling. Om mee te begin, kom dit my voor dat Vorm 1 nie voorsiening maak vir die deelbaarheid van 'n projek binne die omvang van gedeeltelike funksies in enige afsonderlike fase nie. Fase 3 werk kan afsonderlik gehanteer word as 'n gedeeltelike funksie, maar binne die bestek daarvan is daar nie ruimte vir 'n berekening van vergoeding ten opsigte van slegs 'n onderafdeling van die projek nie - soos 46

huise uit bykans 80 000. Dit is so, omdat die totale gelde in die Skedule slegs berekenbaar is met verwysing na die geheel van die kontrakswaarde ("total value of the Works"). Dit kom dus hierop neer, dat die eiser in die formulering van sy stilswyende bepaling van die opdrag verder sal moet gaan om sy eis te regverdig, want hy eis nie slegs ten opsigte van die kontrakswaarde van die bedrading van 46 huise nie (dit is duidelik dat vergoeding op daardie basis n onbenulligheid sal wees). Hy sal moet sê dat die stilswyende bepaling was dat hy vergoed sou word volgens die toepaslike tariewe van Vorm 1 ten opsigte van die kontrakswaarde van huisbedrading vir die hele projek. n Mens hoef dit net so te stel om te besef dat die stilswyende term geen bestaansreg het nie. Dit blyk uit die getuienis van Van Niekerk en die eiser se werknemers dat die taak om die H8-dokumente voor te berei, van betreklik geringe omvang was. Van Niekerk se skatting was dat dit ongeveer 3 weke se werk vereis

het, waarvan hy self maar net 8 tot 10 uur bygedra het, terwyl die persone wat eintlik by die werk betrokke was, Dijkstra en De Fin, se skatting was dat dit hulle ongeveer 'n week tot 'n week en 'n half besig gehou het. Dit is eenvoudig ondenkbaar dat Du Plessis of die verweerder stilswyend vir werk van daardie omvang 'n aanspreeklikheid van omtrent R327 000 sou aanvaar het. Die eiser het heelwat deskundige getuienis aangebied van hoe maklik dit sou wees om die ontwerp in die H8-dokumente aan te pas en te gebruik vir ander huise in die gebied. Dit help hom nie. Al was die opdrag om 'n aanpasbare ontwerp te doen, was dit nog steeds, soos tereg bevind is deur die Verhoorregter, 'n opdrag om die detailontwerp te doen vir 46 51/9 huise en niks meer nie. Die aanpasbaarheidskenmerk kan nie die stilswyende term regverdig waarop die eiser hom moet beroep nie. Van Niekerk was in sy getuienis uiteindelik genoodsaak om toe te gee dat 'n aftrekking van die bedrag van sy eis toegelaat moes word uit hoofde van

die sogenaamde "repetisiefaktor", en het toe 'n vermindering van 25% voorgestel. Ook dit kan die eiser nie help nie. Soos die Verhoorregter tereg opgemerk het, was dit 'n bloot arbitrêre syfer wat geen verband hou met die werklikheid nie.

My gevolgtrekking is derhalwe dat die eiser nie 'n stilswyende bepaling van die opdrag bewys het wat hom geregtig maak op die vergoeding wat hy eis ten opsigte van die H8-dokumente nie. Anders as met die verbredingsooreenkoms van 28 Julie 1977, was daar ten tyde van die huisbedradingsopdrag van Oktober 1977 geen bespreking tussen die partye wat mens kan lei na Vorm 1 toe nie, en daarsonder kan 'n mens nie Vorm 1 aanwend om 'n vergoedingsgrondslag vir die werk te verkry nie. Dat daar niks gepraat is oor die vergoeding vir die werk nie, beteken natuurlik nie dat die eiser dit gratis sou doen nie. Gewoonlik, in sulke omstandighede, sou daar 'n stilswyende veronderstelling wees dat die gebruikelike of 'n redelike vergoeding vir die werk

betaal sou word. Van 'n gebruiklike vergoeding is daar hier egter nie sprake nie, vanweë die buitengewone aard van die opdrag wat saamhang met die wanverhouding tussen die omvang van die werk en die waarde van die resultaat daarvan vir die verweerder. As die eiser 'n stilswyende term met verwysing na 'n redelike vergoeding beweer het en getuienis oor 'n redelike vergoeding aangebied het, sou die saak bes moontlik vir hom anders verloop het. Maar hy het dit nie beweer nie en vergoeding op daardie grondslag is nie in die getuienis uitgepluis nie.

In aansluiting by die voorgaande opmerking moet daar gemeld word dat die eiser se advokaat in sy betoog voor hierdie Hof aan die hand gedoen het dat daar tog gegewens in die getuienis voorkom wat 'n berekening van vergoeding moontlik maak op 'n grondslag van redelikheid. Hierdie betoog kan nie aanvaar word nie. In werklikheid is daar staatgemaak op 'n enkele vraag en antwoord in die loop van die kruisondervraging

van Van Niekerk, wat soos volg lui:

"..... volgens die gegewens wat ons het, verteenwoordig die 51/9 huise, 3,3% van die totale aantal huise in Soweto. Maak die ordesyfer vir u sin? ---Ja die syfer maak sin, maar ek sal graag net wil byvoeg dat die verweerder destyds vir my gesê het dit is die norm waarvolgens hulle huise in die toekoms gaan bou in die nuwe dele ....."

Op grond van hierdie stukkie getuienis is daar n berekening gemaak van die kontrakswaarde van 3,3% van die getal huise genoem in die D-verslag en die koste van die huisbedrading daarvan, en met n basis van 40% van die totale vergoeding volgens die toepaslike skaal in die Skedule tot Vorm 1, is n syfer van net oor R14 000 bereik. Na my mening regverdig die aangehaalde getuienis hoegenaamd nie n toekenning van vergoeding op sterkte van so n berekening nie. Daar is geen getuienis in die oorkonde te vind wat die gestelde syfer van 3,3% enigsins staaf nie. Die blote stelling daarvan in kruisondervraging is uit die lug gegryp en regverdig sekerlik nie n feitlike bevinding ten opsigte van die korrektheid daarvan nie. En die

blote instemming, verder, van die getuie dat die "ordesyfer" vir hom "sin" maak, bewys niks. Bowendien het die vraesteller verwys na Soweto, terwyl die syfers in die D-verslag betrekking het op Groter Soweto. In der waarheid is die stukkie getuienis so vaag en bespiegelend dat dit nie bruikbaar is vir die doel waarvoor gepoog is om dit aan te wend nie.

Die Verhoorregter het aan die eiser R2 449,20 toegeken as vergoeding vir die H8-dokumente, soos vroeër geblyk het. Sy beredenering was, kortliks opgesom, soos volg. Alhoewel die eiser in beginsel geregtig was op vergoeding op 'n persentasiebasis vir die fase 3 werk, volgens Vorm 1, het Van Niekerk toegegee dat 'n toelating gemaak moet word vir die "repetisiefaktor", maar daar was nie behoorlike bewys van wat die toelating moet beloop nie. Gevolglik kon die vergoeding nie op daardie grondslag bereken word nie. Aan die ander kant, het die verweerder in sy pleit, gekoppel aan sy ontkenning van die stilswyende

bepaling wat die eiser aangevoer het, self beweer dat die eiser vir die betrokke werk geregtig sou wees slegs op vergoeding op 'n tydsbasis. Die eiser is ten minste op sodanige vergoeding, geregtig volgens die Verhoorregter, en die verweerder kon nie benadeel word deur 'n toekenning op daardie basis nie. Aan die hand van De Fin se skatting van 'n week tot 'n week en 'n half se werk, het die Verhoorregter aanvaar dat lede van die eiser se personeel  $6\frac{1}{2}$  dae gewerk het aan die H8-dokumente. (Niks is toegelaat vir Van Niekerk se eie beweerde bydrae nie - hoekom nie, is nie verduidelik nie.) Die Verhoorregter het toe sy eie berekening gemaak, met behulp van die beskikbare syfers ten opsigte van die salarisse van die betrokke werknemers (wat voorgelê was in verband met 'n tydsbasis-berekening vir die D-verslag), ooreenkomstig die formule van Deel IV van die Skedule tot Vorm 1. So het hy uitgekóm by R2 449,20.

Mnr Burger, namens die respondent, het begrip

uitgespreek vir die versoeking om hierdie betreklik klein bedrag van vergoeding maar onaangeraak ten gunste van die eiser te laat bly staan, maar hy het nogtans aangevoer dat dit verkeerd sou wees om dit te doen, omdat die grondslag van die Verhoorregter se berekening nie as 'n geskilpunt in die saak behandel was nie en die betrokke gegewens gevolglik nie behoorlik in die getuienis uitgepluis was nie. Mnr Burger het daarin geslaag om my te oortuig dat ons inderdaad nie behoort te swig voor die versoeking wat hy genoem het nie. Van Niekerk se skatting van ongeveer 3 weke se werk was opsigtelik skaars meer as 'n raaiskoot. Dijkstra se skatting van 'n week tot 'n week en 'n half het heel terloops as 'n vaagheid tydens kruisondervraging vorendag gekom. De Fin se skatting van dieselfde tyd, waarop die Verhoorregter se berekening gebaseer was, blyk uit sy getuienis te berus op 'n uiters vae en onbetroubare herinnering. Namens die eiser is daar in die Hof a quo nie eens 'n poging aangewend om enige

berekening van vergoeding op 'n tydsbasis vir die H8-dokumente voor te lê nie (in teenstelling met die klomp getuienis en die berekening wat voorgelê is met betrekking tot 'n tydsbasis-vergoeding vir die D-verslag). Alle aanduidings is dat die verweerder nie verwag het of moes verwag het dat vergoeding vir die H8-dokumente op 'n tydsbasis deur die Hof a quo oorweeg sou word nie en dat die verweerder se saak gevolglik nie gevoer is met die oog op so 'n moontlikheid nie. In die omstandighede kan hierdie Hof allermens oortuigend wees daarvan dat die betrokke gegewens namens die verweerder behoorlik in die getuienis ondersoek is, en aangesien die eiser se saak nie op hierdie grondslag gevoer is nie, sou dit onbillik teenoor die respondent wees om die toekenning van die bedrag van R2 449,20 staande te laat bly.

My gevolgtrekking is dat die eiser nie daarin geslaag het om in sy pleitstukke of in die getuienis 'n voldoende grondslag te lê vir 'n berekening van die

quantum van enige vergoeding waarop hy geregtig is ten opsigte van die H8-dokumente nie. Die Verhoorregter se toekenning van R2 449,20 in hierdie opsig moet dus wegval.

Die drie belangrikste geskilpunte is nou afgehandel. Wat oorbly vir bespreking kan kortliks afgehandel word.

Vroeër het ek gemeld dat die eiser naas sy hoofeis ook alternatiewe eise ingestel het. Daar is twee. Die eerste was gebaseer op die eiser se aanstelling as die verweerder se raadgewende ingenieurs vir die uitvoering van die elektrifiseringsprojek, indien besluit sou word om so 'n projek te onderneem, soos vervat in Stander se brief aan die eiser van 28 November 1978, par (26) hierbo, en die eiser se aanvaarding van die aanstelling op 14 Desember 1978 (par (27)). Die Verhoorregter het hierdie eis verwerp, in kern op grond van sy bevinding dat die aanstelling op die toekoms betrekking gehad het en nie bedoel was om van toe-

passing te wees op die reeds afgehandelde werk waarvoor die eiser vergoeding geëis het nie. Die bevinding is onaanvegbaar. Die eiser se advokaat het in hierdie Hof wyslik te kenne gegee dat hy nie op hierdie alternatiewe eisorsaak staatmaak nie. Daar hoef dus niks meer daaroor gesê te word nie.

Die tweede alternatiewe eis was gebaseer op h beweerde erkenning van aanspreeklikheid deur die verweerder vir die betaling van h bedrag van R869 498,28 aan die eiser, soos vervat in Stander se antwoord van 19 September 1979, par (40) hierbo, op die eiser se interim rekening van 23 Augustus 1979 (par (37)). Hierdie alternatiewe eisorsaak is eers gedurende Februarie 1984 deur middel van h wysiging in die eiser se besonderhede van vordering ingevoeg. Die verweerder het daarop sy pleit gewysig, onder meer deur die verweer te opper dat enige eis op hierdie skuldoorzaak alreeds verjaar het. Dit is gemeensaak dat die toepaslike tydperk van verjaring, wat vanaf September

1979 begin loop het, alreeds in Februarie 1984, toe die wysiging aangevra en verkry is, verstreke was. Die Verhoorregter het hierdie alternatiewe eis verwerp op twee gronde: eerstens, omdat Stander se brief van 19 September 1979 nie 'n ondubbelsinnige erkenning van aanspreeklikheid bevat het nie, en tweedens, in ieder geval, omdat die eis verjaar het. Ek het bedenkinge oor die korrektheid van die eerste bevinding, maar ek gaan nie daaroor uitwei nie, omdat die verweer van verjaring na my mening in ieder geval tereg gehandhaaf is. Daar is namens die eiser in hierdie Hof betoog dat die beweerde erkenning van aanspreeklikheid 'n alternatiewe eisorsaak daargestel het, wat nie die oorspronklike skuldoorsaak deur skuldvernuwing uitgewis het nie; en verder, dat die alternatiewe eisorsaak nie deur verjaring getref kon word voordat die oorspronklike skuldoorsaak verjaar het nie. Die eerste gedeelte van die betoog is korrek, maar die tweede gedeelte nie; dit is 'n non sequitur. Geen

toepaslike gesag is daarvoor aangehaal nie en na my oordeel is dit in stryd met basiese beginsels. In soverre die erkenning van aanspreeklikheid n eisorsaak daarstel, is dit n selfstandige eisorsaak wat n eie bestaan voer. Die blote feit dat dit bestaan as n alternatief tot die oorspronklike skuldoorsaak kan sekerlik nie meebring dat verjaring nie ten opsigte daarvan kan loop net omdat die oorspronklike skuldoorsaak se verjaring onderbreek is deur die instelling van n regsgeding nie. Gevolglik kan hierdie alternatiewe eis nie slaag nie.

Daar is een oorblywende aspek van die teenappèl waarna nog verwys moet word. Dit het betrekking op die Verhoorregter se weiering van die verweerder se aansoek om sy pleitstukke te wysig, soos vroeër vermeld. Die aansoek het n hele paar afsonderlike wysigings behels, maar in die betoog voor hierdie Hof het die respondent se advokaat hom op slegs twee daarvan verlaat. Die eerste het betrekking gehad op n

verweer dat die eiser se eis om vergoeding vir die D-verslag onderhewig was aan 'n stilswyende opskortende voorwaarde dat fondse vir die projek verkry sou word. Hierdie verweer is sonder die aangevraagde wysiging oorweeg en verwerp, beide in die Hof a quo en in hierdie uitspraak. Die weiering van 'n wysiging in dié opsig was dus geregverdig, want die verweer het uitsluitlik berus op Van Niekerk se getuienis, wat ten tyde van die aansoek alreeds voor die Hof a quo was. In ieder geval word hierdie wysiging getref deur dieselfde oorwegings wat geld ten opsigte van die tweede een wat geopper is, soos nou sal blyk. Die tweede wysiging was om 'n verweer te opper dat die verweerder nie bevoeg was om die verbredingsooreenkoms van 28 Julie 1977 aan te gaan nie, "aangesien gedeeltes van Groter Soweto buite die jurisdiksiegebied van die verweerder geval het". Die Verhoorhof het die wysiging geweier hoofsaaklik op twee gronde. Die eerste was wat hy genoem het "die lendelamme verskoning

vir die laat wysiging". Die beskrywing was ten volle geregverdig. Die "verskoning" was aangebied in 'n beëdigde verklaring van die verweerder se prokureur, wat so vaag was dat 'n mens nie daaruit kan agterkom waarom die verweer nooit vantevore oorweging geniet het nie; bowendien is geen verduideliking in dié verband deur enige ampsdraer van die verweerder self aangebied nie. Die tweede grond van weiering was dat die Verhoorregter hoegenaamd nie oortuig was daarvan dat die eiser nie benadeel sou word deur die wysiging op 'n wyse waarvoor hy nie vergoed sou kon word deur 'n kostebevel nie. Dit was duidelik dat die eiser se saak heropen sou moes word, en tydens die betoog in hierdie Hof het dit verder duidelik geword dat langdurige nuwe getuienis gelei sou moes word, met nuwe berekenings en ondersoeke na gelang van watter gedeeltes van Groter Soweto by die verweer betrokke sou wees (wat nie eens in die wysiging gespesifiseer is nie). Die saak het reeds baie lank geduur en die

Verhoorregter het tereg gewag gemaak van die ontwrigting van die eiser se praktyk as gevolg daarvan, en die gevolglike skade wat die eiser daardeur gely het, waarvoor h kostebevel geen afdoende vergoeding sou bied nie. Alles inaggenome, is daar nie aangetoon dat die Verhoorregter in sy benadering tot die aansoek en sy redes vir die weiering daarvan in enige opsig gefouteer het nie. Gevolglik moet die teenappèl ook in hierdie opsig misluk.

Ten slotte moet daar nou oorweeg word wat die resultaat is van die bevindings waartoe in hierdie uitspraak geraak is. Die bedrag van die vonnis wat ten gunste van die eiser toegestaan is, moet gewysig word om uiting te gee aan die bevinding dat die eiser vir die D-verslag geregtig is op vergoeding ten bedrae van R703 805,60, met inagneming van die bevinding dat die bedrag van R2 449,20 ten opsigte van die H8-dokumente nie daarby gevoeg moet word nie. Vroeër in hierdie uitspraak is daarop gewys dat die verweerder

aanspreeklikheid erken het vir sekere ad hoc opdragte ten bedrae van R15 083,93. Die bedrag van die vonnis waarop die eiser geregtig is, is dus soos volg:

|                |             |
|----------------|-------------|
| D-verslag      | R703 805,60 |
| Erkende bedrae | 15 083,93   |
|                | <hr/>       |
| Totaal         | R718 889,53 |
|                | <hr/>       |

Dit is gemeensaak dat die eiser geregtig is op rente op hierdie bedrag teen 'n vaste rentekoers van 11% per jaar vanaf datum van mora tot datum van betaling. In hierdie Hof het mnr Muller namens die eiser in sy repliek gesê dat die datum van mora 23 Augustus 1979 is, synde die datum van die eiser se interim rekening (par (37) hierbo). Ek gaan hom nie hierin gelyk gee nie. Die eiser het op 1 Oktober 1979 aan die verweerder uitstel vir betaling verleen (par (42)) en in sy besonderhede van vordering het hy uitdruklik beweer dat die uitstel verleen was tot die einde van November 1979. Alhoewel in die hoofeis rente geëis is a tempore morae sonder om 'n datum te spesifiseer, is

rente in die tweede alternatiewe eis gevorder spesifiek vanaf 1 Desember 1979. Dit is duidelik dat 1 Desember 1979 in die Hof a quo allerweë aanvaar is as die datum van mora en daarom het die Verhoorregter dit in sy bevel ook so beliggaam. Ek is nie bereid om dit nou te verander nie.

Wat die koste van die verhoor in die Hof a quo betref, is 'n spesiale bevel aangevra namens die eiser sowel as namens die respondent. Die aansoek namens die eiser was vir 'n bevel dat die koste van die verhoor op 'n grondslag soos tussen prokureur en kliënt betaal moet word. In 'n repliek op die verweerder se wysiging van sy pleit, waarin die magtiging van die betrokke persone om die verbredingsooreenkoms namens die verweerder aan te gaan, ontken is, het die eiser kennis gegee dat hy om 'n spesiale kostebevel aansoek sou doen indien die verweerder met daardie verweer sou volhard. In werklikheid is daar uiteindelik, toe die koste-aspek van die saak in die Hof a quo beredeneer

is, nagelaat om so 'n aansoek aan die Verhoorregter voor te dra. In hierdie Hof is daar betoog dat so 'n spesiale kostebevel nou verleen kan word, en behoort te word, vanweë die feit dat die verweerder, ten spyte van die genoemde kennisgewing, nie eens 'n enkele van die vier betrokke persone as 'n getuie geroep het om die verweer te probeer staaf nie, terwyl die wysiging toegestaan is juis op grond van bewerings wat hulle in beëdigde verklarings ter ondersteuning van die aansoek gemaak het. Na my mening regverdig die omstandighede egter nie die uitreiking van die aangevraagde bevel deur hierdie Hof nie. Die wyse waarop die verweerder se saak in hierdie opsig gevoer is, is sekerlik betreurenswaardig, meen ek, maar na my oordeel het dit nie so 'n graad van afkeurenswaardigheid bereik dat 'n drastiese bevel soos dié wat aangevra is aangewese is nie. Die aansoek word dus nie toegestaan nie. Die aansoek om 'n spesiale kostebevel wat namens die respondent gedoen is, het berus op 'n betoog dat 'n klomp

onnodige getuienis namens die eiser in die Hof a quo voorgelê is, met betrekking tot die betekenis en toepassing van Vorm 1, wat nou geblyk het nie ter sake te wees nie. Dit is voldoende om te sê dat ek nie saamstem met die betoog nie. Hierdie aansoek word dus ook nie toegestaan nie.

Die kostebevel van die Hof a quo het ek vroeër in hierdie uitspraak aangehaal. Vanweë die verhoging van die bedrag van die vonnis sal die kostebevel dienooreenkomstig aangepas moet word. Om moontlike misverstand te voorkom, sal ek in die formulering hieronder van die bevel wat die Verhoorhof behoort uit te gereik het, dié gedeeltes behou wat nie omstrede was nie. Ter wille van duidelikheid noem ek ook dat ek op die gebruikelike manier in die bevel wat dié van die Verhoorhof vervang, sal verwys na die partye soos hulle in die Hof a quo was, alhoewel die verweerder nie meer bestaan nie en die aanspreeklikheid nou dié van die respondent is.

Wat betref die koste van die verrigtinge in hierdie Hof, is dit duidelik dat die respondent die koste van die appèl sowel as van die teenappèl moet betaal. In laasgenoemde verband moet daar miskien net vermeld word dat die feit dat 'n bedrag van R2 449,20 wegval uit die Verhoorregter se vonnisbedrag, nie beteken dat die teenappèl enigsins suksesvol was nie, gesien die verhoging van die vonnisbedrag as gevolg van die sukses van die appèl.

Die bevel van die Hof is soos volg:

1. Die appèl word gehandhaaf en die teenappèl word afgewys.
2. Die respondent moet die appellant se koste van die appèl en die teenappèl betaal, insluitende die koste voortspruitend uit die gebruikmaking van twee advokate namens die appellant.
3. Die bevele van die Hof a quo word tersyde gestel en vervang deur die

volgende:

"(a) Vonnis word toegestaan ten gunste van die eiser teen die verweerder vir die betaling van h bedrag van R718 889,53 met rente daarop teen 11% per jaar vanaf 1 Desember 1979 tot datum van betaling.

(b) Die kostebevel is soos volg:

- (i) Elke party dra sy eie koste van die uitstel van die verhoor op 19 Oktober 1983.
- (ii) Andersins betaal die verweerder die eiser se koste van die geding, wat insluit die koste van die aansoek om absolusie.
- (iii) Die koste sluit ook in die koste van twee advokate namens die eiser.
- (iv) Die volgende persone word noodsaaklike deskundige getuies verklaar:

Mnre Van Niekerk,  
Bester, Pretorius,  
Dijkstra en Kurton.

A.S. BOTHA AR

HEFER AR

STEM SAAM

STEYN AR